# DEKONSTRUKSIE VAN BEPERKENDE NARRATIEWE IN DIE LEWE VAN INDIVIDUE

**Johannes Joachim Prinsloo de Waal**
**M.A. (Bedryfsielkunde)**

**Skripsie voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad Magister Artium in die vakgroep Sosiologie met spesialisering in Huweliks- en Gesinsvoorligting en–Beraad aan die Noordwes-Universiteit (Vaaldriehoekkampus)**

**Studieleier: Mnr. W.J.A. Luyt**

**Medestudieleier: Mnr. P.J.M. van Niekerk**

**Vanderbijlpark**
**2004**

# VOORWOORD

**AL DIE LOF EN EER AAN MY SKEPPER EN HEMELSE VADER VIR GAWES EN TALENTE WAT IN OORVLOED AAN MY GEGEE IS. EK LOOF U NAAM VIR EWIG**

Hiermee my opregte dank en waardering aan die volgende persone vir hulle betrokkenheid en hulp met die afhandeling van hierdie studie:

- My gespreksgenoot, Cecile wat my toegelaat het om te deel in haar lewenstorie.
- Mnr. Willie Luyt vir sy professionele leiding en volgehoue ondersteuning.
- My gesin vir hulle geduld en ondersteuning.
- Dr. M. Esterhuizen vir die taalversorging en bekwame leiding in die verband.
- Mev. S. Geldenhuys vir haar hulp met die tegniese versorging van die bibliografie.
- Die personeel by die Ferdinand Postma-Biblioteek (Vaaldriehoekkampus) vir hulle hulp met die soektog na toepaslike literatuur.

## ABSTRACT

This study has been approached from a narrative counseling point of view, which is a product of the postmodern discourse. Counseling within this framework represents a fundamental new shift in counseling practices. Various theories and perspectives are being discussed in this study to explain the context to the reader in which narrative theory operates. Taking the above mentioned framework into consideration the researcher enters into discussions with an individual who has experienced restrictive narratives.

Another point of departure of the researcher in this study is that the belief systems of individuals play a significant role in their lives. Narrative counseling with respect to counseling is therefore a very useful instrument in assisting people to understand how their lives are being shaped and influenced by means of their belief systems.

Within the framework of the narrative counseling perspective a series of discussions took place with the client. The purpose of these discussions was to deconstruct the client problem saturated story or restrictive narrative into an alternative story of hope, free from the restrictions of the dysfunctional belief system.



### KEY WORDS

Postmodern, constructivism, social constructivism, narrative, narrative counseling, discourse, knowledge, power, belief systems, externalisation, deconstruction

# INHOUDSOPGAWE

**HOOFSTUK 1: ORIëNTASIE TOT DIE STUDIE** ........ 1

**1.1 Inleiding** ........ 1

**1.2 Probleemstelling** ........ 1

**1.3 Doelstellings** ........ 2

1.3.1 Algemene doelstelling ........ 2

1.3.2 Spesifieke doelstellings ........ 2

**1.4 Begripsverklaring** ........ 3

1.4.1 Postmodernisme ........ 3

1.4.2 Sosiale konstruktivisme ........ 4

1.4.3 Narratief ........ 4

1.4.4 Narratiewe berading ........ 5

1.4.5 Diskoers ........ 5

1.4.6 Kennis ........ 6

1.4.7 Mag ........ 6

1.4.8 Oortuigingsraamwerk ........ 7

1.4.9 Eksternalisering ........ 8

1.4.10 Dekonstruksie ........ 9

**1.5 Metodologie en hoofstukindeling** ........ 11

1.5.1 Oriëntasie tot die navorsing ........ 11

1.5.2 Literatuurstudie ........ 11

1.5.3 Navorsingsmetodologie ........ 12

1.5.4 Narratiewe gesprek ........ 12

1.5.5 Samevatting en reflektering ........ 12

**HOOFSTUK 2: TEORETIESE ONDERBOU EN PERSPEKTIEWE** ........ 13

**2.1 Inleiding** ........ 13

**2.2 Modernisme en postmodernisme** ........ 13

2.2.1 Modernisme ........ 13

2.2.2 Postmodernisme ........ 16
**2.3 Sisteemteorie** ........ 20
2.3.1 Agtergrond, definisies en basiese konsepte ........ 21
2.3.2 Toepassing van die sisteemteorie op die studie ........ 24
**2.4 Kubernetiese paradigma** ........ 26
2.4.1 Inleiding ........ 26
2.4.2 Oriëntering en definisie van kubernetiek ........ 26
2.4.2.1 Eerste-orde-kubernetiek ........ 27
2.4.2.2 Tweede-orde-kubernetiek ........ 29
**2.5 Konstruktivisme** ........ 30
**2.6 Sosiale konstruksiediskoers** ........ 32
2.6.1 Sosiale interaksie ........ 35
2.6.2 Realiteit ........ 35
2.6.3 Taal ........ 38
2.6.4 Kennis ........ 40
2.6.5 Historiese en kulturele agtergrond ........ 42
**2.7 Konteks** ........ 44
**2.8 Narratiewe paradigma** ........ 47
2.8.1 Narratiewe as lewensverhale ........ 47
2.8.2 Narratiewe berading ........ 51
**2.9 Samevatting** ........ 55

**HOOFSTUK 3: OORTUIGINGS** ........ 56
**3.1 Inleiding** ........ 56
**3.2 Oortuigings** ........ 56
3.2.1 Oriëntering en definisie van die begrip *oortuigings* ........ 57
3.2.2 Oortuigings as lense waardeur ons na die wêreld kyk ........ 60
3.2.2.1 Lens van sosiologie ........ 61
3.2.2.2 Lens van filosofie ........ 62
3.2.2.3 Lens van antropologie ........ 63
3.2.2.4 Lens van psigologie ........ 64
3.2.2.5 Lens van spiritualiteit/godsdiens ........ 67

3.2.2.6 Lens van familieterapie ............ 67
3.2.2.7 Lens van biologie ............ 68
**3.3 Kernoortuigings** ............ 69
**3.4 Samevatting** ............ 71

**HOOFSTUK 4: NAVORSINGSMETODE** ............ 72
**4.1 Inleiding** ............ 72
**4.2 Oriëntasie tot die navorsing** ............ 72
4.2.1 Modernistiese epistemologie ............ 73
4.2.2 Postmodernistiese epistemologie ............ 75
**4.3 Kwalitatiewe navorsing** ............ 77
**4.4 Enkelgeval-studiemetode** ............ 82
**4.5 Beradingskonteks** ............ 84
**4.6 Samevatting** ............ 85

**HOOFSTUK 5: NARRATIEWE GESPREK** ............ 86
**5.1 Inleiding** ............ 86
**5.2 Agtergrond** ............ 87
5.2.1 Aanmeldingsprobleem ............ 87
5.2.2 Agtergrond van die kliënt ............ 88
**5.3 Gespreksessies** ............ 91
5.3.1 Gespreksessie een ............ 91
5.3.1.1 Reflektering ............ 94
5.3.2 Gespreksessie twee ............ 95
5.3.2.1 Reflektering ............ 99
5.3.3 Gespreksessie drie ............ 101
5.3.3.1 Reflektering ............ 107
5.3.4 Gespreksessie vier ............ 108
5.3.4.1 Reflektering ............ 113
5.3.5 Gespreksessie vyf ............ 114
5.3.5.1 Reflektering ............ 119

5.3.6 Gespreksessie ses ........................................................ 120
5.3.6.1 Reflektering ........................................................ 124
**5.4 Samevatting** ........................................................ 125

**HOOFSTUK 6: SAMEVATTING EN VOORUITSKOUING** ........... 126
**6.1 Inleiding** ........................................................ 126
**6.2 Oorsig oor die studie** ........................................................ 126
**6.3 Narratiewe gesprek met die kliënt en verrekening van doelwitte** ........................................................ 128
**6.4 Slotopmerkings** ........................................................ 133

**LYS VAN FIGURE**

Figuur 5.1 Genogram ........................................................ 89

**LYS VAN TABELLE**

Tabel 2.1 Verskil tussen modernisme en postmodernisme ......... 19

**BIBLIOGRAFIE** ........................................................ 135

# HOOFSTUK 1

# ORIëNTASIE TOT DIE STUDIE

## 1.1 INLEIDING

Mense word gebore en hulle lewens speel af in stories. Teen dié agtergrond wys Freedman en Combs (1996:32) en Macready (1997:130) daarop dat mense deur middel van stories sin van hulle lewens maak en betekenis daaruit verkry - beide die kulturele narratiewe (stories) waarin hulle gebore word en hulle persoonlike narratiewe wat hulle in relasie met hulle kulturele narratiewe konstrueer. White en Epston (1990:9) definieer in aansluiting hierby die konstruk *narratief* as "a unit of meaning that provides a frame for lived experience".

Dit is duidelik dat mense se lewens verbind is aan stories en betekenis uit lewensverhale (stories) verkry word.

## 1.2 PROBLEEMSTELLING

Om betekenis vir ons lewens te verkry, word stories geskep. Stories word opgemaak uit ons ervarings en word weer in taal meegedeel. Probleme wat mense ervaar, bestaan in taal (Freedman & Combs, 1996:27) en net so ook die beperkende narratiewe (stories) waarmee mense daagliks gekonfronteer word of wat mense vir hulleself geskep het.

Ongeag of die storie positief of negatief ervaar word (afhangende van die betekenis wat mense daaraan gee), speel dit 'n belangrike rol in mense se lewens. Volgens die interpretasie van stories rig mense hulle lewens en

skep mense hulle werklikhede. Freeman en Lobovitz (1997:2) stel dit soos volg: "Our choices are shaped largely by the meanings we attribute to events and to the options we are considering." Hierdie sogenaamde werklikhede oftewel betekenisse het weer 'n mag oor mense se lewens.

Binne die bogenoemde raamwerk wil die navorser bepaalde beperkende narratiewe van mense ondersoek. Die navorser is bewus daarvan dat individue se stories nie noodwendig negatief ervaar word of disfunksioneel in hulle lewens is nie. Uit 'n postmodernistiese raamwerk word elke individu se storie/narratief gerespekteer. In die studie sal dus gefokus word op die dekonstruksie van beperkende narratiewe wat deur 'n individu ervaar word en vir hierdie individu onaanvaarbaar is. Deur middel van narratiewe berading sal daar gepoog word om die diskoerse te dekonstrueer/verander na meer aanvaarbare alternatiewe.

## 1.3 DOELSTELLINGS

### 1.3.1 ALGEMENE DOELSTELLING

Om binne die raamwerk van die postmodernisme 'n bepaalde beperkende narratief te ondersoek met die doel om saam met die kliënt alternatiewe te ondersoek.

### 1.3.2 SPESIFIEKE DOELSTELLINGS

Om in gesprek te tree met 'n individu in wie se lewe 'n beperkende narratief 'n rol speel en sodoende na sy/haar unieke storie te luister.

Om ondersoek in te stel na die manier waarop die beperkende narratief 'n invloed in die lewe van 'n individu het.

Om saam met die kliënt ondersoek in te stel na sy/haar oortuigingsraamwerk/oortuigingsisteme wat die beperkende narratief ondersteun.

Om saam met die kliënt beperkende oortuigings te dekonstrueer en sodoende sy/haar siening daarvan te verander.

Om deur middel van narratiewe berading geïdentifiseerde beperkende narratiewe te ondersoek, dit te dekonstrueer en alternatiewe saam met die kliënt te ondersoek.

## 1.4 BEGRIPSVERKLARING

### 1.4.1 POSTMODERNISME

Binne die postmodernisme word aanvaar dat ons in 'n pluralistiese wêreld leef waarin elkeen se tradisie en siening gerespekteer word. In teenstelling met die modernisme dui die postmodernisme daarop dat daar nie net een enkele waarheid of siening ten opsigte van 'n saak is nie, maar 'n verskeidenheid waarhede of sienings. Anderson (1991:27) sluit hierby aan as hy daarop wys dat die modernistiese siening is dat kennis objektief en vas is, in teenstelling met die postmodernistiese siening dat kennis sosiaal gekonstrueer is en dat die verkryging van kennis interafhanklik van die konteks, kultuur, taal, ondervinding en begrip van die gebruikers is.

### 1.4.2 SOSIALE KONSTRUKTIVISME

Freedman en Combs (1996:1) wys daarop dat die sosiale konstruksiediskoers ondersoek instel na die wyse waarop 'n persoon se interpersoonlike realiteit deur middel van interaksie met ander mense gekonstrueer word. Dit ondersoek verder ook die invloed wat die sosiale realiteit op die betekenis van mense se lewens het.

Dit blyk dus uit die sosiale konstruksiediskoers dat die realiteit (kennis) deur die samelewing gekonstrueer word en daar meer klem gelê word op 'n sosiale interpretasie van taal, familie en kultuur, en op die betekenis wat voortspruit as gevolg van die interaksie tussen mense.

### 1.4.3 NARRATIEF

Narratiewe (stories) kan gesien word as maniere wat mense gebruik om betekenis wat aan ondervindings geheg word, te organiseer en daaraan uitdrukking te gee, asook hoe hulle gebeure in hulle lewens interpreteer (Cheung, 1997:335). Zimmerman en Dickerson (1994:234-235) wys daarop dat dit belangrik is om te verstaan dat geen enkele storie die volle omvang van 'n persoon se ondervindings kan insluit nie. Daar is dus altyd ondervindings wat buite die dominante storie lê, wat met ander woorde nie pas nie, of waaruit die persoon nie betekenis kan verkry nie. In die ontwikkeling van die stories sal mense dus poog om verskillende lewensgebeurtenisse te koppel om sodoende betekenis vir hulle daaruit te skep.

### 1.4.4 NARRATIEWE BERADING

Narratiewe berading is gebaseer op onder andere die teorieë van die postmodernisme en die sosiale konstruksiediskoers. Beide die teorieë sien kennis as 'n sosiaal gekonstrueerde entiteit.

Narratiewe berading is 'n proses waar beide die terapeut en die kliënt saam alternatiewe eksploreer. Dominante stories word dus gesamentlik deur die kliënt en die berader gedekonstrueer en getransformeer tot alternatiewe stories. Narratiewe terapie behels in die voorgaande verband die hervertel en herlewing van stories. Zimmerman en Dickerson (1994:235) stel die saak soos volg: "As people retell their stories in therapy, they often notice that they have already experienced participating in an alternative story." Narratiewe berading het dus ten doel om saam met die kliënt wat as die kenner van sy eie storie gesien word alternatiewe stories na vore te bring wat nie die problem ondersteun nie.

### 1.4.5 DISKOERS

Lowe (1991:45) beskryf die begrip *diskoers* soos volg: "It is used to indicate a public process of conversation through which meanings are constituted. It refers to systematic and institutionalised ways of speaking, writing or otherwise making sense through the use of language." Monk en Winslade (1996:35) beskryf 'n diskoers as 'n stel van min of meer samehorige stories of uitlatings omtrent hoe die wêreld behoort te wees. Die navorser lei uit hierdie definisie af dat 'n diskoers dus 'n gedeelde siening behels van 'n sogenaamde waarheid wat tussen mense bestaan.

In aansluiting by die bogenoemde outeurs beskryf Hare-Mustin (1994:19) 'n diskoers as "a system of statements, practices and institutional structures that share common values". Diskoerse onderhou hiervolgens spesifieke sienings wat uitwys hoe mense 'n gedeelde siening behou, daaroor praat en daarop reageer om juis die heersende diskoerse te onderhou.

### 1.4.6 KENNIS

Binne die sosiaal konstruktivistiese paradigma (wat later in hoofstuk twee in afdeling 2.6. in meer besonderhede aandag sal kry) verkry mense kennis deur interaksie met mekaar. Freedman en Combs (1996:29) beskryf kennis as dit wat verteenwoordig word in linguistiese voorstellings. Kennis is dus nie iets wat mense bloot in hulle verstand het nie, maar word gegenereer deur wat hulle saam doen. Kennis is dus "the performative use of language in human affairs" (Freedman & Combs, 1996:29). Die navorser maak dus die afleiding dat kennis binne die sosiaal konstruktivistiese paradigma deur middel van sosiale interaksie tussen mense tot stand kom en dat die sosiale dialoog die betekenis bepaal wat ons aan gebeure heg.

### 1.4.7 MAG

White en Epston (1990:18) wys daarop dat die dominante storie/stories in mense se lewens tot bepaalde kennis lei, maar ook dat die storie 'n bepaalde mag oor die persoon het. Die voorgenoemde skrywers wys verder daarop dat die mag wat teenwoordig is in 'n persoon se lewe negatief kan wees, in dié sin dat dit die persoon kan beperk, benadeel en

selfs dinge laat ontken. Maar dit kan egter ook positief wees, daarin dat dit samestellend of konstituerend kan wees sodat dit 'n betrokkene se lewe in iets nuuts omvorm. In hierdie siening van die samestellende effek van mag is kennis en mag dus onskeibaar. Volgens White en Epston (1990:19) is die domein van kennis ook 'n domein van mag, en die domein van mag op sy beurt 'n domein van kennis.

### 1.4.8 OORTUIGINGSRAAMWERK

Oortuigings behels mense se persepsies van hulle realiteite. Hierdie realiteite word geskep deur die gevolgtrekkings wat hulle maak op grond van hulle ondervindings of versamelde informasie. Oortuigings word dus gevorm en verander deur middel van mense se interpretasies in hulle interaksie met ander en met hulleself, binne die konteks waarin hulle leef. Oortuigings kan op 'n bewuste of 'n onbewuste vlak voorkom (Aldisert, 2000:1).

Voorts kan oortuigings ook beskou word as die lense waardeur ons na die wêreld kyk. Ons leer iets meer van ons eie en ander mense se oortuigings deur middel van die stories wat ons vir onsself en ander vertel. Oortuigings bestaan verder in kognisie, gevoel en gedrag (Wright *et al.*, 1996:19).

Oortuigings het die vermoë om ongelooflike mag oor mense se lewens uit te oefen, daarom het beperkende oortuigings die vermoë om mense te verhinder of te beperk in die bereiking van dit waartoe hulle in staat is (Veenman & Eichhorst 2000:32-33).

### 1.4.9 EKSTERNALISERING

In die narratiewe beradingskonteks is die kliënt nooit die probleem nie, maar die probléém is die probleem (Freeman & Lobovits, 1997:2). Dit is daarom nodig vir beide die terapeut en die kliënt om die probleem "buite" die persoon te plaas. Eksternalisering is een van die tegnieke wat die voorgenoemde ondersteun, en dit is volgens Freedman en Combs (1996:47) veral as deel van die narratiewe beradingstegniek as 'n houdingsingesteldheid van groot belang. Om 'n eksternaliseringshouding te hê, is nie om op wie of wat die probleem veroorsaak of is te fokus nie, maar eerder om na oplossings te soek waarvolgens die persoon se lewe van die probleem geskei kan word.

White en Epston (1990:38) asook Wright *et al.* (1996:207) verwys na eksternalisering as 'n benadering wat mense motiveer om die probleem te personifieer of objektiveer en dit het die gevolg dat die probleem gesien word as 'n afsonderlike entiteit buite die persoon of verhouding. In die konteks van die studie sal die probleem dus gesien word as buite die disfunksionele diskoers /beperkende narratief van die individu.

Freedman en Combs (1996:63) is verder van mening dat eksternalisering dit moontlik maak dat wanneer die probleem buite die persoon geplaas word, sodanige die verantwoordelikheid aanvaar vir hoe hy/sy daarmee in interaksie sal wees. Wanneer die probleem dus buite die persoon geplaas word, word die persoon beter gemobiliseer om die probleem te beveg en te oorkom (Goldenberg & Goldenberg, 1996:423).

Eksternalisering gee volgens White en Epston (1990:39) dus vir mense die geleentheid om hulleself, ander mense en verhoudings, in 'n perspektief wat nie probleemdeurdrenk is nie te beskryf en om sodoende

'n alternatiewe storie te ontwikkel. Vanuit die nuwe perspektief is mense in staat om "feite" aangaande hulle lewens te vind wat nie deel van hulle probleemdeurdrenkte storie is nie. Hierdie "feite" verskaf die kern vir die ontwikkeling van 'n nuwe storie.

White en Epston (1990:39) wys verder daarop dat eksternalisering as 'n beradingspraktyk onder andere die volgende voordele inhou:

- Dit verminder die onproduktiewe konflik tussen mense, insluitende die geskil oor wie vir die probleem verantwoordelik is.
- Dit verminder die gevoel van mislukking wat by baie mense ontwikkel in reaksie op die deurlopende bestaan van die probleem, afgesien van pogings om dit te probeer oplos.
- Dit baan die weg vir mense om met mekaar saam te werk, om verenig teen die probleem op te staan en om aan die invloed van die probleem op hulle lewens en verhoudings te ontsnap.
- Dit open nuwe moontlikhede vir mense om aksie te neem en sodoende hulle lewens en verhoudings van die probleem en sy invloed te skei.
- Dit bevry mense tot so 'n mate dat hulle 'n ligter, maar meer effektiewe benadering volg om ernstige probleme op te los.
- Dit verskaf geleenthede vir 'n dialoog, eerder as 'n monoloog omtrent die probleem.

### 1.4.10 DEKONSTRUKSIE

Freedman en Combs (1996:56) beskryf dekonstruksie as 'n onvermydelike neweproduk van narratiewe beraders se pogings om mense se lewenstories te verstaan. Dekonstruksie het ten doel om

kliënte uit te nooi om hulle interpretasies van hulle aannames/stories uit te daag en te herevalueer en uit 'n ander perspektief te sien, om kennis te neem van hoe die stories gekonstrueer is, die beperkings van die stories raak te sien en om te ontdek dat daar ander moontlike narratiewe/stories bestaan wat onbeperkende/onbelemmerde betekenis verteenwoordig (Freedman & Combs, 1996:57; Cardwell, 1996:74; Goldenberg & Goldenberg, 1996:421). Om te dekonstrueer beteken egter nie om te vernietig nie, maar wel om oop of los te maak. Die storie se identiteit word blootgelê/oopgemaak beide in terme van die historiese konstruksie en in terme van die impak op die kliënt se lewe (Nicholson, 1995:24). Hierdeur word dus nuwe betekenisse en realiteite geopen en word ruimte geskep om op nuwe maniere te dink.

In die proses van die "ontrafeling" van die dominante disfunksionele storie, kom mense agter dat die stories nie noodwendig is soos hulle dit ervaar het nie en dat die stories nie die essensiële waarheid verteenwoordig nie. Plek word dan gemaak vir 'n alternatiewe begrip ten opsigte van 'n bepaalde betekenis oor 'n saak (Anderson & Goolishian, in Chang & Phillips, 1993:100). Dekonstruksie het nie ten doel om vir 'n enkele waarheid of betekenis te soek nie, want alle stories (ook stories wat nuut ontdek en vertel word) het gapings, dubbelsinnighede en meervoudige betekenis, aldus Freedman en Combs (1996:46). Dekonstruksie het egter wel ten doel om 'n analise te maak van die gapings, teenstrydighede en magsverhoudings wat in diskoerse voorkom en om stories vanuit verskillende perspektiewe te sien (Freedman & Combs, 1996:120).

Dekonstruksie vereis van die berader om noukeurig te luister ter identifisering van gapings en dubbelsinnighede, asook van geleenthede vir verandering, tot so 'n mate dat daar geleenthede geskep word waar

mense aspekte van hulle lewens raaksien en sodoende alternatiewe stories daaruit aflei en vertel (Freedman & Combs, 1996:46; Marvel *et al.*, 2000:3).

## 1.5 METODOLOGIE EN HOOFSTUKINDELING

### 1.5.1 ORIëNTASIE TOT DIE NAVORSING

In die eerste hoofstuk is die leser georiënteer ten opsigte van die probleemstelling, algemene doelstelling en spesifieke doelstellings van die ondersoek. As voorloper vir die teoretiese onderbou van die studie is die belangrikste begrippe wat deurgaans in die studie gebruik word, omskryf.

### 1.5.2 LITERATUURSTUDIE

Hoofstukke twee en drie vorm die literatuurstudie van die ondersoek. In hoofstuk twee word die studie se teoretiese onderbou en die perspektiewe daarvan deur die navorser ondersoek en belig. Aspekte soos die modernistiese en die postmodernistiese siening, die sisteemteorie, die kubernetiese paradigma, asook die konstruktivisme en die sosiale konstruktivisme kry onder meer aandag. Laastens word aandag gegee aan die belangrikheid van die konteks waarbinne mense se stories afspeel asook aan die narratiewe paradigma as 'n beradingstegniek. Hoofstuk drie gee 'n oorsig van die begrip *oortuigingsisteme*, met spesiale verwysing na die begrip kernoortuigings. Die impak van die oortuigingsisteme op beperkende narratiewe word ook aan die leser voorgehou.

### 1.5.3 NAVORSINGSMETODOLOGIE

In hoofstuk vier word die navorsingsmetodologie bespreek. Die leser word georiënteer ten opsigte van die modernistiese sowel as die postmodernistiese epistemologie. Die kwalitatiewe navorsingsmetode wat deur die navorser gebruik sal word, sowel as die enkelgeval-studiemetode word beskryf.

### 1.5.4 NARRATIEWE GESPREK

In hoofstuk vyf word die narratiewe gesprek met die kliënt weergegee. Daar sal gepoog word om aan die leser duidelik te maak hoe beperkende narratiewe gedekonstrueer is en hoe alternatiewe saam met die kliënt ondersoek is.

### 1.5.5 SAMEVATTING EN REFLEKTERING

'n Samevatting van die studie en reflektering op die gevallestudie word in hoofstuk ses voorsien. In die slothoofstuk sal die navorser poog om die navorsingsproses op die bepaalde gevallestudie te verreken en aan die leser voor te hou. Moontlikhede wat nog ontgin kan word, sowel as enkele verdere navorsingsgeleenthede sal ook vermeld word.

# HOOFSTUK 2

# TEORETIESE ONDERBOU EN PERSPEKTIEWE

## 2.1 INLEIDING

In die vorige hoofstuk is aandag gegee aan die probleemstelling en doelstellings van die studie. Belangrike sleutelbegrippe is omskryf, terwyl die metodologie en hoofstukindeling ook aan die leser voorgehou is.

Hoofstuk twee het ten doel om die relevante teoretiese onderbou en perspektiewe wat die studie ondersteun aan die leser bekend te stel. Die modernisme, postmodernisme, sisteemteorie, kubernetiese paradigma, konstruktivisme, sosiale konstruktivisme, konteks en die narratiewe paradigma kom onder andere onder die soeklig.

Die navorser sal deurgaans aantoon hoe die verskillende teorieë by mekaar aansluiting vind en hoe dit by die doelstellings van die studie inpas, naamlik om binne die postmoderne raamwerk, beperkende narratiewe te ondersoek en te dekonstrueer.

## 2.2 MODERNISME EN POSTMODERNISME

### 2.2.1 MODERNISME

Ten einde die konsep *postmodernisme* beter te verstaan, word die konsep *modernisme* kortliks aan die leser bekend gestel. McNamee (1996:117) wys daarop dat die modernisme sy verskyning aan die begin van die twintigste eeu gemaak het. Dit was die tydperk van die rede en 'n soeke

na universele wetenskaplike waarhede het alle kennis gedomineer, aldus Monk *et al.* (1997:304). Volgens Anderson (1997:29) verwys die modernisme na 'n filosofiese Westerse tradisie, na 'n era, en 'n diskoers wat die mens as middelpunt van die heelal sien. Dit verwys ook na die kulturele konsepte van objektiwiteit, sekerheid, waarheid en dit sluit rangorde in.

Hevern (1998:1) beskryf die grondbeginsels van die modernisme soos volg: "That human beings could understand the world through objective, scientific knowledge which would reveal the world as it really exists and that such knowledge would lead to a rationally-grounded future of abundance, justice and universal peace."

Binne die modernistiese denkraamwerk bestaan daar 'n duidelike onderskeid tussen die objektiewe en die subjektiewe wêreld, en taal word as 'n skakel tussen hierdie twee wêrelde gesien (Freedman & Combs, 1996:28).

Skrywers soos Anderson (1991:27), Pocock (1995:4), Anderson (1997:31) en Doan (1997:129) wys daarop dat kennis volgens die modernisme "objektief en vas" is. Kennis en dié wat oor kennis beskik, is onafhanklik van mekaar, terwyl kennis en die waarheid ook in 'n hiërargiese orde funksioneer en daar staatgemaak kan word op universele waarhede en objektiewe realiteite. Die modernisme het verder ten doel om objekte in dimensies en faktore te verdeel met die doel om te analiseer en algemeen geldende wette toe te pas, aldus Richards en Bergin (1997:320).

Watkins en Mohr (2001:26) wys verder daarop dat mense binne die modernistiese denkraamwerk 'n oordeel gevel het op grond van "objektiewe wetenskaplike kennis" aangaande wat eg en wat waar was.

Die soeke na waarheid het tot die oortuiging gelei dat daar onderliggende reëls en strukture bestaan wat die "regte manier van hoe om dinge te doen" gedefinieer het. Dié sogenaamde "regte manier" kon dus ontdek word.

Verdere gedagtes oor die modernisme word soos volg deur Van Heerden (2001) saamgevat:

- 'n Skeiding tussen die subjek en objek vind binne die modernistiese diskoers plaas; om kennis te bekom, moet jy jouself van die objek distansieer.
- Feite is 'n ware kopie van die werklikheid.
- Die waarheid is enkelvoudig; daar is een regte antwoord.
- Kennis word gesistematiseer.
- Observeerders is neutraal.
- Universele wette word toegepas.

Kritiek vanuit 'n beradingsoogpunt ten opsigte van die modernisme is egter baie duidelik. Parry en Doan (1994:8) sowel as Soal en Kottler (1996:124) wys byvoorbeeld daarop dat berading uit 'n modernistiese oogpunt geskoei is op die kenner wat alles weet en dat die berader die rol van die kenner inneem op die gebied van die kliënt se gedrag. Standaarde en norme word gestel waarteen die kliënt gemeet word. Anderson (1997:33) vergelyk op sy beurt psigoterapie volgens die modernistiese perspektief met tegnologie. Hiervolgens is die mens 'n masjien en die berader 'n werktuigkundige.

Freedman en Combs (1996:21) voeg ook hulle stem by die kritiek as hulle daarop wys dat die "objektiwiteit" van die modernistiese siening van die wêreld, met die gepaardgaande klem op feite, kopieerbare prosedures, en

algemeen toepasbare reëls, baie maklik die spesifieke bepaalde betekenisse ignoreer wat mense aan dinge en gebeurtenisse heg. As mense met dié soort "objektiwiteit" behandel word, word hulle bloot as objekte gesien en in 'n verhouding ingenooi waar hulle passiewe, magtelose ontvangers van ander se kennis en kundigheid is. As sodanig word mense gemarginaliseer (Van Heerden, 2001). Gergen (1992:57) sê in die verband dat "the postmodern argument is not against the various schools of therapy, only against their posture of authoritative truth".

**2.2.2 POSTMODERNISME**

Die postmodernisme het begin ontwikkel nadat verskeie dissiplines die sekerheid, metodes en gebruike van die modernisme begin bevraagteken het (Anderson, 1997:34; Doan, 1997:128). Die postmoderne beweging in die sosiale en gedragswetenskappe is verder besig om die fundamentele opvattings omtrent die realiteit, kennis en die self uit te daag (Lyddon & Weill, 1997:75). In aansluiting hierby, wys Freedman en Combs (1996:22) daarop dat die aanhangers van die modernisme neig om hulleself besig te hou met feite en reëls. Postmoderne denkers, daarenteen, is meer gemoeid met die betekenis wat mense aan bepaalde dinge en gebeure heg.

Vir Polkinghorne (1988:147-148) het die kontemporêre postmoderne epistemologie uit die dekonstruksie van die modernistiese siening van die wêreld ontstaan. Du Toit (1997:11) sluit hierby aan as hy daarop wys dat die postmodernisme daarna streef om die moderne mites en raamwerke te verwerp, en dat dit 'n siening van spontaneïteit en fragmentering is. In aansluiting hierby, wys Watkins en Mohr (2001:27) daarop dat die postmodernisme die idee van 'n onderliggende struktuur

en waarheid verwerp, en eerder die idee van meervoudige konteks gebaseerde realiteite ondersteun. Lyddon en Schreiner (2000:30) maak in die opsig die aanname dat die postmodernisme die siening van "one size fits all" transformeer na 'n kaleidoskoop van variasie wat afhang van mense se kultuur, taal en sosiale groepering.

Anderson (1997:35) wys verder daarop dat verskeie skrywers waaronder Wittgenstein (1961), Foucault (1972), Derrida (1978) en Rorty (1979) wegbeweeg het van die modernisme, omdat hulle hulleself nie meer met die beginsels van die modernisme kon vereenselwig nie. Doan (1997:129) stel dit soos volg: "The postmodern era was ushered in when it became impossible to continue to trust the major political, philosophical and religious root metaphors of our culture and the world at large, and when it became increasingly obvious that we lived more in a multi-verse than in any one account."

Anderson (1991:27) wys daarop dat die modernistiese siening dat kennis objektief en vas is, in teenstelling is met die postmodernistiese siening van kennis as sosiaal gekonstrueer, en dat die verkryging van kennis interafhanklik van die konteks, kultuur, taal, ondervinding en begrip van die gebruikers daarvan is. Die waarnemer en die objek wat waargeneem word, is onskeibaar, terwyl die aard van die betekenis wat aan verworwe kennis gekoppel word relatief is en waarneembare verskynsels konteks gebaseer is (Sexton & Griffin,1997:8).

Gergen (1991:139) verwys na die postmoderne wêreld as 'n wêreld met tallose moontlikhede wat in verskillende sosiale kontekste ontbloot word. Daarom kan ervaring nooit losgemaak word van sy konteks, of van die taal wat betekenis en rigting daaraan gee nie (Gergen, 1985:270). Omdat die postmodernisme innerlike ervarings, betekenisskepping en

veelvuldige waarhede as onderhewig aan 'n bepaalde paradigma en konteks erken, word die omvangrykheid en uniekheid van elke mens terselfdertyd erken (Lyddon & Schreiner, 2000:9).

Postmodernistiese waarhede word gesien as meervoudig, paradigmaties en gekoppel aan 'n bepaalde konteks. Op grond van die voorgaande daag die postmodernisme ons uit om die kompleksiteit en diversiteit van menslike kennis te waardeer (Neimeyer, 1998:137). Die postmodernisme maak dit dus moontlik om eerder op dialoog, veelvuldige perspektiewe en die proses te konsentreer, as op doelwitte (Lax, 1996:69).

Die postmodernistiese denkrigting het volgens Lyddon en Schreiner (2000:4) veral twee belangrike veranderings in terapie en berading tot gevolg gehad. Eerstens het dit gelei tot 'n evaluering en herinterpretasie van die bestaande metodes en denkwyses van terapie en berading. In die tweede plek het dit tot die ontwikkeling van nuwe modelle vir terapie en berading bygedra. In aansluiting by die bogenoemde, wys Doan (1997:128) na die volgende voordele van die postmodernisme, naamlik:

- dit skep die potensiaal vir meer geleenthede en minder beperkings;
- die postmoderne diskoers streef na buigsaamheid en diversiteit;
- dit skep die geleentheid dat 'n nuwe storie geskryf kan word wat op die outeur se eie persepsies, betekenisse en herinneringe gebaseer is;
- dit verwerp die invloed van onbetwisbare outoriteit en
- dit verwerp ook die siening dat die wêreld soos 'n masjien in dele opgebreek en só verstaan kan word.

Ten einde die verskille tussen die modernisme en die postmodernisme te illustreer, word dit vervolgens in Tabel 2.1 saamgevat:

**TABEL 2.1 DIE VERSKIL TUSSEN DIE MODERNE EN POSTMODERNE DISKOERS**

| MODERNE DISKOERS | POSTMODERNE DISKOERS |
|---|---|
| ➢ Kategorisering en etikettering van menslike gedrag | ➢ Menslike gedrag word in konteks beskou, gekonstrueer deur sosiale diskoerse deur middel van taal |
| ➢ Luister na die persoon se narratief met die doel om te evalueer | ➢ Luister na die persoon se narratief met die doel om dit te verstaan |
| ➢ Fisieke wetenskappe is 'n belangrike metafoor | ➢ Die geesteswetenskappe word as 'n meer bruikbare metafoor beskou |
| ➢ Veralgemenings word gehandhaaf in die beskrywing van menslike gedrag | ➢ Daar word gekyk na die invloed van die omgewing op menslike gedrag, asook die bydrae van die omgewing tot die probleem |
| ➢ Feite is belangrik | ➢ Meer geïnteresseerd in die betekenis |
| ➢ Reëls is belangrik en alle gedrag is meetbaar | ➢ Uitsonderings op die reël is ook belangrik |
| ➢ Die berader is die outeur van die nuwe verhaal | ➢ Die kliënt is die outeur van die nuwe verhaal |
| ➢ Die berader is die kundige op die gebied van menslike gedrag | ➢ Die kliënt is die kundige van sy/haar eie gedrag en lewensverhaal |
| ➢ Werk metodologies om universele waarhede te ontdek | ➢ Werk eerder in terme van diversiteit |
| ➢ Glo dat daar een universele waarheid is | ➢ Glo dat tussen al die verskillende stories daar nie een |

| | |
|---|---|
| | absolute waarheid kan wees nie |
| ➢ Fokus op die toepassing van spesifieke behandelingstrategieë | ➢ Die uniekheid van elke mens word erken |

Bron: Potgieter, R. (2000:20).

Uit die bogenoemde blyk dat die postmodernisme aanvaar dat ons in 'n pluralistiese wêreld leef waarin elkeen se tradisie en siening gerespekteer moet word. In teenstelling met die modernisme, dui die postmodernisme daarop dat daar nie net een enkele waarheid of siening ten opsigte van 'n saak bestaan nie, maar wel 'n verskeidenheid daarvan. Realiteite word afgelei uit ons betekenis wat deur middel van taal geskep is. Die postmodernisme beskou waarhede dus as veelvuldig, paradigmaties en kontekstueel en sodoende word die diversiteit van elke individu erken (Lyddon & Schreiner, 2000:9).

## 2.3 SISTEEMTEORIE

Ten einde die wisselwerking tussen die individu en sy/haar omgewing en die bepaalde konteks waarbinne die wisselwerking voorkom te verstaan, word die leser onder andere aan die sisteemteorie bekend gestel. Deur insig in die sisteemteorie te kry, sal die leser verstaan hoekom diskoerse/stories en spesifiek disfunksionele diskoerse/stories so 'n groot rol in die lewens van individue speel.

Die definisie en oorsig van die sisteemteorie, asook kernaspekte en toepassing daarvan in die studie word vervolgens aan die leser voorgehou.

### 2.3.1 AGTERGROND, DEFINISIES EN BASIESE KONSEPTE

Die algemene sisteemteorie is volgens Plug *et al.* (1993:17) en Goldenberg en Goldenberg (1996:72) in 1945 deur Ludwig von Bertalanffy ontwikkel. Dit is in wese 'n poging om die fokus te verskuif van 'n individualistiese of partikularistiese, na 'n holistiese of kontekstuele benadering, aldus Kotze (1992:31). Die sisteemteorie poog verder om te verklaar hoe organismes in ooreenstemming met hulle openheid of geslotenheid ten opsigte van hulle omgewings floreer of afsterf (Gladding, 1998:74). Volgens Kotze (1992:31) is die idees van die algemene sisteemteorie ook in die sosiale wetenskappe opgeneem en dit is veral ontwikkel en gebruik om sielkundige en psigiatriese probleme binne die konteks van die gesin en familie te hanteer.

Nichols en Everette (1986:69) definieer die algemene sisteemteorie as "a set of elements standing in interaction" en volgens French en Bell (1990:89) dui die term *sisteem* 'n stel elemente aan wat 'n identifiseerbare geheel voorstel, interafhanklik en onderling verbind is en wat in onderlinge verhouding met mekaar staan.

Hall en Fagen (1975:52) definieer 'n sisteem soos volg: "A system is a set of objects together with relationships between the objects and between their attributes."

Volgens Jordaan en Jordaan (1987:47) is 'n sisteem 'n oop hiërargiese organisasie wat op 'n interafhanklike wyse funksioneer. Die term *hiërargie* beteken die ordening van 'n aantal sake volgens 'n bepaalde beginsel.

Die genoemde definisies het dit duidelik ten doel om verskynsels/objekte binne 'n bepaalde verhouding te beskryf, asook om die belangrikheid van die interaksie en interafhanklikheid van mekaar te beklemtoon.

Vervolgens word die volgende uitgangspunte wat onderliggend aan die sisteemteorie is aan die leser voorgehou:

- Alle sisteme, lewend of nielewend, besit dieselfde algemene struktuur, alhoewel dit inhoudelik grootliks verskil.

- Sisteme word gekenmerk deur invoertransaksies of -prosesse wat in die sisteem plaasvind, en die noodsaaklikheid van terugvoer.

- Sisteme vorm van atome tot gemeenskappe 'n hiërargie van toenemende kompleksiteit. Ook in dié verband staan die verskillende sisteme in 'n bepaalde verhouding tot mekaar.

- Elke element in die sisteem word geaffekteer deur wat met 'n ander element gebeur. Verandering aan enige element/komponent beïnvloed dus die hele sisteem. Die sisteem is dus net so sterk soos sy swakste deel.

- Daar is 'n kollektiewe interaksie tussen die individuele dele van die sisteem.

- Die ingewikkelde verhouding van die dele van 'n sisteem kan nie behandel/hanteer word buite die konteks van die sisteem as geheel nie.

- 'n Liniêr oorsaaklike verband bestaan nie binne die raamwerk van die sisteemteorie nie. Wisselwerking, wederkerigheid, herhaling en gedeelde verantwoordelikheid word egter beklemtoon. "A" en "B" wat mekaar beïnvloed, bestaan in die konteks van 'n verhouding en beide dra by tot die oorsaak en gevolg van die ander se gedrag. Alleenlik as die verhouding tussen die dele verstaan word, kan die totale sisteem as 'n funksie verstaan word.

- Nog 'n belangrike kenmerk van die algemene sisteemteorie is dat die geheel meer is as die blote som van die dele waaruit dit saamgestel is. Dit is dus noodsaaklik in die bestudering van 'n verskynsel dat die individuele dele, asook die interaksie tussen die dele in ag geneem moet word binne die bepaalde konteks van die groter geheel of sisteem waarbinne dit bestaan. 'n Deel het betekenis in die lig van die relasie daarvan tot die geheel.

- Of die sisteem nou uit 'n individu of 'n familie bestaan, dit word op 'n bepaalde manier georganiseer, met grense wat min of meer oop is, afhangende van die tipe terugvoer wat die sisteem verkry.

- In die bestudering van 'n individu/gemeenskap kan daar nie net op verenigde feite gekonsentreer word nie. Die fokus moet op verhoudings en/of prosesse binne die totale sisteem wees.

- Die sisteemteorie maak verder 'n holistiese perspektief moontlik, en daarom word fokus geplaas op prosesse en die konteks wat betekenis aan gebeure gee in plaas daarvan om net op die individue of gebeure in isolasie te fokus (French & Bell, 1990:52-53; Kotze, 1992:31-35; Ritzer, 1992:378-379; Plug *et al.,* 1993:17; Becvar & Becvar, 1996: 9-11; Goldenberg & Goldenberg, 1996:72-73; Gladding, 1998:74).

### 2.3.2 TOEPASSING VAN DIE SISTEEMTEORIE OP DIE STUDIE

Volgens Lax (1996:69) is die mens nie 'n geslote entiteit nie, maar eerder 'n narratief (storie) wat ontplooi. Die lewensverhaal van die individu is dus nie iets wat geïnterpreteer kan word nie, maar moet eerder gesien word as 'n proses wat ontwikkel. Die navorser is van mening dat mense se stories as 'n proses wat voortdurend ontwikkel, by die sisteemteorie inpas.

Die sisteemteorie maak dit met ander woorde moontlik om menslike verhoudings en interaksie te beskryf, en om mense met probleme binne 'n bepaalde verhoudingskonteks te behandel (Kotze, 1992:37; Becvar & Becvar, 1996:12). Kotze (1992:33) wys daarop dat indien 'n saak of sisteem verstaan wil word, behoort dit beskou te word binne die konteks van die groter geheel of sisteem waarbinne dit bestaan. Konsepte soos byvoorbeeld "goed" of "sleg" moet dus sonder oordeel in 'n bepaalde konteks oorweeg word. 'n Bepaalde saak of situasie se beoordeling behels die bruikbaarheid of juistheid daarvan, en dit kan nie buite 'n gegewe konteks vasgestel word nie (Becvar & Becvar, 1996:11).

Die mens kan dus in die lig van hierdie beginsels nooit as 'n individu in isolasie beskou word nie, maar moet altyd binne die konteks van groter gehele verstaan word (Kotze, 1992:33). Sisteme soos onder andere die sosiale, religieuse, ideologiese en enige ander sisteem sluit aan by die groter geheel en beïnvloed dus die individu. Volgens Becvar en Becvar (1996:11) is ons gelyktydig subjekte en objekte, subjektiwiteit is onafwendbaar en ons is betrokke by mekaar se lotsbestemming. Die realiteit is nie ekstern geleë nie, maar word deur onsself geskep om betekenis en orde daaraan te gee. Kennis spruit dus voort uit die mens

se interaksie met sy omgewing en nie bloot uit die objektiewe waarneming daarvan nie, aldus Kotze (1992:36).

'n Verdere belangrike uitvloeisel van die sisteemteorie wat op die studie van toepassing is, is dat die mens toenemend as deel van 'n subsisteem binne groter sisteme beskou word, waarvan veral die gesin en die familie sterk beklemtoon word (Kotze, 1992:37). Die sisteemteorie impliseer ook dat die terapeut/navorser deel is van die sisteem wat hy bestudeer en mede-verantwoordelik is vir die aard daarvan (Plug *et al.,* 1993:17; Freedman & Combs, 1996:5).

Vir die navorser is dit duidelik dat die bepaalde konteks waarin die individu hom-/haarself bevind belangrik is en verstaan moet word, en dat die wisselwerking tussen die individu en die sisteem waarbinne hy/sy funksioneer deur die navorser in berekening gebring moet word. Voorts blyk duidelik dat oortuigings ook vanuit die sisteemteorie benader moet word, want net soos die sisteemteorie 'n kontekstuele benadering ondersteun, behoort oortuigingsisteme ook binne 'n bepaalde konteks bestudeer te word.

Naas die sisteemteorie ontwikkel die kubernetiese paradigma. Vervolgens sal aandag gegee word aan die kubernetiese paradigma wat sterk aansluiting by die sisteemteorie vind.

## 2.4 KUBERNETIESE PARADIGMA

### 2.4.1 INLEIDING

Die kubernetiese teorie het naas die algemene sisteemteorie as 'n tweede beweging ontstaan, aldus Kotze (1992:39). As 'n fundamentele beginsel het die kubernetiese teorie 'n groot invloed op familieberading gehad (Anderson, 1997:16). Norbeit Wiener (1950) ontwikkel sy kubernetiese teorie ongeveer gedurende dieselfde periode as wat Von Bertalanffy sy algemene sisteemteorie ontwikkel het (Kotze, 1992:40; Freedman & Combs, 1996:3), en volgens Anderson (1997:17) word veral name soos Weakland (1956; 1963), Haley (1963; 1973; 1976) en Bateson (1972; 1979) met die kubernetiese teorie geassosieer.

### 2.4.2 ORIëNTERING EN DEFINISIE VAN KUBERNETIEK

Die term *kubernetiek* word afgelei van die Griekse woord, *kubernetes,* wat beteken "om te stuur"; met ander woorde, om in 'n sekere rigting te beweeg en om aanpassings te maak (Kotze, 1992:40).

Volgens Kotze (1992:40) definieer Weiner die term *kubernetiek* as "die wetenskap van kommunikasie en kontrole in mens en masjien". Kotze (1992:41) verwys ook na Keeny (1983) se definisie van die kubernetiek: "A new paradigm in science, according to which one seeks an overarching theory to include machine and organisms: the theory would clearly involve the ideas of information, control and feedback."

Konsepte soos *inligting, kontrole* en *terugvoer* staan dus sentraal in die kubernetiese teorie en as 'n wetenskap wil die kubernetiek *meta* staan

(langsaan, buite of bo 'n ander saak, in relasie tot daardie saak), tot sowel die natuur- as die sosiale wetenskappe (Kotze, 1992:41; Goldenberg & Goldenberg, 1996:8).

Skrywers soos Kotze (1992:40) asook Freedman en Combs (1996:3), wys egter daarop dat 'n duidelike onderskeid getref word tussen die eerste- en die tweede-orde-kubernetiek. Om dié onderskeid aan die leser voor te hou, word die twee paradigmas verder ondersoek.

#### 2.4.2.1 EERSTE-ORDE-KUBERNETIEK

Kenmerkend van die eerste-orde-kubernetiek is dat die sisteem objektief waargeneem en geëvalueer word (Freedman & Combs, 1996:3). So word bepaal wat verkeerd is en die probleem kan herstel word (net soos in die geval van masjiene), met ander woorde 'n meganistiese mensbeskouing. Volgens Kotzé (1995:24) wys Sluzki (1985) daarop dat die eerste-orde-kubernetiek die aanname maak dat die sisteem wat onder observasie is, los van die observeerder staan of selfs as buite die observeerder beskou kan word.

Terugvoer vorm die sentrale idee van die kubernetiek (Kotze, 1992:41; Cheung, 1997:332). Deur middel van terugvoer word die resultate van die vorige gedrag of prestasie teruggekoppel en sodoende word beheer oor die sisteem uitgeoefen. In 'n beradingskonteks funksioneer die eerste-orde-kubernetiek volgens Freedman en Combs (1996:4) op die hieropvolgende manier. Sodra die berader die probleem opgespoor het, is dit sy verantwoordelikheid om strategiese intervensies te implementeer wat die huidige gedrag kan verander en tot meer aanvaarbare gedrag kan

lei. Die berader kan dus die individu of familie se gedrag beheer of verander soos hy wil (Kotzé, 1995:24; Freedman & Combs, 1996:3).

Die uitgangspunt van die eerste-orde-kubernetiek lê vir die navorser baie na aan dié van die modernisme en is daarom onversoenbaar met die raamwerk waaruit die huidige studie en die beradingsmetodiek benader word. Vir die doel van die studie identifiseer die navorser hom eerder met die tweede-orde-kubernetiek, wat bespreek sal word in afdeling 2.4.2.2.

Die navorser wil hom daarom aansluit by die volgende skrywers se kritiek op die eerste-orde-kubernetiek. Hoffman (1988:112) wys daarop dat die berader binne die paradigma van die eerste-orde-kubernetiek te veel op die probleem fokus. Binne die raamwerk van die eerste-orde-kubernetiek is die taak van die berader om vanuit 'n posisie buite die sisteem te beskryf wat binne die sisteem aangaan (Cheung, 1997:332). Die doel van die berading binne dié raamwerk is om die disfunksie te behandel en dit kan tot gevolg hê dat die berader besluit wat goed vir die kliënt is en wat nie. Hoffman (1988:11) sowel as Freedman en Combs (1996:4) wys verder daarop dat die berader se oordrewe strewe na doelbereiking daartoe kan lei dat interessante en bruikbare geleenthede binne die gespreksproses oor die hoof gesien word. Die berader ontvang volgens die voorgenoemde skrywers te veel krediet vir die veranderings wat plaasvind en die kliënt sien homself as 'n passiewe deelnemer aan die beradingsproses (Freedman & Combs, 1996:4).

Die eerste-orde-kubernetiek kan nie die vraag rondom groei en verandering binne die familiesisteem beantwoord nie (Anderson, 1997:21), en die skuif in die eerste-orde-kubernetiek het plaasgevind toe

die observeerder ingesluit is in die kubernetiese proses en deel gevorm het van die werklikheid wat as objek dien (Kotze, 1992:42).

Vervolgens word die tweede-orde-kubernetiek ondersoek.

### 2.4.2.2 TWEEDE-ORDE-KUBERNETIEK

Volgens Kotzé (1995:24) het die tweede-orde-kubernetiek gedurende die jare sewentig en tagtig ontwikkel. Waar die eerste-orde-kubernetiek fokus op sisteme wat waargeneem word, is die uitgangspunt van die tweede-orde-kubernetiek waarnemende sisteme. Met ander woorde, die belangrikste en verreikendste verskil tussen die eerste- en die tweede-orde-kubernetiek lê daarin dat die waarnemer in die tweede-orde-kubernetiek ingesluit word in die kubernetiese proses wat waargeneem, beskryf en verander moet word (Kotze, 1992:43; Cheung, 1997:332). Die tweede-orde-kubernetiek sluit dus die waarnemer se rol in, by die konstruksie van die realiteit wat waargeneem word (Kotzé, 1995:24).

In die beradingskonteks is die tweede-orde-kubernetiek se uitgangspunt van waarde omdat dit erken dat die familiesisteem nie objektief beoordeel kan word nie, maar dat die waarnemer outomaties deel word van die sisteem se ontwikkeling (Freedman & Combs, 1996:5). Die waarnemer/terapeut word onderling met die kliënt en die probleem verbind en is dus mede-verantwoordelik vir die skep van 'n nuwe realiteit (Cheung, 1997:332).

Die tweede-orde-kubernetiek fokus meer op die berader-kliënt-verhouding, asook op dit wat waargeneem word in die verhouding, aldus Anderson (1997:22). Hoffman (1988:112) wys verder daarop dat die

model waar die berader nie buite of bo die familiesisteem geplaas word nie, minder "beheergeoriënteerd" is.

Die skuif van die eerste-orde-kubernetiek na die tweede-orde-kubernetiek maak voorsiening vir die gelyktydige bestaan van meervoudige onderskeidings deur die deelnemende waarnemer. Aangesien meervoudige idees te eniger tyd kan bestaan, beteken dit dat die navorser of berader oor geen sekerhede beskik nie (Kotzé, 1995:25). Die deelname van die berader aan die wetenskapsproses lei dus tot verdere navraag oor die waarnemer/berader self en die prosesse wat kennis moontlik maak (Kotze, 1992:46).

Die navorser is van mening dat die kubernetiese proses waardevolle insigte in die epistemologiese proses van die navorser lewer. Alle vrae word egter nie deur die kubernetiese paradigma beantwoord nie. Die kubernetiek sluit egter ten nouste aan by veral die konstruktivistiese paradigma (Kotze, 1992:39) en daarom sal die navorser vervolgens ook die konstruktivistiese paradigma ondersoek.

## 2.5 KONSTRUKTIVISME

Die konstruktivistiese paradigma ontwikkel as 'n postmoderne paradigma vanuit vrae na hoe die mens weet, sowel as na die status van sy wete, aldus Kotze (1992:49), asook Goldenberg en Goldenberg (1996:304). Die epistemologie en die ontologie is ter sake en die vraag na die verband tussen die twee sake is 'n uitvloeisel van die antwoorde wat ontwikkel word ten opsigte van die waarnemingsvraag (Kotze, 1992:49).

Hoffman (1990:2) assosieer die konstruktivisme met skrywers soos Maturana en Varela (1980), Von Foerster (1981) en Von Glasersfeld (1984) se uitgangspunte wat fokus op 'n biologiese interpretasie van kognisie. Volgens die konstruktivisme se uitgangspunt is die mens maar slegs 'n wese wat feite en waarhede ontdek (Lyddon & Schreiner, 2000:3). Alle kennis is 'n konstruksie eerder as 'n refleksie of verteenwoordiging van 'n objektiewe realiteit, aldus Maturana en Varela (1980; 1987) in Kotzé (1995:26).

Die uitgangspunt van die konstruktivisme is dat kennis in die lig van observerende sisteme en nie bloot geobserveerde sisteme nie, beskou moet word (Kotze, 1992:51). As 'n filosofiese teorie, ontwikkel die konstruktivisme hand aan hand met die tweede-orde-kubernetiek omdat dit 'n epistemologiese skuif weg van objektiewe kennis en waarheid is (Kotzé, 1995:30).

Hevern (1998:2) dui aan dat die term *konstruktivisme* op twee maniere gebruik kan word, naamlik:

- om aan te dui dat die mens se begrip van die wêreld en die realiteit nie 'n direkte weergawe is van dit wat daar buite is nie, maar die resultaat is van individuele prosesse wat deur taal gerig word en
- dat die konstruktivisme na die individu as 'n interpreteerder van sy ervarings op grond van verskeie prosesse verwys.

Rosen (1996:24) is die mening toegedaan dat die mens nie 'n passiewe ontvanger van kennis is nie, maar dat hy 'n aktiewe agent is wat uit sy lewenservarings betekenis skep. Die mens se interpretasie van die wêreld is afhangend van sy interne teks. Kennis kan daarom nie beskou word as inligting wat ware weergawes is van 'n objektiewe werklikheid nie

(Kotze, 1992:51). Kennis is die kognitiewe konstruksies van waarnemers in interaksie met die waargenome – kennis word dus as 'n komputasie geag (Kotze, 1992:51). Kennis en realiteit kan daarom as persoonlik van aard beskou word, iets wat deur die individu se interpretasie gevorm word (Anderson, 1997:23).

Gergen (1985:268) wys egter daarop dat die skuif wat plaasgevind het van die konstruktivisme na die sosiale konstruktivisme 'n skuif is van die eksperimentele epistemologie na die sosiale epistemologie. Dit is 'n skuif van hoe 'n individu 'n model van realiteit gekonstrueer het vanuit sy/haar individuele ondervinding na 'n fokus op hoe mense met mekaar in interaksie is om sodoende 'n model te konstrueer, te wysig of te verander en te onderhou in terme van wat vir hulle gemeenskap waar, eg en betekenisvol is. In aansluiting by die bogenoemde is Durrheim (1997:176) van mening dat die sosiale konstruktivisme die sosiale, historiese en gemeenskaplike karakter/wese van menslike bewustheid na vore laat kom.

Die sosiale konstruksiediskoers word hierna in meer detail bespreek.

## 2.6 SOSIALE KONSTRUKSIEDISKOERS

Die sosiale konstruksiediskoers ontwikkel uit die sosiale sielkunde en George Kelly (1955; 1968) kan as die grondlegger hiervan gesien word (Kotze, 1992:63). Doan (1997:129) verwys na die sosiale konstruksiediskoers as " a close cousin of postmodernism" en die fokus is op hoe idees en houdings oor tyd ontwikkel het binne die konteks van 'n sosiale gemeenskap. In aansluiting hierby, wys Lynch (1997:1) en Neimeyer (1998:135) daarop dat die sosiale konstruksiediskoers deur die

postmodernisme onderskryf word en dat die sosiale konstruktivistiese paradigma op daardie prosesse fokus waarmee mense die wêreld waarin hulle bly beskryf, verduidelik en van rekenskap gee (Sexton & Griffin, 1997:11).

Hoffman (1990:3) verkies die sosiale konstruksiediskoers bo die konstruktivisme, omdat "instead of seeing individuals as stuck in biological isolation booths, it posits an evolving set of meanings that emerge unendingly from the interactions between people". Die sosiale konstruktivisme plaas dus meer klem op die sosiale interpretasie en die intersubjektiewe invloed van taal, familie en kultuur. Betekenis en kennis word geskep deur die interaksie tussen mense deur middel van taal en kontekste (Hoffman, 1990:3; Gergen, 1994:26). Volgens Cheung (1997:331) is dit juis as gevolg van die bogenoemde redes dat die sosiale konstruktivisme 'n geweldige impak op die ideologiese skuif in terapie gehad het en sodoende 'n nuwe manier van dink tot gevolg gehad het. Die sosiale konstruktivisme ondersteun die oortuiging dat mense oor die potensiaal beskik om hulle eie keuses te maak en sodoende 'n verandering in hulle lewe teweeg te bring (Cheung, 1997:334).

Opvattings oor die sosiale konstruksiediskoers is wyduiteenlopend. Burr, soos aangehaal in Watkins en Mohr (2001:27), stel dit soos volg: "There is no single description which would be adequate for all different kinds of writers whom I shall refer to as social constructionist. This is because, although different writers may share same characteristics with others there is not really anything that they all have in common. What links them all together is a kin or *family resemblance.* There is no one feature which could be said to identify a social constructionist position."

Verskeie outeurs poog om die sosiale konstruksiediskoers te omskryf en as vertrekpunt verwys die navorser na Freedman en Combs (1996:16). Hulle stel die saak soos volg: "Its main premise is that the beliefs, values, institutions, customs, lables, laws, divisions of labour, and the like that make up our social realities are constructed by the members of a culture as they interact with one another from generation to generation and day to day. That is, societies construct the *lenses* through which their members interpret the world. The realities that each of us take for granted are the realities that our societies have surrounded us with since birth."

Watkins en Mohr (2001:9) definieer die sosiale konstruktivisme soos volg: "We create the world by the language we use to describe it and we experience the world in line with the images we hold about it."

Uit die bogenoemde verduidelikings is dit vir die navorser duidelik dat na onder andere die volgende gemeenskaplike uitgangspunte/opvattings oor die sosiale konstruksiediskoers, wat van belang is vir die navorser en die studie, ondersoek ingestel moet word, naamlik sosiale interaksie, realiteit, taal, kennis en historiese/kulturele agtergrond. Hierdie gemeenskaplike uitgangspunte is vir die navorser belangrik omdat die sosiale konstruksiediskoers volgens Kotzé en Kotze (1997:27) 'n postmoderne benadering is wat 'n betekenisvolle epistemologie bied vir terapieë wat gesprek as 'n metode gebruik om mense te help. Vanuit die benadering word die huidige studie hanteer en sal die berading gedoen word met die oog op die dekonstruksie van beperkende narratiewe.

### 2.6.1 SOSIALE INTERAKSIE

Mense word gebore in 'n sosiale wêreld, en dié sosiale lewe speel 'n bepalende rol, nie net met betrekking tot mense se ondervinding nie, maar ook in hoe die betrokke ondervinding geïnterpreteer word (Hevern, 1998:2). O'Hanlon (1994:23) wys op die sosiale konstruktivisme se uitgangspunt dat die mens nooit los van sy omgewing staan nie en die resultaat van interaksie tussen mense nie 'n refleksie of kaart van die werklikheid is nie, maar gesien kan word as 'n "artifact of communal interchange". Die fokus is dus nie op die individuele persoon nie, maar eerder op die sosiale interaksie en die gesprekvoering wat plaasvind. Dit is deur sosiale uitruiling/vervanging dat die individu se kennis van hom- of haarself en van die wêreld ontwikkel, aldus Osbeck (1993:340). Ons daaglikse sosiale interaksie en verhoudings is die bronne wat ons waarheid vir ons skep (Watkins & Mohr, 2001:28).

### 2.6.2 REALITEIT

Die sosiale konstruksiediskoers ondersoek die wyse waarop 'n persoon se interpersoonlike realiteit gekonstrueer word deur middel van interaksie met ander mense, en die invloed wat die sosiale realiteit op die betekenis van mense se lewens het, aldus Freedman en Combs (1996:1), asook Lyddon en Schreiner (2000:6). Mense se realiteite word volgens die sosiale konstruktivisme se perspektief nie ontdek nie, maar is sosiaal gekonstrueer en/of onderhandel, en word deur middel van taal binne 'n bepaalde konteks gevorm en voortgebring (Parry & Doan, 1994:22; Freedman & Combs, 1996:2; Cheung, 1997:338; Sexton & Griffin 1997:8; Lyddon & Schreiner 2000:8). Realiteite word verder georganiseer en onderhou deur middel van stories (Freedman & Combs, 1996:29) in

die beskrywing van gebeure, mense, idees, gevoelens en ondervindings (Sluzki, 1992:219).

Skrywers soos Constantine en Erickson (1998:189) wys daarop dat mense aktief deel het aan die skep van hulle betekenis (dit wat vir hulle betekenisvol is), afgelei van hulle persepsies en ondervindings en deur dít te doen, definieer hulle hulle eie realiteite. Indien daar geen realiteit bestaan nie, sal ons almal ons eie realiteite skep deur middel van observasie, onderskeiding tref tussen observasies, betekenis skep en om dit deur middel van taal met ander te deel (Goldenberg & Goldenberg, 1996:307). In die definiëring en skepping van die realiteite baseer mense hulle persepsies op, en word hulle beïnvloed deur hulle ondervindings, interaksies met ander mense en oortuigingsisteme binne 'n bepaalde kulturele konteks. Mense het verder meervoudige realiteite en waarhede in plaas van 'n oortuiging in 'n enkele realiteit. Waargenome realiteite is dus relatief (Sexton & Griffin, 1997:8) en die betekenis wat daaraan geheg word, sal afhang van die bepaalde konteks waarin dit voorkom, met ander woorde, dit is konteks-spesifiek (Freedman & Combs, 1996:29; Cheung, 1997:335).

Watkins en Mohr (2001:28) wys verder daarop dat die sosiale realiteite van ons wêreld nie deur wette of menslike gedrag bepaal word nie, ook is dit nie uitsluitlik die resultaat van kontekstuele en omgewingsfaktore nie. Volgens die sosiale konstruktivisme word ons wêreld eerder geskep deur middel van dialoog met mekaar en diskoerse waar ons baie selektief sin maak van ons vorige en huidige ondervindings. Deur middel van dié gesprekke skep ons ook gedeelde denkbeelde van hoe ons die toekoms antisipeer.

Realiteite word dus georganiseer en onderhou deur narratiewe (stories) en daar is geen essensiële waarhede nie (White, 1993:125; Freedman & Combs, 1996:22; Macready, 1997:131). Alle stories is egter nie ewe geldig nie, maar dit is eerder gebaseer op die persoon se ervaring, met ander woorde, sy/haar eie stem, persepsies en ervarings (Doan, 1997:130).

Wat ons realiteit ook al is, ons interpretasies en verduidelikings daarvan is altyd oop vir hersiening. Verskillende mense het dus verskillende realiteite. Dit is om hierdie redes dat mense die kapasiteit, sterkte en wysheid het om beheer van hulle lewens te neem (Parker, 1999:136).

Ten slotte wys die navorser na Zukav (1979:328) se opsomming en siening van realiteit:

> "Reality is what we take to be true.
> What we take to be true is what we believe.
> What we believe is based upon our perceptions.
> What we perceive depends on what we look for.
> What we look for depends on what we think.
> What we think determines what we take to be true.
> What we take to be true is our reality."

### 2.6.3 TAAL

> *"Language is the blood of the soul into which thoughts run, and out of which they grow."*
> *Oliver Wendell Holmes*

Binne die sosiale konstruktivistiese diskoers is taal meer as net 'n manier om met mense kontak te maak – mense bestaan in taal (Kotzé & Kotze, 1997:31) en dit is 'n dinamiese sosiale verrigting en nie slegs 'n eenvoudige linguistiese aktiwiteit nie. Mense bestaan dus in taal sodat taal nie bloot net 'n medium tot ekspressie is nie (Kotze, 1992:66). Dit is dus deur middel van taal dat ons sosiale lewe moontlik is. Taal word verder gesien as 'n interaktiewe proses van gedeelde aktiwiteite en nie as 'n passiewe ontvanger van reeds bestaande waarhede nie (Freedman & Combs, 1996:28; Cheung, 1997:338). Taal is dus die transformasie van ondervindings wat verander soos ons ondervindings verander (Parry & Doan, 1994:22). Betekenis en begrip bestaan dus nie voordat die taal uitgespreek is nie (Anderson & Goolishian, 1988:378).

Taal is daarom 'n belangrike instrument vir die skepping van ons wêreld en oortuigings soos ons dit ken en soos ons dit onderling tussen mekaar skep (Freedman & Combs, 1996:28; Durrheim, 1997:182; Watkins & Mohr, 2001:28). Vanuit die sosiale konstruksiediskoers wys Macready (1997:131) daarop dat ons deur middel van taal ons identiteit en verhoudings bou, onderhou en selfs uitdaag. Dit wil dus voorkom dat taal 'n kritiese rol speel in veranderings op beide die persoonlike en die sosiale vlak. Freedman en Combs (1996:37) gaan selfs so vêr as om te beweer dat taal 'n instrument van mag is en mense se mag in 'n bepaalde gemeenskap in direkte verhouding is tot hulle vermoë om in die verskeie diskoerse deel te neem wat die bepaalde gemeenskap vorm. Dit is dus

deur dialoog dat ons van ons wêreld leer en betekenis daaruit kry (Watkins & Mohr, 2001:103).

Taal word verder gesien as 'n gedeelde aktiwiteit (Cottone, 2001:2), kennis ontwikkel deur die gebruik van taal en deur middel van taal word die betekenis en begrip afgelei wat ons aan gebeure heg (Freedman & Combs, 1996:29; Sexton & Griffin, 1997:11). Taal vorm ook die sosiale konstruksie wat geskiedenis en kultuur beïnvloed (Parry & Doan, 1994:20-24). Taal vorm dus betekenis en ons ervaring vind deur middel van taal plaas. Daar kan dan met reg gesê word dat taal die "reëls" bepaal wat in die verstaan van die wêreld ter sake is (Lax, 1996:193).

Mense is heeltyd in taal "gedompel", in so 'n mate dat alles wat ons sien, glo of oortuig van raak en ondervind, deur taal gefiltreer word (Sexton & Griffin, 1997:101). Probleme is daarom nie in mense gesetel nie, maar tussen mense in taal (Wright *et al.,* 1996:48) en die bepaalde betekenis wat daaraan geheg word, word nie net deur die taal bepaal nie, maar ook in die konteks waarin dit voorkom (Freedman & Combs, 1996:29). White en Epston (1990:81) huldig die standpunt dat woorde, oftewel taal, die potensiaal het om meer as een betekenis te hê en dié potensiaal word op sy beurt bepaal deur middel van die unieke konteks waarin dit gebruik word. Taal kan dus in sekere opsigte as beperkend ervaar word, maar dit kan ook tot ons groei en ontwikkeling bydra. Taal dien verder as ons primêre gereedskapstuk om ons ervarings en realiteit mee te verwoord, en sodoende betekenis daaraan te gee.

Die wêreld kan nie praat nie, net mense kan en alleenlik deur middel van taal hou ons as mense sekere oortuigings van die wêreld, aldus Anderson en Goolishian (1988:378). Ons taal vertel aan ons hoe ons die wêreld sien, en wat ons daarin sien en deur middel van taal verwoord ons ons

unieke ervarings wat in stories na vore gebring word. Campbell *et al.* (1996:336) sê in die voorgaande verband dat "language is a process of consensual agreement between people and is therefore the basis of one's view of reality".

Ten slotte kan dus gesê word dat die taal van die bepaalde kultuur waarin ons opgroei en leef, vorm gee aan die ervarings wat ons het en daarom is taal vir die navorser van onskatbare waarde.

Deur middel van taal word die kliënte se sienings en ervarings weerspieël en konstrueer hulle hulle eie realiteite. Die navorser wil daarom met Goldenberg en Goldenberg (1996:307) saamstem as hulle daarop wys dat taal die beradingsvoertuig is om ou, uitgediende aannames en gedrag mee te verander, deur nuwe verklarings te oorweeg wat tot nuwe oplossings lei.

**2.6.4 KENNIS**

Die sosiale konstruksiediskoers verwerp die opvatting van 'n universele, objektiewe of 'n enkele waarheid soos wat voorgehou word deur die modernisme, en ondersoek eerder die eksplorasie van alternatiewe diskoerse (Hoffman, 1996:19; Monk & Winslade, 1996:40; Lynch, 1997:1; Watkins & Mohr, 2001:27).

Durrheim (1997:178) wys verder op die sosiale konstruktivisme se uitgangspunt dat feite op dieselfde manier willekeurig voorkom. Dit beteken nie dat daar nie waarhede is nie, maar dat feite en waarhede altyd sal afhang van verskillende perspektiewe en interpretasies wat ontstaan teen die agtergrond van gedeelde sosiale verstandhoudings. Die

soeke na waarheid en kennis beweeg weg van stabiele en veralgemeenbare reëls en beginsels, na gesamentlike gekontekstualiseerde redes vir feite en/of waarhede (Sexton & Griffin, 1997:8). Kennis is uit die sosiale konstruktivistiese perspektief gebaseer op sosiale interaksie en ontwikkel in 'n bepaalde sosiale konteks (Goldenberg & Goldenberg, 1996:307). Wat kennis dus as die waarheid in stand hou, is die sosiaal vasgestelde perspektiewe van die gebruikers daarvan. Die volgende voorbeeld word in die voorgaande verband as illustrasie voorgehou:

Vandag is die 1ste September 2003 (die dag waarop dié bepaalde deel van die studie geskryf word). Die datum is feitelik korrek en objektief. Of die datum feitelik korrek en waar is, hang egter af vanuit watter verwysingsraamwerk daarna gekyk word, met ander woorde, die manier hoe daar na die wêreld gekyk word. Is die datum korrek met verwysing na die Gregoriaanse, Joodse of Islamitiese kalender? Die korrektheid en objektiwiteit van die aanname hang dus af van die sosiale konteks waarin dit voorkom. Vanuit 'n sosiale konstruktivistiese perspektief is kennis dus nie net iets wat in mense se verstand voorkom nie, dit is gedeelde aktiwiteite binne 'n bepaalde gemeenskap en konteks wat verwoord en geskep word deur taal, aldus Cottone (2001:2).

Kennis van hoe die wêreld tans funksioneer, is nie gebaseer op hoe dit werklik is nie, maar op ons gedeelde en/of persoonlike konstruksies van die wêreld (Neimeyer, 1998:138; Watkins & Mohr, 2001:28). Kennis spruit dus uit die mens se interaksie met sy omgewing voort en nie bloot uit die objektiewe waarneming en beskrywing van eksterne realiteite nie (Kotzé, 1995:36). Beskrywing en dus kennis van die wêreld verteenwoordig en onderhou sekere patrone van sosiale aksie. Daar bestaan egter baie sosiale konstruksies van die wêreld, en elke

konstruksie weerspieël verskillende menslike aksies. Kategorieë wat ons gebruik om tot kennis van die wêreld te kom, reflekteer dus nie noodwendig egte verdeling nie (Watkins & Mohr, 2001:27). Kennis van 'n situasie of 'n bepaalde saak is dus nie objektief nie, maar ontwikkel uit 'n bepaalde sosiale konteks en is sosiaal gekonstrueer deur taal.

Vroeër in die hoofstuk (afdeling 2.6.3) het die navorser daarop gewys dat kennis deur middel van taal verkry word. Die kennis wat mense opdoen in die oorvertel van hulle stories, het weer sekere mag in hulle lewens. Hierdie mag kan positief of negatief wees. White en Epston (1990:22) is sodanig oortuig daarvan dat kennis en mag onafskeidbaar is, dat hulle verkies om die terme saam te gebruik as kennis/mag of mag/kennis. In dié verband konstateer hulle dat "a domain of knowledge is a domain of power and a domain of power is a domain of knowledge".

### 2.6.5 HISTORIESE EN KULTURELE AGTERGROND

In terme van die historiese en kulturele agtergrond wys die sosiale konstruktivisme daarop dat die idees en kategorieë wat ons gebruik, diep in ons eie kultuur en geskiedenis gewortel is. Alle idees om die wêreld te verstaan, is dus produkte van ons kulturele en historiese agtergrond. Daarom is ons manier van verstaan nie noodwendig nader aan die sogenaamde waarheid, as enige ander groep of individu se verstaanswyse nie (Watkins & Mohr, 2001:27).

Vanuit die bogenoemde bespreking ten opsigte van sosiale interaksie, realiteit, taal, kennis, asook historiese en kulturele agtergrond bied die navorser vervolgens 'n aantal afleidings.

Die realiteit word deur die samelewing gekonstrueer. Meer klem word op die sosiale interpretasie van die invloed van taal, familie en kultuur gelê, en minder op die kognitiewe sisteem. Kennis en betekenis is sosiale produkte omdat dit deur middel van taal in sosiale interaksie en in 'n bepaalde konteks geskep word. Kennis kan dus nie as objektief en verifieerbaar beskou word nie, en daarom kan dit ook nie 'n objektiewe refleksie van die werklikheid wees nie (Freedman & Combs, 1996:5).

Betekenis kan ook nie objektief gemeet word nie, omdat sosiale konstruksie die medekonstruksie en medesamestelling van betekenis deur middel van die taal van die gebruikers impliseer.

Vir die narratiewe terapie is die sosiale konstruksiediskoers belangrik in dié sin dat dit belangstel in die begrip en betekenis van 'n bepaalde teks, gedrag, emosie en diskoers. Die navorser sal verder in detail moet waarneem hoe individue kennis deur middel van hulle persepsies en ondervindings binne 'n bepaalde konteks versamel. Die navorser sal ook bedag daarop moet wees dat mense hulle betekenis konstrueer gebaseer op hulle interpretasie van hulle realiteite.

In dié verband maak Freedman en Combs (1996:29) dit duidelik as hulle daarop wys dat betekenis nie in woorde gedra word nie, maar deur middel van dit wat binne 'n bepaalde konteks bestaan en dat geen twee kontekste dieselfde is nie. Betekenis wat mense aan dinge/gebeure heg, is dus gebaseer op hulle interpretasie van hulle realiteite binne 'n bepaalde konteks.

## 2.7 KONTEKS

Vroeër in die studie is daar vermeld dat die algemene sisteemteorie verskynsels/objekte binne 'n bepaalde konteks wil beskryf. In die huidige studie word die individu uit 'n postmodernistiese raamwerk binne sy/haar konteks bestudeer, eerder as om hom/haar as 'n geslote entiteit te sien. Die belangrikheid van die bepaalde konteks word deur Freedman en Combs (1996:136) beklemtoon as hulle daarop wys dat sommige narratiewe meer afhanklik van 'n bepaalde konteks is as ander. Om die konteks dus deeglik te ondersoek, anker die storie in 'n bepaalde plek en situasie.

Plug *et al.* (1993:187) definieer die begrip *konteks* as die samehang, byvoorbeeld van woorde of omstandighede, waarbinne iets voorkom. Die betekenis van 'n woord word byvoorbeeld in 'n groot mate bepaal deur die ander woorde wat daarmee saam gebruik word, dit wil sê deur die konteks.

'n Diskoers wat volgens Hoffman (1990:4) binne die postmodernistiese paradigma pas, is dat ons in 'n wêreld van verskeie realiteite lewe. Die postmoderne diskoers wil in plaas van na universele waarhede, eerder kyk na aspekte wat bepalend is deur die konteks waarin dit voorkom. Binne die postmodernisme en die sosiale konstruktivistiese paradigma blyk die konteks dus van deurslaggewende belang te wees. Die navorser wil daarom met Van Heerden (2001) saamstem dat die mens in 'n bepaalde konteks saam met ander mense bestaan. In dié verband wys Constantine en Erickson (1998:189) daarop dat mense se persepsies en sienings gebaseer is op en geaffekteer word deur hulle ondervindings en interaksies met ander mense, en dit kom in 'n sosiale en kulturele konteks voor. Cheung (1997:335) maak selfs die stelling dat die

interpretasies wat mense aan hulle probleme heg, konteks-spesifiek is en om die betekenis te verstaan wat die individu uit die konteks verkry, moet daar van die unieke eienskappe van die spesifieke konteks kennis geneem word (Hoffman, 1990:3). Die sosiale konteks verskaf selfs die betekenis vir die ondervinding van elke individu (Osbeck, 1993:340). Om die sosiale betekenis te verstaan, is dit belangrik om kennis te neem van die unieke eienskappe van die spesifieke konteks wat betrokke is (Hoffman, 1990:3).

Uit 'n beradingsoogpunt en spesifiek vir die dekonstruksie van beperkende narratiewe, is die volgende uitgangspunte ten opsigte van die konteks van die individu vir die navorser van belang:

- Narratiewe (stories) ontwikkel binne 'n bepaalde konteks – die konteks vorm dus 'n integrale deel van menslike aksies.
- Soos mense alternatiewe stories konstrueer, kan nuwe kontekste belangrik raak.
- Sekere narratiewe is meer afhanklik van die konteks waarin dit voorkom as ander.
- Kennis wat ons het omtrent gebeurtenisse/dinge ontwikkel uit 'n sosiale konteks.
- Problematiese stories mag ondersteun word deur verskillende sosiokulturele kontekste.
- Die konteks waarin mense hulle bevind, sal bepaal hoe hulle dinge sien en ervaar – verandering in die konteks kan dus die betekenis verander en gevolglik die identiteit van die gebeurtenis. 'n Konteks is daarom 'n voorvereiste vir die betekenis en verstaan van belewenisse, handelinge, verskynsels en probleme (Jordaan & Jordaan, 1987:50).
- Belewenisse, handelinge, verskynsels en probleme kan meer as een konteks hê waarin dit voorkom.

- Indien belewenisse, handelinge, verskynsels en probleme in meer as een konteks voorkom, beteken dit dat sodanige belewenisse, handelinge, verskynsels en probleme op verskillende maniere beskryf kan word. Gegewe die konteks is daar dus nie sprake van net een geldige beskrywing nie.
- Die verhouding tussen kleiner kontekste (wat 'n deel van 'n bepaalde sisteem is) en groter kontekste (die geheelsisteem) berus op die interafhanklikheid van dele en die geheel.
- Gebeure vind nie plaas buite 'n bepaalde konteks nie en daarom bestaan die konteks nie onafhanklik van die gebeurtenis waarna dit verwys nie.
- Die konteks kan nie in verskillende dele "opgebreek" of "uitmekaar" gehaal word nie, maar moet as 'n geheel bestudeer word.
- Veranderings in die elemente van die gebeurtenis kan so ook die konteks verander (Jordaan & Jordaan, 1987:50-55; Freedman & Combs, 1996:134; Van Heerden, 2001).

'n Aantal skrywers se sienings in verband met die saak onder bespreking word ten slotte aan die leser voorgehou.

Jordaan en Jordaan (1987:47) wys daarop dat menslike belewenisse en handelinge nie behoorlik verstaan kan word as dit van die kontekste gestroop word waarin dit alledaags voorkom nie. Gergen (1985:270) maak die stelling dat die mens nooit losgemaak kan word van sy/haar konteks, asook die taal wat betekenis en rigting daaraan gee nie, terwyl Lyddon & Schreiner (2000:9) aandui dat die postmodernisme innerlike ervarings, betekenisskepping en waarhede as veelvuldig, paradigmaties en kontekstueel beskou, en op grond hiervan word die omvangrykheid en uniekheid van elke mens dus erken. Morgan (2000:22) wys daarop dat die breër konteks waarin die probleem mag voorkom ook ondersoek moet

word, om sodoende seker te maak dat daar nie iets anders is wat moontlik die probleem kan veroorsaak nie. As narratiewe berader sal die navorser hierop bedag moet wees.

## 2.8 NARRATIEWE PARADIGMA

### 2.8.1 NARRATIEWE AS LEWENSVERHALE

In hierdie afdeling sal gepoog word om 'n breë agtergrond van die narratiewe berading as 'n beradingstegniek uiteen te sit. Dit is noodsaaklik dat die leser hieraan bekend gestel word, omdat die spesifieke tegnieke wat gebruik word om disfunksionele oortuigings/stories aan te spreek, direk uit die narratiewe berading afgelei kan word. Vervolgens word aandag gegee aan die term *narratief*, waarna die konsep *narratiewe berading* bespreek sal word.

Mense word gebore en hulle lewens speel af in stories en hulle sosiale en historiese kontekste nooi hulle voortdurend uit om hulle lewenstories te onthou en te vertel, maar ook om sekere stories nie te vertel nie (Freedman & Combs, 1996:42). Teen dié agtergrond wys Freedman en Combs (1996:32) daarop dat mense sin van hulle lewens maak deur stories. Beide die kulturele narratiewe waarin hulle gebore word en hulle persoonlike narratiewe wat hulle konstrueer in relasie met hulle kulturele narratiewe is hier ter sprake. In aansluiting by die bogenoemde skrywers laat White en Epston (1990:71) hulle soos volg uit: "We believe that persons generally ascribe meaning to their lives by plotting their experience into stories and that these stories shape their lives and relationships." *Narratief* impliseer dus die luister na, vertel en

oorvertel van stories omtrent mense en die probleme in hulle lewens (Freeman & Lobovits, 1997:1).

Ten einde die term *narratief* beter te verstaan, verwys die navorser na 'n paar skrywers se sienings in die verband.

White en Epston (1990:9) beskryf die term *narratief* as "a unit of meaning that provides a frame for lived experience". Die twee skrywers sien mense se realiteit as verwant aan die realiteit van hulle storie oftewel hulle narratief. Binne die stories of narratiewe bestaan uiteraard 'n magdom gevoelens, aksies, gedagtes, gebeure en ondervindings. Bruner (1991:4) som dit soos volg op: "We organise our experience and our memory of human happenings mainly in the form of narrative stories, excuses, myths, reasons for doing and not doing, and so on." Narratiewe/stories is egter meer omvangryk en dinamies as wat in die voorafgedeelte beskryf word.

White en Epston (1990:10) wys verder daarop dat stories/narratiewe oor 'n geskiedenis (die begin), die huidige (die middel) sowel as oor 'n toekoms ('n einde) beskik en die interpretasie van huidige gebeure word deur die toekoms gevorm, maar is ook deur die verlede bepaal. Stories speel verder altyd in 'n bepaalde konteks af. Die navorser is van mening dat daar bykans 'n onbeperkte aantal kontekste is waarin mense se stories afspeel. Daar is onder andere die kontekste van geslag, ras, kultuur en seksuele voorkeur waarin ons stories afspeel (Morgan, 2000:9). Kontekste soos die politiek, ekonomie en sosio-ekonomie, asook die sosiale en religieuse kontekste is net so belangrik en speel net so 'n groot rol in die narratiewe van mense.

Die mens het verder 'n behoefte daaraan om sy lewe te organiseer en om betekenis aan sy ervarings en lewe te heg, en om dit dan in stories weer te gee. Hierdie ervarings word voorts in volgorde van tyd gerangskik om sodoende 'n betekenisvolle storie/narratief te skep wat die basis van elkeen se identiteit vorm. In die voorstelling van die stories word geselekteerde ondervinding weergegee en sodoende word lewens en verhoudings gevorm (White & Epston, 1990:12; Winslade & Smith, 1997:165; Epston, 1998:11). In aansluiting by die voorgenoemde wys Freedman en Combs (1996:30) daarop dat die stories wat ons skep en vertel nie net stories van ons lewens is nie, maar dat dit die lewe self is. Narratiewe/stories kan dus verstaan word as maniere wat mense gebruik om betekenis aan gebeure te gee deur die gebeure te interpreteer, organiseer en uitdrukking daaraan te gee.

Die narratiewe skemas wat ons gebruik, beïnvloed die aanvanklike prosessering van inligting, dit bepaal wat waargeneem word, dit bepaal die betekenis wat toegeskryf word aan ons ondervindings, hoe dit georganiseer word en hoe dit aan ander oorgedra word (Genot, 1996:51). Parry en Doan (1994:65) stel die saak soos volg: "It is the meaningfulness of the answers given, rather than their factual truthfulness that gives them their credibility. The hearers of the story believed it was true because it was meaningful, rather that it was meaningful because it was true."

Uit die bogenoemde blyk dus dat die betekenis wat die individu aan sy/haar ondervinding heg, van sy/haar interpretasie daarvan sal afhang. Freedman en Combs (1996:33) sluit hierby aan as hulle op die volgende wys: "In the narrative /social constructionist worldview that we have been describing, since we can not objectively know reality, all we can do

is interpret experience. There are many possibilities for how any given experience may be interpret, but no interpretation is "really" true."

Hieruit blyk dit dus duidelik dat een situasie/ondervinding meer as een interpretasie kan hê en sodoende meer as een betekenis kan hê. Die voorgaande hang onder andere af van die konteks en die sosiale agtergrond waarin die gebeure plaasvind. Dit is dus nie wat met ons gebeur nie, maar die betekenis wat ons daaraan heg wat belangrik is. Genot (1996:57) stel die saak soos volg: "Our narratives determine how we select, organise and attribute meaning to our experiences."

In die narratiewe teorie kom dit duidelik na vore dat ons nie alle gebeure en ondervindings in ons storie inpas nie. Anderson (1991:31) sê hieroor die volgende: "In therapy we meet people whose problems can be thought of as emanating from social narratives and self-definitions or self stories that do not yield an effective agency for the task defined." Geen narratief kan dus alle aspekte van die lewe inkorporeer nie (Nicholson, 1995:23).

Heel dikwels leef mense vanuit die sogenaamde dominante stories. Dominante stories is dus dikwels dominante diskoerse van 'n bepaalde samelewing deurdat die persoon/gesin waarde heg aan sosiaal gekonstrueerde kennis wat spesifieke betekenis aan ervarings koppel (Soal & Kottler, 1996:123-124). Dominante stories bepaal watter ervarings ingesluit gaan word en watter nie (Kotzé, 1995:38) en dit is dus heel dikwels daardie stories, gebeure of oortuigings wat problematies in ons lewens is. Mense kan daarom vasgevang word in sekere stories wat disfunksioneel is en hulle sodoende onbevoeg of onbekwaam maak.

Dit is egter so dat daar tye is wat die dominante storie nie 'n houvas op mense het nie. Bruner (1986:143) stel die saak soos volg: "Narrative structures organise and give meaning to experience, but there are always feelings and lived experience not fully encompassed by a dominant story." Freedman en Combs (1996:67) verwys na die geleenthede waar die dominante storie nie teenwoordig is nie as *unieke uitkomste,* en dit behels gebeure, ondervindings of situasies wat buite die dominante storie val. Narratiewe berading het dan juis ten doel om unieke uitkomste as boustene te gebruik om alternatiewe en voorkeurstories daar te stel.

Vervolgens sal die term *narratiewe* berading onder die soeklig kom.

### 2.8.2 NARRATIEWE BERADING

Narratiewe berading is volgens O'Hanlon (1994:23) en Parker (1999:169) 'n fundamentele nuwe rigting in die beradingswêreld en verteenwoordig 'n beduidende skuif van die tradisionele benaderings ten opsigte van berading. Narratiewe berading vind net soos die sosiale konstruktivisme sy beslag in die postmodernistiese denkraamwerk (Doan, 1997:131; Lyddon & Schreiner, 2000:8). Die postmodernistiese onderbou van narratiewe terapie/berading veronderstel dat die realiteit subjektief is en dat dit sosiaal gekonstrueer word deur taal. Die realiteit is onlosmaaklik gekoppel aan die stories wat ons vertel, die taal wat ons gebruik en die sosiale interaksie wat ons deel (Macready, 1997:131; Marvel *et al.,* 2000:1). Vanuit die sosiale konstruktivistiese diskoers word mense se probleme nie as inherent deel van die persoon gesien nie, maar dit word eerder gesien as 'n probleemdeurdrenkte storie wat deur die sosiale kennis gevorm word en wat betekenis aan ervarings gee (Soal & Kottler; 1996:123; Cheung, 1997:335).

Doan (1997:131) wys ook daarop dat narratiewe berading ontwikkel het binne 'n postmoderne klimaat en dat dit gekenmerk word deur die verlies van geloof en vertroue in "the one true story" en dat dit beide gespreksgenote en terapeute beïnvloed in hulle soektog na betekenis en rigtinggewende verwysingsraamwerke. Narratiewe berading poog dus as 'n beradingstegniek nie om sekerhede daar te stel nie, maar eerder om veranderlike perspektiewe en alternatiewe te ondersoek, aldus White en Epston (1990:78). Narratiewe berading is daarom gebaseer op die veronderstelling of standpunt dat die berader slegs oor kennis van die terapeutiese proses beskik, en nie oor die inhoud en betekenis van mense se lewens nie (Marvel *et al.*, 2000:1). Die terapeut vertolk glad nie 'n bemiddelende, oortuigende of outoritêre rol nie. Die terapeut wat binne die narratiewe beradingskonteks werk, kan slegs betekenis formuleer met behulp van die kliënt se interpretasie van feite deur die gebruik van taal (Kotzé, 1995:35).

Vanuit die literatuur blyk dit dat veral twee gesaghebbende figure, naamlik Michael White en David Epston, die narratiewe berading as 'n beradingstegniek ontwikkel het. White en Epston (1990:10) sien mense se realiteit as verwant aan die realiteit van hulle stories, en het juis daarin geslaag om maniere van dink en werk te ontwikkel wat onderbroke stories van gespreksgenote na vore bring, om sodoende betekenis daaraan te koppel dat die stories deel kan word van 'n effektiewe narratief wat buite die dominante storie funksioneer (Freedman & Combs, 1996:40). Deur dit te doen, word die weg gebaan vir die kliënt om tallose moontlikhede te ontgin wat weer 'n nuwe storie laat ontstaan. Alternatiewe stories beklemtoon die sterktes, spesiale vermoëns en aspirasies van die kliënt (Freeman *et al.*, 1997:50), dit wil sê, die stories waarvolgens die kliënt graag wil lewe (Morgan, 2000:14).

Ten einde die vraag na wat narratiewe berading is te beantwoord, verwys die navorser na onder andere die volgende outeurs se uitgangspunte:

Sween (1998:3-6) verduidelik die begrip *narratiewe berading* aan die hand van die volgende punte:

- Narratiewe berading het een belangrike uitgangspunt: Die persoon is nooit die probleem nie, die probléém is die probleem. Dié standpunt word ook deur O'Hanlon (1994:23) ondersteun.
- Narratiewe berading beskou die storie as die basiese eenheid van ervaring.
- Narratiewe berading is geïnteresseerd in die stories wat mense lewe. Stories vorm die persoon se perspektief van die lewe, geskiedenis en sy toekoms.
- Narratiewe berading beskou die mens as 'n betekenisskepper. Hy ervaar iets en heg betekenis daaraan. Die storie is die bekendste manier van kommunikasie oor ons ervarings.
- Narratiewe berading gaan van die standpunt uit dat die persoon se identiteit gevorm word deur sy verhouding met mense, sy kultuur en geskiedenis, met ander woorde, deur middel van sosiale interaksie.
- Narratiewe berading is geïnteresseerd in die stories wat die mens se lewe vorm en wat die meeste betekenis vir die persoon het.
- Narratiewe berading behels die proses waar die storielyn wat die gespreksgenoot se storie en lewe vorm, versterk word.
- Narratiewe berading volg 'n nie-blamerende benadering ten opsigte van berading en die persoon wat vir hulp aanklop, word as 'n kenner van sy eie lewe beskou (Trad, 1992:161).

Volgens Willig (1999:13) is narratiewe berading die eksternalisering en objektivering van die probleem deur middel van 'n proses van vraagstelling. Tydens die narratiewe gesprek word die kliënt die geleentheid gegee om sy storie te vertel en weer te vertel, totdat daar uiteindelik herinterpretasie en rekonstruksie plaasvind.

Hevern (1998:1) beskryf narratiewe terapie as die verstaan van menslike ervarings in die lig van stories. Doan (1997:131) beskryf narratiewe berading soos volg: "Narrative therapy are interested in deconstructing stories that dominate, marginalize, subjugate, objectify and exclude people and encourage people to become their own authors while recognizing the social nature of human life." Freedman en Combs (1996:16) brei hierop uit as hulle daarop wys dat hulle doel met narratiewe berading is om stories binne hulle gespreksgenote na vore te bring, stories wat nie die probleem ondersteun nie. O'Hanlon (1994:19) wys daarop dat narratiewe berading daarin gesetel is dat dit in die potensiaal van mense glo en dat hierdie potensiaal deur gesprek ontgin word. In aansluiting hierby wys Anderson en Goolishian (1988:383) daarop dat berading 'n sisteem is waar probleme deur herorganisering in taal opgelos word.

Ten slotte gee die navorser opsommende gedagtes oor die term *narratiewe berading.* Narratiewe berading is 'n proses waar beide die terapeut en die kliënt stories ontwikkel om sodoende ervarings te kan verstaan en betekenis daaruit te verkry. In plaas daarvan om mense te etiketteer en oplossings vir die kliënt voor te stel, staan die berader en die kliënt in 'n besondere verhouding met mekaar waar die kliënt sy/haar eie unieke oplossings ontdek, omdat die kliënt die ekspert van sy/haar eie storie is. Deur middel van dekonstruksie word die aannames en betekenis van dominante stories ondersoek en alternatiewe stories

word geëksploreer. Toepaslike vrae wat deur die berader gevra word, is 'n onontbeurlike instrument wat die berader in die beradingsproses gebruik. Deur middel van eksternalisering, skep die kliënt afstand tussen hom-/haarself en die probleem, en sodoende word die probleem buite die persoon geplaas. Narratiewe terapie is dus die hervertel en herlewing van stories. Zimmerman en Dickerson (1994:235), asook Cheung (1997:335), asook stel dit soos volg: "As people retell their stories in therapy, they often notice that they have already experienced participating in an alternative story."

## 2.9 SAMEVATTING

In hoofstuk twee is die leser breedvoerig bekend gestel aan die teoretiese onderbou en perspektiewe wat die navorser as basis vir hierdie studie gebruik. Daar is onder andere aandag gegee aan die sisteemteorie, kubernetiese paradigma, modernisme, postmodernisme, konstruktivisme, sosiale konstruktivisme, konteks en narratiewe paradigma. Die voorgenoemde teorieë se uitgangspunte is in so 'n mate ondersoek dat dit verduidelikings gee van hoe dit ten nouste by die doelstellings van die studie aansluiting vind.

# HOOFSTUK 3

# OORTUIGINGS

## 3.1 INLEIDING

In die vorige hoofstuk is aandag gegee aan die teoretiese onderbou en perspektiewe van die studie. Daar is ook aan die leser uitgewys hoe die teoretiese onderbou by die doelstellings van die studie inpas.

Soos reeds in hoofstuk een genoem is, is die algemene doelwit van die studie die dekonstruksie van beperkende narratiewe in die lewe van 'n individu. Die oogmerk van die navorser met hierdie navorsing is dus om die beperkende narratiewe saam met die kliënt uit te daag, alternatiewe denkwyses oor beperkende narratiewe te konstrueer en sodoende nuwe betekenis vir die individu te skep.

Die navorser is van mening dat beperkende oortuigings onder andere verantwoordelik is vir die disfunksionele narratiewe/stories in die lewe van individue. In die hoofstuk word daar in diepte aan die konsep *oortuigings* aandag geskenk, ten einde die konteks waaruit die studie benader word aan die leser bekend te stel.

## 3.2 OORTUIGINGS

Die navorser is van mening dat een van die belangrikste onderliggende faktore vir 'n beperkende narratief van 'n individu sy/haar oortuigingsisteem is. Dit is belangrik dat die leser daarop moet let dat

*oortuigingsisteem* in die konteks van hierdie studie nie 'n religieuse konnotasie het nie.

In die dekonstruksie van beperkende narratiewe sal die navorser uiteraard ook fokus om saam met die kliënt, onder andere die oortuigingsraamwerke uit te daag om sodoende alternatiewe stories daar te stel.

### 3.2.1 ORIëNTERING EN DEFINISIE VAN DIE BEGRIP *OORTUIGINGS*

Volgens Wright *et al.* (1996:19) is oortuigings die lense waardeur ons na die wêreld kyk, en is dit ingebed in die stories wat ons wedersyds kommunikeer. Oortuigings het as sodanig 'n bepalende effek op hoe ons ons lewens inrig. Wright *et al.* (1996:42-43) beklemtoon hierdie aspek soos volg: "Our beliefs and believing inevitably influence the way we interact and differences of beliefs are unavoidable because our lives and experience differ. Beliefs arise out of the life one is living." Oortuigings is dus veralgemenings wat gevorm word deur klein hoeveelhede onoortuigende subjektiewe ondervindings (Van Niekerk, 1998:18; Molden, 2001:50) en vorm mense se persepsies en interpretasies van 'n situasie verskillend, aldus Wright *et al.* (1996:55).

Oortuigings is mense se persepsies van die realiteit wat geskep is deur gevolgtrekkings, afgelei van ondervindings of inligting (Van Niekerk, 1998:19-20; Aldisert, 2000:1). Oortuigings het 'n kognitiewe, 'n affektiewe en 'n gedragskomponent wat gevorm word deur ons interaksie met ander mense. Oortuigings onderskei mense van mekaar en dit verbind mense ook aan mekaar. Voorts vorm dit ook die grondslag van ons gedrag en die kern van ons gevoelsinhoud (Molden & Parker,

2002:99). Dit is die bloudruk vanwaar ons ons lewens konstrueer, terwyl dit gevorm word en verander deur die interaksie met ander mense en in die konteks waarin ons leef. Oortuigings beïnvloed ons lewens op 'n bewuste en 'n onbewuste vlak deur middel van ons denkprosesse (Van Niekerk, 1998:20), onderskei ons van mekaar en bind ons saam (Wright *et al.,* 1995:19). As die oortuiging wat bepaalde gedrag ondersteun dus deur die individu verstaan word, maak die spesifieke gedrag vir die individu sin (Wright *et al.,* 1996:49).

Wright *et al.* (1996:22) en Robbins (1997:75) wys verder op twee belangrike aspekte wat in ag geneem moet word om die begrip *oortuiging* ten volle te verstaan.

Eerstens bevat 'n oortuiging die idee van 'n stel volgehoue veronderstellings omtrent wat as die waarheid aangeneem of aanvaar kan word, en tweedens bestaan daar 'n stel bewerings of aannames met 'n emosionele basis omtrent wat die waarheid behoort te wees. Om hierdie rede is dit moeilik om oortuigings deur middel van die tipiese reëls van die logika of rasionele denke te verander (Molden, 2001:310).

Vir die doeleindes van die studie voorsien die navorser vervolgens 'n aantal definisies vir die begrip *oortuiging.*

Wright *et al.* (1996:41) definieer 'n oortuiging soos volg: "A belief is the "truth" of a subjective reality that influences biopsychosocial-spiritual structure and functioning. In conversations, we speak and listen to one another from these domains of "truths" – explanations, values and obligations based on our beliefs – that have arisen from the social, interactional and cultural domains in which we live."

In aansluiting by die bogenoemde laat Efran en Lukens (1990:27) hulle soos volg oor menslike oortuigingsisteme uit: "A persons beliefs about what sort of world he lives in will determine how he sees it and acts within it, and his ways of perceiving and acting will determine his belief about its nature. The living man is thus bound within a net of epistemological and ontological premises which – regardless of ultimate truth or falsify – become partially self validating for him."

Wright *et al.* (1996:25) maak verder die opmerking dat mense in hulle professionele sowel as persoonlike lewens onvermydelik sekere "lense" aanvaar waardeur oortuigings ondersoek word, omdat oortuigings nie net in die domein van betekenis voorkom nie, maar ook in die domein van emosie en gedrag. In dié verband wys Knight (1995:84), asook Molden en Parker (2002:99) daarop dat oortuigings gedrag beïnvloed en selfs vorm. Om oortuigings te verstaan, moet ons onder andere die sosiale en kulturele konteks daarvan verstaan. Freedman en Combs (1996:16) wys verder daarop dat oortuigings ons realiteite tot so 'n mate ondersteun, dat dit 'n groot deel van ons lewens uitmaak. Dit is daarom nie die gebeure wat in ons lewens plaasvind wat ons vorm en beïnvloed nie, maar ons oortuigings oor wat 'n gebeurtenis beteken (Robbins, 1997:73). Oortuigings vorm dus mense se persepsies en interpretasies van 'n situasie verskillend (Wright *et al.,* 1996:55).

Die belangrikheid en implikasies van oortuigingsisteme word vir die navorser deur Sexton en Griffin (1997:5) soos volg saamgevat: "The prevaling belief system have more of an effect on the explanations developed to explain the events in the world, than do any objective facts."

### 3.2.2 OORTUIGINGS AS LENSE WAARDEUR ONS NA DIE WêRELD KYK

Net soos daar verskeie oortuigings tussen beraders bestaan oor hoe probleme ontstaan en hoe groei en ontwikkeling by mense plaasvind, so bestaan daar ook verskeie en wyduiteenlopende sienings oor hoe oortuigings ons lewens beïnvloed.

Die navorser is van mening dat dominante stories heel waarskynlik in baie mense se geval in stand gehou word deur 'n betrokke persoon se oortuigingsraamwerk. Goldenberg en Goldenberg (1996:307) wys daarop dat mense se gevestigde oortuigingsisteme nie net dit wat hulle sien beïnvloed nie, maar ook hoe mense hulle waarnemings analiseer, interpreteer en betekenis daaraan gee. Wright *et al.* (1996:22) en Robbins (1997:73) suggereer selfs dat 'n mens se oortuigings hom/haar kan beperk om alternatiewe moontlikhede te ontdek. Narratiewe berading maak dit as 'n beradingstegniek egter moontlik om deur die beperkings van 'n dominante storie te breek.

Wright *et al.* (1996:25) is van mening dat indien oortuigings deur middel van 'n verskeidenheid lense ondersoek word, 'n groot aantal verskillende verduidelikings omtrent oortuigingsisteme insgelyks aan die lig sal kom. Dié skrywers wys verder daarop dat mense in hulle professionele sowel as persoonlike lewens onvermydelik aansluiting vind by verskillende lense. Verskillende lense kan die oortuigings van mense op verskeie maniere beïnvloed.

Vervolgens word 'n oorsig gebied van die verskillende lense wat deur Wright *et al.* (1996:25-37) geïdentifiseer word.

#### 3.2.2.1 LENS VAN SOSIOLOGIE

Volgens Wright *et al.* (1996:25) stel die bogenoemde lens 'n oortuigingsisteem voor as 'n stel verwante idees (aangeleerde en gedeelde idees) wat oor 'n periode volhard en waartoe mense verbind is. Oortuigingsisteme het verder drie eienskappe, naamlik:

- Permanensie – Oortuigings vorm deel van ons algemene netwerk van kennis. Soos ons nuwe informasie insamel, maak ons assosiasies met bestaande inligting wat bestaande oortuigings ondersteun en sodoende word dit deel van ons unieke lewenservarings wat al hoe meer permanent raak (Van Niekerk, 1998:18)

- Toegewydheid – Soos gebeure plaasvind, gaan ons terug op vorige ondervindings (wat deel van ons kennis is) en ons kry terugvoer oor ons eie persepsies en interpretasies. In die lig van die vorige ondervindings en nuwe verworwe inligting soek ons na maniere om toegewy/getrou aan bestaande oortuigings te bly (Van Niekerk, 1998:20).

- Verwantskap – Van Niekerk (1998:20) maak in die verband die opmerking dat ons konstant op 'n bewuste en 'n onbewuste vlak verwantskappe tussen oortuigings identifiseer wat bepalend is van ons interaksie met ons omgewing. Die doel hiervan is selfbewaring of selfinstandhouding in ons sosiale omgewing.

Die sosiale konteks waarin die oortuigingsisteme hulle beslag vind, beïnvloed die graad van permanensie, toegewydheid en verwantskap tot so 'n mate dat dit die funksionering van die individu beïnvloed (Wright *et al.* 1996: 25).

Uit die beskrywing van dié lens is dit vir die navorser duidelik dat dit 'n belangrike deel van 'n persoon se oortuigingsisteem is. 'n Beperkende narratief word hier deur 'n beperkende oortuiging ondersteun. Die politieke en ekonomiese kontekste word byvoorbeeld veral deesdae aangevoer as redes hoekom dit met sekere mense so "sleg gaan", en hoekom sekere gedrag tot uiting kom.

### 3.2.2.2 LENS VAN FILOSOFIE

Volgens dié lens is oortuigingsisteme afhanklik van menslike verbeelding, en mense se ondervindings reflekteer hulle realiteit in so 'n mate dat oortuigingsisteme uiteindelik ook hulle realiteit definieer. Oortuigings anker mense in hulle realiteit. Menslike oortuigingsisteme is onvermydelik divers van aard, gedryf deur sinergistiese energie en daar word nie aan beperkende analises van die oortuiging toegegee nie (Taggart, 1994:20).

Ander sienings binne die paradigma is dat oortuigings uit mense se karaktereienskappe voortspruit, met ander woorde, wie ons is en hoe ons ons realiteite verstaan en sin daaruit maak (Wright *et al.,* 1996:20).

Hierdie lens ondersteun die navorser se mening dat baie mense tipies die volgende verduideliking vir 'n beperkende narratief aanvoer. In die voorbeeld van 'n gesinsverhouding wat voortdurend deur erge konflik tussen gesinslede geraak word, word onder andere die volgende verduidelikings aangevoer:

"Ek het nou maar eenmaal 'n kort humeur."
"Ek is so gemaak en laat staan."

"Sulke dinge is maar realiteite van die lewe."
"My pa het so opgetree, ek doen dit ook so."
"Ek is as kind so (op 'n spesifieke manier) grootgemaak en dit het toe gewerk."

Uit die bogenoemde verduideliking is dit duidelik dat die oortuigings nie baie bruikbaar is nie en oor tyd konstruktiewe en effektiewe funksionering kan beïnvloed. Die aard van irrasionele oortuigings kan so kragtig wees dat dit 'n gevoel van hulpeloosheid en magteloosheid om iets daaraan te doen tot gevolg kan hê Van Niekerk, 1998:23). Dit is juis vir die rede dat irrasionele oortuigings geïdentifiseer en uitgedaag moet word in terme van hulle redelikheid, betroubaarheid en bruikbaarheid. Deur middel van dié uitdaging word die kliënt in staat gestel om keuses uit te oefen in plaas daarvan om deur die irrasionele, uitgediende oortuiging beheer te word (Van Niekerk, 1998:25).

### 3.2.2.3 LENS VAN ANTROPOLOGIE

'n Onderskeidende kenmerk van die lens is die dinamika van hoe groepe hulle oortuigingsisteme ontwikkel, onderhou en verander. In dié geval word die blaam vir 'n spesifieke toestand (byvoorbeeld 'n siektetoestand) op iemand of iets anders geplaas, om sodoende die konflik in die groep te verlig.

Wright *et al.* (1996:27) verduidelik dat een van die beste voorbeelde om die voorgaande te illustreer, dié van toordokters in Soedan in Sentraal-Afrika is. Hierdie persone (wat hoogs gerespekteerde lede van hulle samelewing is) moet onder meer die volgende bevestig:

- 'n Persoon is korrek in sy/haar waarneming van 'n bepaalde verskynsel, byvoorbeeld 'n siektetoestand.
- Probleme is nie die persoon se fout nie.
- Persone is nie te blameer as probleme voorkom nie.

Deur die bogenoemde te doen, valideer en bevestig die toordokter spesifieke oortuigings wat die bepaalde gemeenskap se kohesie bevorder.

Wright *et al.* (1996:28) maak verder die stelling dat die proses van eksternalisering gesien kan word as soortgelyk aan die proseswat gebruik word deur die toordokter. Eksternalisering vewyder dus die probleem van die persoon en bemagtig sodoende die persoon om teen die probleem op te staan en dit te beveg, eerder as om 'n gevoel van magteloosheid daaroor te ontwikkel.

**3.2.2.4 LENS VAN PSIGOLOGIE**

Die uitgangspunt wat hier van toepassing is, is hoe meer een spesifieke oortuiging funksioneel gekoppel word aan 'n ander een, hoe groter is die implikasies en gevolge wat dit vir ander oortuigings inhou en hoe meer sentraal is die oortuiging vir die individu. Met ander woorde, hoe groter die bepaalde oortuiging is, hoe meer vorm dit deel van die persoon se verwysingsraamwerk. Hoe meer sentraal die oortuiging, hoe moeiliker is dit om te verander en hoe meer sentraal die oortuiging wat verander is, hoe groter is die gevolg in die res van die oortuigingsraamwerk.

Binne die domein van die kognitiewe sielkunde lê ook die attribusie-teorie wat oortuigings beskryf as mense se konstruksies van hoe dinge gebeur, spesifiek met betrekking tot betekenisvolle persoonlike gebeurtenisse. Die attribusie-teorie handel hoofsaaklik oor die proses

van interpretasie of beoordeling van die eienskappe van persone en voorwerpe in ons omgewing. Die attribusie-teorie poog dus om te verklaar hoe mense te werk gaan om attribusies (toeskrywings) van kousaliteit (oorsaaklikheid) te maak, met ander woorde, hoe hulle dinge verklaar (Louw & Edwards, 1993:774).

Hierdie teorie wil die vraag na onder watter omstandighede mense daartoe neig om 'n persoon vir sy gedrag verantwoordelik te hou, en in watter omstandighede hulle daartoe neig om die situasie as die oorsaak van gedrag te beskou, beantwoord (Plug *et al.*, 1993:33).

Die volgende situasie word ter verduideliking voorgehou:
Veronderstel die vader van 'n huisgesin tree op 'n besonder humeurige wyse op wat konflik binne gesinsverband veroorsaak. Verskeie redes kan hiervoor aangevoer word, maar een van die redes kan wees dat die persoon (die vader) se oortuigingsisteem oor 'n bepaalde saak (bv. om die baba te versorg) in konflik is met dit wat van hom "verwag" word. (Die navorser is bewus van baie manlike persone wat glo dat dit net die vrou se rol en verantwoordelikheid is om babas te versorg.)

Vanuit die positivistiese paradigma het Albert Ellis (1962) en Aaron Beck (1988) irrasionele denke of disfunksionele oortuigings as die basis van menslike kwesbaarheid gesien, aldus Wright *et al.* (1996:29). Volgens Beck is daar drie kognitiewe verdraaiings wat tot irrasionele denke of disfunksionele oortuigings bydra, naamlik:

- Verkleining – dit is die onderskatting van eie sterktes.
- Vergroting – die vergroting en oordrywing van foute wat die individu maak.

➤ Rampspoedig of katastrofies – hier beslis die individu dat iets 'n totale ramp sal wees.

Volgens Wright *et al.* (1996:29) is nog 'n bydrae in hierdie verband deur George Kelly (1955) gemaak, en hy beskou oortuigings as persoonlike konstrukte. Ons oortuigings en aksies is verder interafhanklik en het gepaardgaande gevolge. Met ander woorde, enige aksie wat ons neem (gebaseer op ons oortuigings), beïnvloed die interaksie wat daarop volg.

Die lens van die psigologie is vir die navorser 'n uitstekende voorbeeld van hoe beperkende/disfunksionele narratiewe deur beperkende oortuigings ondersteun word. In dié verband maak Robert Bolt, soos aangehaal deur Molden en Parker (2002:46), die volgende opmerking: "A belief is not merely an idea the mind possesses; it is an idea that possesses the mind." Die navorser is van mening dat die verabsolutering van 'n bepaalde oortuiging sekere aspekte van 'n mens se lewe ingrypend kan beïnvloed. Hierdie aanname sal dan ook as deel van die navorsing ondersoek word.

Op grond van die bogenoemde insig moet die navorser dus bedag wees op die dinamika wat by bepaalde oortuigingsraamwerke betrokke is en wat op sy beurt 'n beperkende narratief kan ondersteun. Veral die sogenaamde verdraaiings kan 'n beduidende impak hê op die verstaan en dekonstruksie van 'n bepaalde beperkende narratief. In die opsig stem die navorser met Wright *et.al.* (1996:42) saam dat 'n mens se oortuigings hom/haar soms kan beperk om alternatiewe moontlikhede te ontdek.

### 3.2.2.5 LENS VAN SPIRITUALITEIT/GODSDIENS

Die domein van spiritualiteit verskaf baie bruikbare idees aangaande oortuigings. Taggart (1994:21) wys egter daarop dat geloof nie vae filosofieë is nie. Dit is georganiseerde oortuigingsisteme met of sonder 'n bonatuurlike component wat 'n wêreld verskaf om in te woon en in baie gevalle is spiritualiteit deel van kernoortuigings. Omsigtigheid moet egter hier aan die dag gelê word, omdat spiritualiteit en godsdiens, en die persoonlike oortuigings in die verband soms moeilik begrypbaar is.

In die dekonstruksie van beperkende narratiewe sal die navorser daarop bedag moet wees dat geloofsoortuigings vir mense uit alle godsdienstige groeperings van groot betekenis is. Dit kan ook gebeur dat 'n bepaalde geloofsoortuiging, 'n bepaalde beperkende narratief ondersteun.

### 3.2.2.6 LENS VAN FAMILIETERAPIE

Sommige terapeute is van mening dat die blootstelling van familielegendes en mites, en die oortuigings daaragter sentraal staan in die terapeutiese proses (Wright *et al.*, 1996:37). Hierdie uitgangspunt neem aan dat die familie verkeerd is in hulle oortuigings en dat die onakkurate persepsie reggestel moet word. Hierdie standpunt is egter nie versoenbaar met die narratiewe berading se uitgangspunt nie (vergelyk hoofstuk twee, afdeling 2.8.2). 'n Ander siening is dat oortuigings 'n kernelement in die veranderingsproses is.

Vanuit die postmodernistiese en die sosiaal konstruktivistiese perspektief, volg narratiewe berading 'n probleemoplossingsbenadering. Hiervolgens vind terapeutiese verandering plaas wanneer die terapeut en

die individu en/of families saamwerk om alternatiewe betekenis vir probleemdeurdrenkte stories te bekom, en om sodoende nuwe stories te ontdek (Goldenberg & Goldenberg, 1996:308; Wright *et al.*, 1996:37).

### 3.2.2.7 LENS VAN BIOLOGIE

Volgens dié uitgangspunt word oortuigings, oftewel sisteme van betekenis, deur ons geskiedenis van interaksie met ander mense en die omgewing oor tyd heen gevorm. Individue kan verandering in hulle bio-psigososiale en spirituele strukture ervaar deur interaksie en *vice versa.* Oortuigings word hiervolgens beskou as aaneenlopende kognitiewe interaksie tussen dit wat ons verwag om te sien, en dit wat uiteindelik voortgebring word.

Maturana en Valera (1992), soos aangehaal deur Wright *et al.* (1996:38), wys egter op twee uitgangspunte wat ondersoek moet word teen die agtergrond van die bogenoemde gedagte oor die lens van biologie.

Eerstens, die uitgangspunt van objektiwiteit, naamlik dat daar net een verwysing of verduideliking van die wêreld is en dat alles wat waargeneem word onafhanklik van die observeerder is. Dit wat waargeneem word, is die onbetwiste waarheid (die uitgangpunt is in meer besonderhede in hoofstuk twee, in afdeling 2.2.1 bepreek).

'n Tweede uitgangspunt van die voorgenoemde skrywers is dat objektiwiteit relatief is: dit wat bestaan is nie onafhanklik van die observeerders nie en die waarheid is dit wat voortgebring word deur die observeerders deur middel van taal in 'n bepaalde sosiale konteks.

Die navorser wil egter die leser se aandag daarop vestig dat die huidige studie uit 'n postmoderne paradigma benader word en daarom versoenbaar is met die uitgangspunt van Maturana en Varela (1992) soos hierbo uiteengesit. In hoofstuk twee, (afdeling 2.2.2) is hierdie uitgangspunt in meer besonderhede bespreek.

In die voorafgaande gedeelte het die navorser die verskillende lense soos beskryf deur Wright *et al.* (1996) aan die leser voorgehou. Ten einde aan die algemene doelstelling van die studie te voldoen, naamlik om beperkende narratiewe te dekonstrueer, sal die navorser bedag moet wees op die verskillende lense wat oortuigings ondersteun, omdat dié lense 'n verskeidenheid verduidelikings identifiseer en sodoende die kliënt se uitdaag van disfunksionele stories fasiliteer. As 'n narratiewe berader sal die navorser ook nie 'n waardebepaling kan maak of die kliënt reg of verkeerd is nie. Daar sal eerder na unieke stories geluister moet word en soos Freedman en Combs (1996:36), asook White (1991:26) dit stel, gepoog moet word om nie die kundige met professionele kennis in die gespreksituasie te wees nie, maar eerder om die oortuigings wat die probleem ondersteun, te verstaan deur vrae te vra.

Vervolgens word aandag aan die sogenaamde kernoortuigings gegee.

### 3.3 KERNOORTUIGINGS

Wright *et al.* (1996:42) wys daarop dat daar talryke oortuigings is wat ontstaan en werksaam is in elke persoon en elke situasie. Nie alle oortuigings maak egter saak nie en nie alle oortuigings ontlok emosionele en fisiologiese response nie. Die oortuigings wat volgens Wright *et al.* (1996:42) saak maak, is die sogenaamde kernoortuigings.

Kernoortuigings is persoonlik van aard en soms op 'n onbewuste vlak, dit bepaal hoe ons ons omgewing benader, asook ons identiteit en realiteit. Wright *et al.* (1996:42) stel dit soos volg: "Core beliefs are the beliefs that matter within our relationships and within significant events in our lives, such as illness." Kernoortuigings verskil van persepsies en gedagtes en dit ontlok 'n affektiewe en fisiologiese respons. Kern-oortuigings kan verder goed of sleg vir die individu wees. Verdere eienskappe van kernoortuigings is dat dit beperkend of fasiliterend kan wees. Beperkende oortuigings hou probleme in stand en beperk die geleentheid vir alternatiewe. Fasiliterende oortuigings, daarenteen, vergroot die moontlikheid om oplossings vir probleme te vind.

Ten slotte vind die navorser aanklank by Cecchin *et al.* (1994:13) se stelling, naamlik dat ten einde te oorleef en vooruitgang te toon, moet ons ons tot sterk oortuigings verbind, maar ons moet ook die vermoë hê om oortuigings wat nie van waarde is nie te bevraagteken. Nuwe maniere om na onsself te kyk, asook na ons verhoudings en ondervindings kan beide verfrissend en bedreigend wees. Wright *et al.* (1996:229) stel dit soos volg: "Growth can only take place if beliefs are challenged and if not useful, be replaced." In die proses om disfunksionele stories uit te daag en na alternatiewe te soek, sal dit daarom nodig wees om oortuigings te bevraagteken en/of uit te daag, en om dit sodoende te vervang met nuwe oortuigings wat nuwe denkwyses ondersteun en alternatiewe stories daar stel.

Die rol van die navorser sal in die beradingskonteks wees om die oortuigingsraamwerk wat die kliënt se probleem ondersteun, te verstaan. Freedman en Combs (1996:36) stel dit soos volg: "We inquire about where those beliefs come from and what processes of social construction have recruited people into those beliefs."

### 3.4 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk het die navorser die begrip *oortuigingsisteme* beskryf en telkens daarop gewys hoe die verskillende oortuigingsisteme, oftewel lense, beperkende/disfunksionele narratiewe kan ondersteun. Verder is getoon dat oortuigings op 'n bewustelike en 'n onbewustelike vlak voorkom, en dat dit onder andere beginsels of idees is wat as die waarheid aangeneem word. Dit is dus ons realiteit wat nie net dit wat ons sien, beïnvloed nie, maar ook hoe ons hierdie waarnemings analiseer en die betekenis wat ons daaraan gee. Dit het verder ook duidelik geword dat oortuigingsisteme ons selfs tot hoër hoogtes kan motiveer of ons van potensiële groei in ons lewens kan weerhou. Omdat oortuigingsisteme so 'n belangrike rol in die lewens van mense speel, sal die navorser deurgaans daarop fokus in die navorsing ten einde aan die studie se doelwitte te voldoen.

In hoofstuk vier word die navorsingsmetode van die studie aan die leser voorgehou.

# HOOFSTUK 4

## NAVORSINGSMETODE

"There is no burden of proof. There is only the world to experience and understand. Shed the burden of proof to lighten the load for the journey of experience." (Patton, 1990 soos aangehaal deur Swanepoel, 1999:48).

## 4.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die studie se navorsingsmetode uiteengesit. Die epistemologiese posisie van die navorser sal bespreek word deur die modernistiese en die postmodernistiese epistemologie aan die leser voor te hou. Die evaluering van kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing, asook die benutting van die enkelgeval-studiemetode sal aan die leser voorgehou word. Die enkelgeval-studiemetode sal in meer besonderhede bespreek word, omdat die navorser van dié metode in sy navorsing gebruik sal maak om 'n individu se beperkende narratiewe te dekonstrueer en saam met die kliënt alternatiewe daar te stel.

## 4.2 ORIëNTASIE TOT DIE NAVORSING

Elke navorser moet die vraag rakende sy epistemologiese posisie kan beantwoord (Kotze, 1992:3; Roux, 1996:3). Roux (1996:4) wys daarop dat die manier waarop 'n navorser die realiteit waarneem en spesifiek die metodologie wat hy verkies ten einde kennis van die realiteit te bekom, sy navorsingsmetode sal bepaal. Ter verduideliking van die term *epistemologie* lê die navorser Kotze (1992:4) se mening voor. "Dit gaan in

die term epistemologie tegelyk om die vraag na hoe 'n mens dink, waarneem en besluit, en wat die mens dink, waarneem en besluit. Die hoe en die wat van kennis staan in rekursiewe relasie tot mekaar. Die aannames ten opsigte van hoe gemeet word, beïnvloed wat gemeet word, terwyl wat gemeet word weer deur die hoe daarvan beïnvloed word."

Die epistemologiese posisie van 'n navorser bepaal watter metode gevolg sal word in 'n poging om kennis te verkry, asook 'n navorser se paradigma ten opsigte van die bepaalde navorsingsmetode.

Ten einde duidelikheid hieroor te verkry, sal die navorser kortliks 'n vergelyking tref tussen 'n modernistiese en 'n postmodernistiese benadering ten opsigte van navorsing. Die vergelyking tussen die twee navorsingsmetodes het egter nie ten doel om die twee denkrigtings teenoor mekaar te stel nie, maar eerder om die navorsingsmetode wat die navorser sal volg ten einde beperkende narratiewe te dekonstrueer, vir die leser toe te lig. Die redes vir die gebruik van 'n postmodernistiese benadering sal ook aangevoer word. Vervolgens word ondersoek ingestel na die modernistiese navorsingsraamwerk.

### 4.2.1 MODERNISTIESE EPISTEMOLOGIE

Anderson (1997:29) verwys na die modernisme as onder andere kulturele konsepte van objektiwiteit, sekerheid en waarheid. Kennis en waarheid funksioneer dus volgens 'n hiërargiese orde vanuit die modernistiese perspektief (Anderson, 1997:31) en die hoogste kennis lei tot universele waarhede, aldus Lyddon en Schreiner (2000:2). Die modernisme glo dus dat objektiewe kennis bestaan en dat menslike gedrag totaal verstaan kan word (soos vroeër in die studie vermeld is). Deur middel van

empiriese navorsingsmetodes kan daar volgens die modernisme universele waarhede rakende sisteme of objekte nagevors word (Botha, 1998:55). Uit die voorgaande blyk dat 'n navorser volgens die modernistiese paradigma menslike gedrag objektief kan waarneem en bestudeer, omdat sodanige "los" staan van dit wat waargeneem of bestudeer word. Hierdie "los" staan van dit wat "objektief" waargeneem word, is egter nie binne die narratiewe beradingsparadigma moontlik nie.

Die navorser wil egter by Pauw (1997:73) aansluit wat die stelling maak dat daar nie meer iets is soos 'n onfeilbare navorsingsmetode wat 'n waarborg is dat die waarheid of essensie van 'n onderwerp bewys kan word nie, aangesien die realiteit nie gesien kan word as 'n objektiewe waarheid nie. Teen dié agtergrond ondersteun die navorser Van Heerden (1999) se kritiek teen die modernistiese epistemologie. Hy stel dit soos volg:

- Die modernistiese epistemologie neem dikwels nie die konteks in ag nie.
- Die korrekte wetenskaplike navorsingsmetode lei nie noodwendig tot universeel korrekte waarhede nie.
- 'n Navorser is nie noodwendig altyd objektief nie.
- Absolute waarhede moet bevraagteken word en nie net aanvaar word nie.
- Die moderne epistemologie kan nie antwoorde op alle vrae verskaf nie en fragmentering van data vind dikwels plaas.

Omdat die navorser hom nie met sekere aspekte van die modernistiese epistemologie kan versoen nie, wend hy hom tot die postmodernistiese epistemologie wat dan ook die basis van die navorsing sal vorm. Die navorser se keuse in die verband word deur Botha (1998:61) soos volg

saamgevat: "The shift from modernistic epistemology to a post-modernistic epistemology is a broad cultural shift which effects all areas of human life and has been born out of the realisation that the positivistic scientific enterprise has not delivered the promised goods of a better life for all."

### 4.2.2 POSTMODERNISTIESE EPISTEMOLOGIE

Dit dien verder vermeld te word dat die postmoderne navorsing nie algemeen geldende wette wil ontdek of bevestig nie, maar eerder wil fokus op kontekstuele kennis wat binne 'n bepaalde gemeenskap geskep word, en wat binne hierdie gemeenskap betekenis het. Die postmodernisme maak dus voorsiening vir 'n deelnemende epistemologie. Die modernistiese beginsel van geldigheid word in die postmodernistiese raamwerk met lewensvatbaarheid vervang en inligting wat verkry word, is dus eerder verklarend en kwalitatief van aard, as beskrywend en kwantitatief (Sexton & Griffin, 1997:8). Postmoderne navorsing pas dus ten nouste by die sosiale konstruksiediskoers in en is volgens Pauw (1997:74) 'n sosiale skepping. Kennis spruit hiervolgens uit die mens se interaksie met sy omgewing voort en nie bloot uit die objektiewe waarneming daarvan nie (Kotze, 1992:36; Pauw, 1997:74).

Die navorser se navorsingskeuse val binne die postmoderne, sosiaal gekonstrueerde paradigma. Kvala (1992), soos aangehaal deur Botha (1998:80), verwoord hierdie navorsingsmetode soos volg: "The research process is not a mapping of some objective, social reality, research involves a co-construction of the objects investigated, with a negotiation and interaction with the very objects studied ... with an emphasis upon

qualitative, interactive and involved research ... research becomes a negotiated practice."

Die voorgenoemde aard van die navorsing maak die navorser deeglik daarvan bewus dat hy onlosmaaklik deel van die navorsingsproses sal wees. Alhoewel die kliënt as 'n spesialis van sy eie storie gesien word, sal die navorser en kliënt saam aan 'n nuwe storie werk.

Omdat die navorser sal poog om deur middel van 'n narratiewe fokus disfunksionele stories te dekonstrueer, is dit ook belangrik om na die implikasies van navorsing vanuit 'n sosiaal gekonstrueerde narratiewe benadering te kyk. Swanepoel (1999:45-48) lig die implikasies vir die navorser soos volg uit:

- Die navorser is deel van die huidige navorsing en is nie net 'n objektiewe waarnemer nie. Die navorser is aktief betrokke by die werklikheid wat gekonstrueer moet word.
- Die navorser werk reflekterend, met ander woorde, die navorsing word nie weergegee as 'n eksakte gestalte van die werklikheid nie, maar eerder as 'n nadenkende gesprek oor die werklikheid wat gekonstrueer is. Dit wat weergegee word, is dus deur die betrokke navorser beïnvloed.
- Die gespreksgenoot vorm 'n integrale deel van die hele navorsingsproses. Sonder die gespreksgenoot se narratief (storie) is hierdie navorsing nie veel werd nie. Daarom bepaal die gespreksgenoot ook in 'n mate die inhoud van die navorsing.
- Dit is noodsaaklik dat die navorser nie namens die gespreksgenoot praat nie, maar die gespreksgenoot se stem moet self gehoor word.
- Die navorser verwys gereeld na die sosiale konstruksiediskoers om die rol wat dit binne hierdie navorsing speel, aan te dui.

- In hierdie navorsing wil die navorser wegbeweeg van die bewys of bevestiging van 'n bepaalde hipotese of probleemstelling. Die fokus verskuif eerder na die skep van betekenis wat deur die gebruik van taal sosiaal gekonstrueer word.
- Hierdie navorsingswerk wil die beskouing dat die "waarheid" 'n objektiewe werklikheid voorstel en die mens se lewe rig, dekonstrueer.
- Die navorser wil nie 'n storie vertel en dit as die waarheid voorhou nie, ook wil die navorser nie iets bewys nie. Die navorser wil slegs een van vele stories met die leser deel en so ook help skryf aan die leser se narratief.

Die navorser beoog nie om van kwantitatiewe navorsingsmetodes gebruik te maak nie en sal daarom aandag aan die kwalitatiewe navorsingsmetode as voorkeurnavorsingsmetode gee. Vervolgens 'n beskrywing van die kwalitatiewe navorsingsmetode om die keuse van die navorser uit te lig.

## 4.3 KWALITATIEWE NAVORSING

Dit is duidelik dat daar betreffende die modernisme en die postmodernisme verskillende benaderings is ten opsigte van die spesifieke navorsingsmetode. Vanuit die postmodernisme is die neiging om van kwalitatiewe navorsing gebruik te maak. Volgens Van Heerden (1999) beklemtoon die postmoderne denke verdere aspekte soos:

- Kennis word kontekstueel gekonstrueer en is sosiale konstrukte.
- Die realiteit en betekenis word deur middel van taal op 'n sosiale wyse gekonstrueer.
- Sosiale sisteme is belangrik, want dit skep kennis.

➢ Verskeie interpretasies kan korrek wees, omdat die interpretasie van die individu se realiteit dit is wat vir hom/haar die waarheid is.

Die navorser sal in die huidige studie 'n kwalitatiewe benadering volg. Kwalitatiewe navorsing vind ten nouste aansluiting by die narratiewe terapie en die sosiale konstruktivisme. Kwalitatiewe navorsing berus op die aanname dat verskeie realiteite moontlik is en dat betekenis en die realiteit binne die domein van taal geskep word. Die kwalitatiewe benadering behels verder 'n dwarsdeursnit-ontleding waar gebeurtenisse in 'n bepaalde tyd en konteks deur die navorser probeer verstaan word en in diepte bespreek word (Richards & Bergin, 1997:332).

Kwalitatiewe navorsing het ten doel om begrip op die basis van kontekstuele en gedetailleerde data daar te stel (Mason, 1996:4). 'n In diepte beskrywing van die kompleksiteit van veranderlikes en interaksies sal sodanig deel wees van die data wat verkry word, dat dit nie anders kan as om geldig te wees nie. Die navorser sal dus sorgvuldig en deeglik die parameters beskryf om sodoende die studie te begrens ten einde die geldigheid daarvan so hoog as moontlik te hou (Marshall & Rossman, 1995:143).

Volgens Pauw (1997:72) is algemene universele wette nie die doelstelling van die narratief nie, maar eerder 'n ontdekking van diversiteite en gekontekstualiseerde vertellings. Die navorser sal die benadering noukeurig navolg omdat dit die meeste ontwikkeling in die navorsing tot gevolg sal hê.

Om die vraag na wat kwalitatiewe navorsing is te beantwoord, verwys die navorser na die volgende skrywers.

Van Heerden (1999) verduidelik kwalitatiewe navorsing as 'n gekontekstualiseerde beskrywing of vertelling van inligting wat in 'n bepaalde konteks of tyd plaasvind. Jessor *et al.* (1996:129) beskryf kwalitatiewe navorsing as multimetodies in fokus en dit sluit 'n interpreterende en natuurlike benadering in ten opsigte van dit wat ondersoek word. Kwalitatiewe navorsing bestudeer dinge in natuurlike omstandighede en poog daarmee om sin daaruit te maak of interpretasies te maak in terme van die betekenis wat mense aan dinge heg.

Pauw (1997:80) wys daarop dat kwalitatiewe navorsing ontwikkel het as 'n reaksie teen die metodes van positivistiese navorsing wat natuurwetenskaplike metodes op die sosiale metodes wil toepas. Sy is verder van mening dat natuurwetenskaplike metodes nie noodwendig die begrip en aanvoeling het vir die unieke konteks waarin die mens hom bevind nie.

Kwalitatiewe navorsing het egter beperkings waarvan die navorser kennis moet neem. Volgens Pauw (1997:79), Botha (1998)en Swanepoel (1999) is dit onder andere die volgende:

- Kwalitatiewe navorsing is dikwels moeilik om te rapporteer, want die inligting wat ingesamel word, word verkry deur onderhoude, observasie en klankopnames van gesprekke.
- Die resultaat van die studie kan nie veralgemeen word na alle omstandighede nie, omdat dit van toepassing is op 'n bepaalde konteks.
- Die fokus is op stories van mense en dikwels kan die kliënt net selektief onthou, hy/sy interpreteer dikwels en voeg soms sy/haar eie mening by.

- Die gedagtes en begrip van die navorser moet dikwels gedekonstrueer word om te bepaal of dit by die kliënt se storie pas.

Die aspekte wat as oorwegingskriteria dien vir die navorser se keuse om met kwalitatiewe navorsing te werk, word deur skrywers soos Lincoln en Guba (1985), soos aangehaal deur Nicol (1996:64-67), asook Marshall en Rossman (1995:87) en Mason (1996:4) uitgelig:

- Kwalitatiewe navorsingsmetodes is vloeibaar en responsief ten opsigte van data.
- Kwalitatiewe navorsing wys duideliker die interaksie-prosesse uit.
- Die wedersydse vormende invloede en waardepatrone wat binne die navorsingsproses teenwoordig is, word binne kwalitatiewe navorsing gerespekteer.
- Menslike sintuie, naamlik sien, hoor en die intuïtiewe sesde sintuig word uitgebrei.
- Binne kwalitatiewe navorsing word die realiteite so ryk en omvattend as moontlik beskryf.
- Data word gegenereer deur middel van metodes wat buigsaam en sensitief is vir die sosiale konteks waarin dit geproduseer word.
- Kwalitatiewe navorsing verskaf insigte wat gebaseer is op gedetailleerde inligting in 'n spesifieke konteks.
- Die navorser beweeg uit die kollig, sy stem en interpretasie is nie belangrik nie. Die fokus is op die kliënt se gevoelens en interpretasie.
- Verskeie realiteite is moontlik.
- Realiteite en betekenisse word binne die domein van taal geskep.
- Kennis word gekonstrueer deur interaksie met mense binne 'n spesifieke konteks, taal en kultuur.
- Kennis en betekenis is nie objektief nie, maar die persone betrokke by die navorsing bepaal die betekenis wat daaraan gegee word.

- Kwalitatiewe navorsing maak dit moontlik om situasies/dinge (dit wat ondersoek word) in meer diepte te ondersoek, eerder as om te veralgemeen en afleidings daaruit te maak.
- Interpretasie is verstaanbaar binne 'n bepaalde konteks en kan nie op verskillende kontekste van toepassing gemaak word nie.
- Die fokus is op wat waargeneem word, maar die bevindinge word gekontekstualiseer binne 'n sosiale, kulturele en historiese konteks.
- Die navorsing word gedoen binne 'n bepaalde teoretiese konteks. Navorsingsvrae word baie maal geformuleer gedurende die studie en is nie noodwendig beperk tot die aanvanklike oriëntering van die studie nie.
- Die navorser is 'n deelnemer in die sosiale situasie wat bestudeer word en dit behels gedetailleerde intensiewe werk.
- Die navorsingsinstrument is die navorser wat poog "to obtain a participant's account of the social setting".
- Ongestruktureerde onderhoude in die vorm van uitgebreide gesprekke kan komplementêr wees tot dit wat waargeneem word.
- Dokumente kan diepte en meer agtergrond gee tot dit wat ondersoek word.
- Verskillende metodologieë kan deur die navorser geïntegreer word.
- Die navorser moet poog om die proses van sosiale lewe so min as moontlik te versteur.

Vir die doel van die studie som die navorser die belangrikste aspekte rakende kwalitatiewe navorsing vervolgens op.

Kwalitatiewe navorsing kom binne die postmoderne konteks voor en is 'n gedetailleerde beskrywing van situasies, gebeure, mense en hulle gedrag. Dit sluit alles in wat mense omtrent hulle ondervindings, houdings oortuigings en gedagtes na vore bring. Databronne in die gebruik van

kwalitatiewe navorsing sluit onder meer observasies, onderhoude en geskrewe materiaal in. Die navorsing is oop vir enige inligting en spesifieke waarnemings word in samewerking met die kliënt tot algemene waarnemings uitgebou. Die navorser wil dus eerder verstaan, as om waarde-oordelings te maak. In samewerking met die kliënt word nuwe betekenisse geskep en nuwe insigte bekom wat weer verder geëksploreer kan word.

Kwalitatiewe navorsing maak dit dus moontlik vir die navorser om kliënte en hulle weergawes van gebeure op 'n unieke manier te bestudeer.

Soos reeds vroeër in die studie vermeld is, sal die navorser van 'n enkelgevalstudie gebruik maak. In die volgende afdeling word daar aandag aan die enkelgevalstudie as 'n navorsingsmetode gegee.

### 4.4 ENKELGEVAL-STUDIEMETODE

In die studie sal die navorser van die kwalitatiewe enkelgevalstudie as 'n navorsingsmetode gebruik maak. Volgens Pauw (1997:3) verwys die term *enkelgevalstudie* na enige ondersoek waarin daar slegs een eenheid van ondersoek is. Hierdie eenheid kan 'n persoon, gesin, organisasie, gemeenskap, of enige groep mense, politieke stelsel en vele ander begrensde stelsels wees (Pauw, 1997:56).

Kwalitatiewe enkelgevalstudies poog om die uniekheid en kompleksiteit van 'n enkelgeval te verstaan, en die aard en werking daarvan te ondersoek. Dit behels die bestudering van 'n verskynsel in die natuurlike konteks of natuurlikste konteks, veral wanneer daar nie

duidelike grense tussen die verskynsel en die konteks getrek kan word nie (Huysamen, 1993:173; Pauw, 1997:56). Die doel van die enkelgeval-studiemetode is volgens Pauw (1997:56) om begrip te kry oor hoe 'n persoon 'n bepaalde saak beleef en ervaar.

Ten einde die enkelgeval-studiemetode optimaal te benut, vergewis die navorser hom ook van 'n aantal beginsels wat in ag geneem moet word tydens die studie. Pauw (1997:57) verwys onder andere na die volgende beginsels:

- Die inligting rakende die geval moet so akkuraat as moontlik weergegee word.
- Die doelstellings en doelwitte van die navorsing moet duidelik aan die leser gestel word. Die inhoud van die navorsing word bepaal deur die doelwitte van die navorsing en daarom moet die navorser duidelikheid daaroor hê.
- Die evaluering van die doelstellings en die doelwitte moet ook neergestip word. As die doelwitte nie bereik is nie, moet die redes daarvoor gegee word.
- Die navorser moet die nodige vaardighede bekom om die kliënt se gevoelens, gedagtes en behoeftes betekenisvol te hanteer, aangesien dit belangrik in 'n enkelgevalstudie is.
- Goeie onderhouds- en luistervaardighede is nodig.
- Die fokus moet op die individu in sy bepaalde konteks val, daarom moet alle persone, gebeure en omstandighede ook in ag geneem word.
- Die situasie moet duidelik in verstaanbare taal gedokumenteer word, sodat die leser dit kan verstaan, maar dit moet ook met groot simpatie en respek vir die kliënt gedoen word.

Soos vroeër in die studie na verwys is, word die studie binne die raamwerk van die postmodernisme uitgevoer. Binne dié raamwerk kan

enkelgevalstudies met groot sukses benut word, juis omdat dit die geleentheid skep vir gekontekstualiseerde kennis en weens die geleentheid wat die kliënt het om sy/haar eie storie te ontplooi (Pauw, 1997:76).

## 4.5 BERADINGSKONTEKS

Die navorser is voltyds werksaam in die Departement Menslike Hulpbronne in 'n organisasie in die petrochemiese bedryf. As 'n geregistreerde bedryfsielkundige in die organisasie het die navorser gereeld kontak met mense wat óf deur hulle lynbestuurders verwys word óf wat self aanmeld vir berading. Die tendens is hier dat psigo-sosiale probleme in die werksituasie manifesteer en dat dit tot swak werksprestasie lei. Binne die konteks van die studie is dit tipiese beperkende narratiewe wat die lewens van die individue negatief beïnvloed. Die narratief as beradingsinstrument maak dit moontlik om saam met die kliënt te bepaal watter stories moontlik 'n invloed op sy/haar lewe het.

'n Onderskeidende kenmerk van die navorsingsproses is dat dit 'n interaktiewe, wederkerige aktiwiteit behels waarbinne die navorser en die kliënt albei deelnemende partye is en albei oor gelyke status beskik, alhoewel die kliënt as kenner van sy/haar storie gesien word. Die doel van die navorsing is om saam met die kliënt te soek of daar beperkende narratiewe is wat die kliënt se storie ondersteun. Die kliënt en die berader sal dan saam die beperkende storie dekonstrueer en 'n alternatiewe storie konstrueer. Die navorsingsresultaat is dus 'n unieke uitkoms van die sosialekonstruksie proses. Teen hierdie agtergrond sal daar gepoog word om saam met die kliënt sy/haar beperkende

narratief/dominante storie te dekonstrueer, unieke uitkomste te bepaal en 'n alterniatiewe storie daar te stel.

## 4.6 SAMEVATTING

In hoofstuk vier het die navorser die studie se navorsingsmetode bespreek. Die oriëntasie tot die navorsing is uit 'n modernistiese en 'n postmodernistiese epistemologie bespreek. Die kwalitatiewe metode is as die voorkeur navorsingsmetode aan die leser voorgehou en laastens is die beradingskonteks bespreek.

Die beradingsgesprekke word vervolgens in hoofstuk vyf bespreek.

# HOOFSTUK 5

## NARRATIEWE GESPREK

> "I am afraid to tell you who I am,
> because, if I tell you who I am, you
> may not like who I am, and it's all
> I have" (Johnson, 1997:73).

### 5.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die narratiewe gesprek tussen die navorser en die kliënt weergegee. Die leser word aan die kliënt bekend gestel deur middel van 'n beskrywing van die aanmeldingsprobleem en die kliënt se persoonlike geskiedenis. Daar sal saam met die kliënt ondersoek ingestel word na die kliënt se beperkende narratiewe en oortuigingsraamwerke, en deur middel van narratiewe berading sal beperkende narratiewe ondersoek en gedekonstrueer word, met die doel om saam alternatiewe te ontdek.

Verslag word ook gedoen van die unieke kontekste waarbinne die kliënt se unieke storie afspeel. Aan die einde van elke gespreksessie volg 'n reflektering op die gesprek.

Dit dien verder gemeld te word dat die name van alle betrokkenes by die diskoers om etiese redes verander is.

## 5.2 AGTERGROND

### 5.2.1 AANMELDINGSPROBLEEM

Cecile word deur een van haar kollegas na die navorser verwys vir berading. Voordat Cecile opdaag vir die eerste afspraak, skakel haar kollega en deel die navorser die volgende mee: Cecile het 'n lang geskiedenis van persoonlike probleme, hoofsaaklik verhoudings- en huishoudelike probleme. Sy hanteer dit redelik goed, maar ondervind van tyd tot tyd laagtepunte wat haar werksprestasie beïnvloed. Ten tye van die aanmelding ondervind sy juis weer so 'n laagtepunt en volgens die kollega neem dit nou "kritieke afmetings" aan. Die kollega noem ook dat Cecile al voorheen aangespreek is oor haar werksprestasie wat onder haar persoonlike probleme ly. As Cecile se onmiddellike kollegas, wil hulle nie te betrokke raak nie, omdat hulle te naby aan haar is.

Die navorser is van mening dat die bogenoemde beskrywing van Cecile deur haar kollega tipies vanuit 'n modernistiese raamwerk gedoen is. Hierdie beskrywing van Cecile se probleme wat deur haar kollega aan die navorser gegee is, word as die ware kennis van Cecile se probleem voorgehou. Die navorser sal as narratiewe berader dus deeglik bewus hiervan moet wees en nie toelaat dat die inligting hom beïnvloed nie, want binne die narratiewe beradingskonteks bestaan daar nie iets soos een enkele waarheid oftewel hoe Cecile werklik is nie. Daar word eerder plek gemaak vir meervoudige waarhede wat gedurende die gesprek ontdek sal word.

Die kollega meen verder dat Cecile 'n swak selfbeeld het, aandag soek en onnodig emosioneel is. Hierdie beskrywings is die tipiese "thin descriptions" waarvan Morgan (2000:12) praat. Die sogenaamde "thin descriptions" laat min geleenthede vir alternatiewe stories en uitkomste


vir die individu wat hom/haar te midde van 'n disfunksionele of 'n beperkende storie bevind.

### 5.2.2 AGTERGROND VAN DIE KLIëNT

Cecile is 'n 55-jarige dame en werk tans as 'n dataklerk in 'n groot industriële onderneming. Sy het standerd 10 voltooi en haarself nooit akademies verder bekwaam nie. Op 22-jarige leeftyd raak Cecile buite-egtelik swanger. As gevolg van die swangerskap trou sy met Fred, haar eerste man. Haar eerste dogter (Debra) is uit die verhouding gebore. In 1971 is sy van haar eerste man geskei. In 1976 ontmoet sy haar tweede dogter (Samantha) se vader (Collin). Hulle is nooit getroud nie en Samantha is uit die verhouding gebore. Die verhouding was ook onsuksesvol en Cecile verlaat Collin na 'n tyd. In 1983 ontmoet sy haar huidige man (Dan), maar is eers in 1986 na 'n saamleefverhouding van drie jaar met hom getroud. Een seun (Shaun) is uit die verhouding gebore.


In Figuur 5.1 word 'n genogram aan die leser voorgehou om Cecile se verskillende verhoudings en die gesin se verhoudings weer te gee. Daarna volg 'n uiteensetting en interpretasie van die genogram en die betrokke verhoudings.


Figuur 5.1




80
Chris
76
Joyce
60
Fred
55
Cecile
Eerste huwelik
33
Debra
53
Colin
Saambly verhouding
22
Samantha
56
Dan
Tweede huwelik
18
Shaun

## Uiteensetting en interpretasie van genogram


Egskeiding


Saamwoonpaar


Konflikverhouding


Baie naby verhouding



Syfer in blok/sirkel dui ouderdom van die betokke persoon aan

## 5.3 GESPREKSESSIES

### 5.3.1 GESPREKSESSIE EEN

Die eerste gespreksessie het hoofsaaklik gehandel rondom Cecile se storie en hoekom sy by die navorser vir berading is. Sy het dit duidelik gemaak dat afgesien van haar kollega wat haar verwys het, sy self ook die behoefte daaraan het om met iemand te praat. As inleidend tot haar eerste gesprek met die navorser het Cecile die wens uitgespreek dat haar lewe anders moes wees. Die navorser sou tipies wou weet in watter opsig sy haar lewe anders sou wou hê, maar dit was belangrik om vir eers op die storie se ontwikkeling te fokus. Storie-ontwikkeling nooi mense uit om oor die proses en detail van hulle ondervindings te praat en om dit in 'n bepaalde konteks en in verhouding met ander mense te sien (Freedman & Combs, 1996:131). Afgesien van kontekste, detail en mense in Cecile se storie was die navorser veral geïnteresseerd in die moontlike oortuigings wat Cecile rakende haar unieke storie gehad het. Hierdie fokus op die oortuigings was vir die navorser belangrik, want soos Wright *et al.* (1996:82) dit stel, is dit "the belief about the problem that is the problem".

Vervolgens word Cecile se weergawe van haar dominante storie aan die leser voorgehou:

Cecile het die gesprek begin deur daarop te wys dat daar min rede in haar lewe is om werklik die lewe te geniet en selfs voort te gaan met die lewe. Dit is asof daar geen "fulfilment" in haar lewe is nie. Haar lewe is deurmekaar en soos sy dit gestel het, "seker as gevolg van die foute wat sy regdeur haar lewe gemaak het". Hierdie sogenaamde foute is die feit dat sy buite-egtelik swanger geraak het, sy is geskei van haar eerste man, Fred, en het gou weer in 'n ander verhouding betrokke geraak.

Uit drie verhoudings (waarvan een 'n saamleefverhouding was) is drie kinders gebore. Haar pa het haar na haar buite-egtelike swangerskap verwerp en as volwassene was sy nooit welkom in haar ouerhuis nie. Sy en haar pa het sedert haar buite-egtelike swangerskap uitmekaar begin dryf en het vandag nog 'n baie swak verhouding met mekaar, tot so 'n mate dat daar van tyd tot tyd nog erge konflik tussen hulle voorkom. Sy het hier bygevoeg dat dit so is omdat hy nooit moeite gedoen het om haar probleme te verstaan nie. Sy het egter gemeld dat sy 'n baie goeie verhouding met haar ma het en dat haar ma 'n baie betekenisvolle rol in haar lewe speel. Sy het ook baie verhuis, met die gevolg dat sy haar kinders baie ontwrig het en daar nooit stabiliteit in hulle lewens was nie. Vandag voel sy baie skuldig teenoor haar kinders, veral die oudste twee dogters.

Cecile het verder genoem dat sy spyt is oor haar huwelik met haar huidige man, Dan, omdat sy met hom getrou het om van haar omstandighede waarin sy toe verkeer het weg te kom. Daar bestaan geen kommunikasie tussen hulle nie en hulle is ook nie sielsgenote nie. Daar is baie konflik tussen hulle en hy het haar al verskeie kere fisies aangerand. Sy het eers ongeveer twee jaar gelede uitgevind dat Dan in 'n buite-egtelike verhouding betrokke was en dat uit die verhouding 'n seun gebore is. Sy is ook oortuig dat die buite-egtelike verhouding vir 'n hele aantal jare aan die gang was en dat sy net te naïef was om dit agter te kom. Op die stadium van haar lewe bly sy by hom omdat sy geen ander heenkome het nie. Sy voel dat haar huidige man (Dan) en haar kinders haar verwerp, sy het nie 'n familielewe nie en daar bestaan geen "companionship" in haar huwelik nie. Sy het ook daarvan melding gemaak dat Dan nie eers op haar eerste dogter se troue was nie omdat hy haar en haar kinders baie lankal verwerp het.

Gedurende haar eerste huwelik het sy nie gewerk nie en geld was min. Finansieel het sy en haar destydse man gesukkel. Collin, die man met wie sy in 'n saamleefverhouding betrokke was, was werksku en finansieel het hulle ook nooit die mas opgekom nie. In haar huidige huwelik gee haar man ook baie min finansiële ondersteuning. Hy spandeer sy geld aan drank en motors, en beskou haar en hulle seun net as "parasiete wat hom uitsuig". Finansieel vind sy dit dus moeilik om al haar verpligtinge na te kom en haar seun verwyt haar soms vir die gebrek aan geld.

By haar werk voel sy minderwaardig teenoor haar kollegas en kry nie die nodige respek nie.

Cecile het afgesluit deur te noem dat sy nog net benadeel is haar hele lewe deur. Sy is op soek na iets, maar weet nie heeltemal na wat nie. Sy dink dit is liefde en aanvaarding. Haar lewe is leeg, sy het niks bereik nie en tog is sy seker dat sy tot baie meer in staat is en nog baie uit die lewe kan haal.

**Navorser:** "Cecile, jy het 'n goeie idee van al die dinge wat problematies in jou lewe is, maar hoe beïnvloed dit jou lewe?" (Die vraag is gevra om op die kennis van die probleem en die mag wat dit in haar lewe het te fokus, en om haar storie verder uit te bou.)

Sonder aarseling het Cecile geantwoord dat sy baie alleen voel in haar lewe, sy ervaar nie liefde nie, sy is depressief en gebruik medikasie van tyd tot tyd en sy het 'n sterk behoefte aan aanvaarding.

Sy voel sy word nie waardeer en gerespekteer vir wat sy is, wat sy nog kan doen en wat sy nog kan bydra nie. Volgens haar sien haar kollegas

op haar neer, want sy het net standerd 10 en hulle is professioneel gekwalifiseer.

Sy voel sy het haar identiteit verloor, want sy weet nie wie sy werklik is nie en mense misbruik haar net. Sy is vir niemand belangrik nie. Op 'n stadium het sy selfmoord oorweeg, maar sy kon haar nie so vêr gekry het om tot so 'n daad oor te gaan nie. Sy het egter melding gemaak van haar geloofslewe en dat sy 'n oortuigde Christen is en dat sy weens dié geloofsoortuiging nie kon selfmoord pleeg nie. Sy het ook opgemerk dat haar geloof haar in baie omstandighede deur haar krisisse gedra het.

Die gesprek is afgesluit deurdat die navorser vir Cecile die opdrag gegee het om oor haar lewe na te dink en haar eie storie te skryf, met soveel detail as moontlik. Die doel hiervan is dat Cecile die geleentheid kry om te reflekteer op haar lewe.

#### 5.3.1.1 REFLEKTERING

In die eerste gespreksessie is na Cecile se storie geluister om onder andere 'n breë oorsig van haar dominante storie te kry, asook om die kontekste waarin haar storie afspeel en haar oortuigings te verstaan. Soos vroeër in die studie duidelik geword het (afdeling 2.8.1), is die kliënt in die narratiewe beradingskonteks die outeur van sy/haar spesifieke storie. Die kliënt word dus hier die geleentheid gegee om te praat oor dit waaroor sy gemaklik is en waarvan sy kennis dra. Die navorser is van mening dat heelwat meer inligting omtrent Cecile se dominante storie oftewel haar beperkende narratief na vore sal kom, namate die gesprekke vorder.

Duidelike kontekste wat hier na vore kom, is onder andere die van swak verhoudings op talle gebiede, asook ekonomiese en religieuse kontekste. Oortuigings soos dat mense nie van haar hou nie en sy vir niemand belangrik is nie, kom ook duidelik na vore. Hierdie kontekste, oortuigings en ander detail is moontlike tekens van haar beperkende storie en sal verder ondersoek moet word.

Die kennis wat Cecile uit haar storie kry, is onder andere die sogenaamde foute wat sy gemaak het, haar bydrae tot die ontwrigting van haar kinders, haar huwelik wat probleme het, ander mense se oënskynlike verwerping van haar as mens en haar werksprobleme. Hierdie kennis oefen 'n mag op Cecile uit in dié sin dat sy baie moedeloos is en geen vervulling uit haar lewe kry nie. Behalwe haar godsdiens wil dit vir Cecile voorkom asof daar niks positief in haar lewe is nie.

### 5.3.2 GESPREKSESSIE TWEE

Cecile was nou duidelik meer op haar gemak as tydens die eerste gespreksgeleentheid. Die navorser en Cecile het as inleiding oor alledaagse dinge gesels en Cecile het selfs die vrymoedigheid gehad om stoom af te blaas teenoor van haar kollegas en die rekenaarstelsel wat nie ten volle funksioneer nie. Cecile het ook genoem dat sy begin het om haar storie (wat in die vorige gespreksessie as opdrag deur die navorser aan haar gegee is) te skryf en dat alhoewel dit baie emosie by haar ontlok, sy dit tog die moeite werd gevind het. Die gesprek het verder soos volg verloop:

**Navorser:** "Cecile, jy het heelwat inligting vir my tydens ons vorige gesprek gegee. Ek wonder wat daardie dinge is wat vir jou belangrik is,

waaroor jy vandag wil praat?" Hier is Cecile weereens die geleentheid gegee om uit haar eie verwysingsraamwerk haar eie storie gebaseer op haar kennis daarvan, met die navorser te deel. In die opsig wys Freedman en Combs (1996:96) daarop dat dit belangrik is om vir die kliënt die geleentheid te gee om in detail op sy/haar storie te reflekteer. Deur oor die belangrike dinge te praat, word 'n groter mate van betekenis deur die kliënt vir hom-/haarself uitgebou.

Cecile het aangedui dat daar so baie goed is en dat sy nie heeltemal seker is nie.

**Navorser:** "Wat is daardie goed wat jou onseker maak?"

Cecile het aangedui dat daar baie onopgeloste goed in haar lewe is. Sommige van die kwessies hanteer sy goed en ander minder goed. Dit is asof van die goed "haar nie wil los nie". Sy wou ook weet hoekom al die slegte goed in haar lewe juis met haar gebeur het en dat haar lewe anders moet wees, sodat sy 'n "normale" lewe kan hê.

**Navorser:** "Cecile, as jy dink aan al die onaangename goed in jou lewe of die dinge wat vir jou problematies is, watter naam sal jy daaraan gee?" Na 'n redelike lang stilte het Cecile soos volg geantwoord: "Invasion."

**Navorser:** "Cecile, vertel my van 'invasion' en waar dit begin het."

Cecile wou dadelik weet wat sy alles vir die navorser moes vertel. Sy is gerus gestel deur aan haar te verduidelik dat sy net oor die dinge hoef te praat waaroor sy gemaklik voel. Sy het soos volg op die navorser se vraag gereageer.

Op agtjarige leeftyd is sy gemolesteer deur 'n persoon wat by hulle in die huis gewoon het. Sy is ook verskeie kere as tienerdogter gemolesteer en het nooit die moed gehad om met iemand daaroor te praat nie. Sy het eers later, nadat sy in haar tweede verhouding betrokke was, die saak met haar ma bespreek. Haar lewe is weer "invade" toe 'n persoon net twee maande na haar huwelik met haar eerste man Fred, in 'n verhouding met hom betrokke was. Die persoon het van "buite af" inbreuk op haar huwelik gemaak, net soos die persoon wat haar gemolesteer het van buite af inbreuk gemaak het op haar lewe en totale menswees. Die man met wie sy in 'n saamleefverhouding betrokke was, Collin (hy is die vader van haar tweede dogter, Samantha), het haar eerste dogter gemolesteer. Haar huidige man (Dan) is 'n alkoholis en volgens haar het alkohol hulle lewe tot so 'n mate "invade" dat hulle gesinsverhouding heeltemal verbrokkel het. Haar seun rebelleer teen "alles" en sy vermoed dat hy dwelmmiddels gebruik.

**Navorser:** "Cecile, wat doen 'invasion' aan jou?" Hierdie vraag is deel van die storie-ontwikkeling en is volgens Freedman en Combs (1996:136) 'n betekenisvraag wat kliënte uitnooi om reflekterend inligting aangaande hulle storie en verhouding met hulle storie aan die lig te bring.

Op die vraag was Cecile se antwoord soos volg: Haar lewe kon baie anders gewees het. Vandag is sy verbitterd teenoor die lewe en teenoor mense en sy is bang dat sy of haar kinders weer deur so 'n trauma kan gaan. Sy is ook nog kwaad vir haarself (dit wat sy self gedoen het) en vir ander mense (dit wat hulle aan haar gedoen het). Sy het baie skuldgevoelens, voel minderwaardig teenoor ander mense en dit voel asof haar lewe van haar gesteel is. As gevolg van die probleem

("invasion") kan sy nooit mense weer vertrou nie en het sy sedert sy 'n kind was nie 'n vervulde lewe gehad nie.

Die volgende vraag is toe deur die navorser aan Cecile gestel: "Cecile, as jy al die dinge in totaliteit beskou, wat het 'invasion' tot dusver in jou lewe reggekry?" Hierdie vraag is 'n tipiese betekenisvraag (Freedman & Combs, 1996:136-137) wat mense help om aspekte soos oortuigings, waardes, kennis en motivering uit hulle stories af te lei.

Cecile het soos volg geantwoord: "Invasion het my menswees, my privaatheid en my liggaam van my gesteel."

Die voorgaande antwoord van Cecile is 'n tipiese oortuiging (gebaseer op dit wat met haar gebeur het) wat sy omtrent mense en haar lewe het. Hierdie oortuiging is vir Cecile haar realiteit en sal beslis verder ondersoek word.

**Navorser:** "Wat ondersteun die bestaan van 'invasion' in Cecile se lewe?"
Hierdie vraag is 'n tipiese landskap-van-bewustheid of landskap-van-betekenis-vraag. Volgens Freedman en Combs (1996:98) word die tipe vrae gevra om kliënte te help om betekenis, behoeftes, intensies, oortuigings, verbintenisse, motiverings en waardes te identifiseer wat verband hou met hulle stories.

Cecile het te kenne gegee dat sy al die jare gedink het dat daar iets met haar fout is, want hoekom gebeur die slegte goed met haar. Sy was ook deeglik bewus en is nog steeds daarvan bewus dat sy baie behoeftes het wat onvervuld is en dat sy dalk die behoeftes op "verkeerde" maniere probeer bevredig. Sy is verder van mening dat sy al die tyd van mense afhanklik was om haar gelukkig te maak en dat sy dink dat sy haar eie

geluk te midde van haar omstandighede self moet skep. Sy het toegelaat dat eksterne omstandighede haar lewe beheer. Sy het ook heeltyd weggehardloop en nooit haar probleem ("invasion") gekonfronteer nie.

### 5.3.2.1 REFLEKTERING

Dit is vir die navorser duidelik dat Cecile heelwat nagedink het oor haar lewe. Op navraag van die navorser het sy bevestig dat sy wel aan haar storie begin skryf het en die feit dat Cecile aangedui het dat daar baie "onopgeloste goed" in haar lewe is, is aanduidend hiervan.

In die tweede gespreksgeleentheid is Cecile se storie ook verder ontwikkel. Sy het haar probleme begin eksternaliseer deur vir haar probleme 'n naam te gee, naamlik "invasion". In plaas daarvan dat sy haarself as deel van die probleem sien, word dit nou buite haar geplaas.

Eksternalisering (sien afdeling 1.4.9) help hier om "objektief" na die probleem te kyk en die effek van die probleem, asook die invloede wat die probleem op haar lewe het, te eksploreer. Eksternalisering van die probleem, dit wil sê die skeiding van die probleem van die kliënt, is die kern van narratiewe berading (Freedman & Combs, 1996:47; Freeman & Lobovits, 1997:2). Die feit dat sy haar "invasions", naamlik molestering, 'n derde party in haar huwelik, alkohol en haar seun se gedrag goed verbaliseer, is ook moontlike aanduidings daarvan dat sy haarself begin losmaak van haar probleem. Die navorser maak die afleiding omdat Cecile haarself op 'n vroeër stadium as deel van die probleem gesien het.

Die navorser het insig verkry oor hoe Cecile se gedrag gevorm het deur kennis te neem van haar oortuigings as lense (sien afdeling 3.2.2) waardeur sy na haar wêreld kyk. Dit wil voorkom asof die volgende lense teenwoordig is:

Lens van sosiologie: Volgens die lens is 'n oortuigingsisteem 'n stel verwante aangeleerde idees waartoe die individu verbind is (Wright *et al.,* 1996:25). Die feit dat Cecile die opmerking gemaak het dat sy gedink het dat daar iets met haar fout is, omdat al die slegte goed met haar gebeur, is aanduidend hiervan. Die oortuiging dat iets met haar fout is, het oor 'n lang periode so "volhard" in Cecile se lewe dat dit voorkom asof dit deel van haar disfunksionele storie/beperkende narratief geword het.

Lens van filosofie: Volgens die lens is mense se ondervindings 'n refleksie van hulle realiteit, tot so 'n mate dat hulle oortuigings in hulle realiteit geanker word (Wright *et al.,* 1996:26). Verskonings word dan vir beperkende narratiewe aangevoer om dit te verduidelik. Cecile se ondervinding van al die negatiewe dinge in haar lewe het haar realiteit so gedefinieer dat sy nie anders kan as om te glo dat haar lewe nie kan verbeter nie. In haar geval het "invasion" so 'n houvas op haar, dat dit haar realiteit totaal reflekteer, tot so 'n mate dat sy self daarop wys dat die "goed haar nie wil los nie".

Lens van psigologie: Die lens wys daarop dat hoe groter die bepaalde oortuiging is, hoe meer vorm dit deel van die individu se verwysingsraamwerk en realiteit en hoe moeiliker is dit om die oortuiging te verander (Wright *et al.,* 1996:28). 'n Spesifieke oortuiging van Cecile is dat sy mense nie meer kan vertrou nie as gevolg van die dinge wat met haar gebeur het. Dit blyk dat dié oortuiging groot implikasies inhou vir die dekonstruksie van Cecile se beperkende

narratief, want die oortuiging staan baie sentraal in Cecile se verwysingsraamwerk. Die disfunksionele oortuiging het heel waarskynlik oor 'n lang tydperk ontwikkel en versterk. Dit het egter ander negatiewe invloede in Cecile se lewe, byvoorbeeld in verband met haar verhoudings met ander mense op beide persoonlike vlak en in werksverband. Die navorser sal dus saam met Cecile moet poog om die oortuiging te dekonstrueer en alternatiewe denkwyses te ontdek.

Uit die vorige twee gesprekke het dit duidelik geword dat die lens van spiritualiteit duidelik teenwoordig is. Dit wil egter voorkom asof dié geloofsoortuiging Cecile ondersteun en positief bydra tot die hantering van haar beperkende narratief.

In die voorafgaande gedeelte is Cecile se dominante narratief ondersoek deur op die ondervinding en betekenis wat sy daaraan gee te fokus. Dit is baie belangrik en help die kliënt om haar siening van haarself en die impak van die dominante storie op haar lewe raak te sien, aldus Nicholson (1995:26).

### 5.3.3 GESPREKSESSIE DRIE

In die vorige gespreksgeleentheid het die navorser saam met Cecile insigte bekom rondom haar probleem en ook die oortuigings wat haar probleem ondersteun. Hierdie oortuigings sal egter verder ondersoek moet word en alternatiewe funksionele oortuigings kan ontdek word en in die plek van die ou, uitgediende oortuigings gestel word. Die navorser is egter van mening dat daar verdere eksternalisering van die probleem moet plaasvind, voordat aan die oortuigings aandag gegee kan word. Die gesprek het verder soos volg verloop:

**Navorser**: "Cecile, hoe manifesteer 'invasion' prakties in jou lewe?" Die vraag is gevra met die doel dat Cecile oor die betekenis van "invasion" in haar lewe kan praat en verder haar probleem kan eksternaliseer. Volgens Nicholson (1995:24) is die soort vraag 'n tipiese vraag wat ook die impak van die probleem op die kliënt se lewe probeer vasstel.

Cecile het die volgende genoem:
Sy onttrek haarself aan mense en sal nie die moeite doen om te reageer op ander se uitreiking na haar nie. Daar was dan ook al tye dat sy haar fisies toegesluit het om van mense af weg te kom. Gedurende sulke tye het sy veral waardeloos gevoel.

Dit voel vir haar asof sy alle beheer verloor het oor alles in haar lewe, want sy weet nie hoe om die dinge om haar te hanteer nie.

Dit is veral vir haar belangrik dat mense vir haar moet wys dat hulle van haar hou. As dit nie so was nie, het sy veral neerslagtig gevoel.

Dit is ook vir haar belangrik dat sy 'n "people pleaser" moet wees om mense se goedkeuring te kry.

Cecile het haar antwoord afgesluit deur daarop te wys dat "invasion" 'n spiraal-effek op haar lewe het. Vir ander mense is dit klein, skynbaar onbenullighede, maar die goed ontwikkel tot so 'n mate dat dit later totaal onmoontlik lyk om dit te hanteer. Tipiese voorbeelde wat Cecile op navraag van die navorser gegee het is onder meer die volgende:

Sy is baie agterdogtig en is hoogs krities teenoor mense en hulle redes as hulle haar wil help. Later voel sy skuldig omdat sy hulle goeie bedoelings betwyfel het. Om te kompenseer vir haar skuldgevoelens

teenoor haar kinders probeer sy dit met geld reg te maak wat weer ander negatiewe gevolge het.

Haar swak verhouding met haar pa word dikwels deur haar man en haar seun teen haar gehou as sy hulle aanspreek oor hulle verhoudings wat soms nie haar goedkeuring wegdra nie. Dit het tot gevolg dat sy die meeste van die tyd 'n apologetiese houding teenoor hulle het. Sy voel dan ondergeskik aan hulle evaluasie van haar en dit laat haar meer skuldgevoelens ontwikkel.

**Navorser:** "As 'invasion' so 'n vastrapplek in jou lewe het, hoe neem dit jou lewe oor?" Freedman en Combs (1996:38) wys daarop dat daar 'n onskeibare verband tussen kennis en mag bestaan. Nicholson (1995:27) wys daarop dat in die dekonstruksie van die kliënt se beperkende narratief die tipe vraag ook die betekenis van die kliënt se dominante storie na vore laat kom. Die voorgenoemde vraag is dus deur die navorser gestel om die mag en betekenis van "invasion" in Cecile se lewe te demonstreer deur middel van die kennis wat sy daaroor het.

Cecile het daarop gewys dat "invasion" daartoe bydra dat sy nie meer lus vir die lewe is nie. Sy het soms gevoel dat sy nie meer lus was om selfs kerk toe te gaan nie. Sy spandeer ook nie meer tyd aan haar stokperdjie (tuinmaak) nie en kuier nie meer saam met die vriende wat sy nog as vriende kan beskou nie. Dit voel verder asof sy vir alles wat sy wil doen aan ander 'n verduideliking verskuldig is, asook hulle goedkeuring daarvoor moet kry.

**Navorser:** "Cecile, as 'invasion' nie meer 'n probleem is nie, wat sal anders in jou lewe wees?" Hierdie vraag is gevra met die doel om unieke uitkomste te fasiliteer. Die navorser se siening van unieke

uitkomste sluit ten nouste aan by De Shazer (1993:117) wat daarop wys dat unieke uitkomste nie 'n eenmalige gebeurtenis is nie, dit is eerder uniek in die sin dat dit nie deur die kliënt se dominante storie voorspel kan word nie. Unieke uitkomste impliseer wel gedrag, maar in die praktyk omvat dit die kliënt se breër ondervindings, wat beide gevoel en gedrag insluit.

Op die vraag was Cecile van mening dat daar "companionship" in haar huwelik terug sal wees. Sy is ook van mening dat sy weer mense se respek en aanvaarding sal terugkry, en hulle weer sal kan vertrou. Haar kinders behoort ook meer positief teenoor haar te reageer en haar verhouding met haar kinders sal verbeter.

Cecile het bygevoeg dat as "invasion" onder beheer is, sy sal weet hoe om die negatiewe dinge in haar lewe te hanteer. Die negatiewe dinge wat "invasion" na haar toe bring, sal nie meer 'n houvas op haar hê nie. Op navraag van die navorser wat die negatiewe dinge is, het Cecile na onder meer die volgende verwys: Skuldgevoelens wat sy het, haar swak verhouding met haar pa en ander mense, die feit dat sy haarself onttrek aan ander mense en haar agterdogtigheid en wantroue jeens ander mense.

**Navorser:** "Cecile, hoe sal jy die wêreld wys dat jy 'invasion' onder beheer het?" Die vraag het ten doel gehad om verder op unieke uitkomste te fokus, met ander woorde, 'n toekomsvisie waarbinne sy sal funksioneer sonder die invloed van "invasion".

Op die vraag was Cecile ook baie seker van haar antwoord. Sy het onder meer gesê dat sy haar lewe sal terugneem en in die toekoms vir haarself en haar regte sal opstaan. Sy sal die eise wat aan haar gestel

word beter hanteer, sy sal meer energie hê en sy sal gelukkiger wees. Op haar geestelike vlak sal sy meer "inner peace" hê.

Cecile het ook na haar werksituasie verwys. Sy het genoem dat sy beter by die werk sal presteer, omdat sy meer gefokus sal wees en haar aandag nie onnodig afgelei sal word nie. Dit sal ook nie nodig wees om haarself te "justify" nie.

**Navorser:** "Cecile, jy het so pas aan my verduidelik hoe die wêreld sal sien as jy 'invasion' onder beheer het. Vertel my hoe jy spesifiek teen 'invasion' gaan opstaan en hoe jy aan 'invasion' sal wys dat jy nie daarmee in jou lewe gelukkig is nie." Volgens Freedman en Combs (1996:132) gee vrae wat detail ontwikkel aan mense die geleentheid om aspekte of gebeure wat bydra tot hulle storie en wat vergete is, weer te onthou. Die voorgaande vraag is deur die navorser geformuleer juis met die doel om meer detail te ontwikkel.

Die volgende antwoord het van Cecile gekom:

Sy sal met haar man gaan praat en aan hom verduidelik dat hy haar nooit weer fisies sal aanrand en verkleineer nie. Sy sal hom ook nie verder toelaat om haar lewe te beheer nie en as dit nodig is, sal sy hom verlaat.

Wat haar kinders betref, sal sy vir hulle eerstens vertel dat sy hulle onvoorwaardelik lief het, dat sy baie dinge vir hulle opgeoffer het, maar ook dat sy baie foute gemaak het wat hulle direk geraak het. Sy sal egter wil weet wat sy verkeerd gedoen het. As sy dit weet, is sy bereid om hulle om verskoning te vra, maar dan moet hulle met hulle lewens aangaan. Sy wil seker maak dat sy steeds deel van hulle lewens sal wees.

Probleme by die werk en haar seun se vermoedelike dwelmgebruik gaan sy direk konfronteer. Sy sal graag wil hê dat mense haar moet respekteer sonder om 'n "people pleaser" te wees. Sy het verder melding gemaak dat sy haar ma (met wie sy 'n goeie verhouding het) meer gaan toelaat om in haar lewe 'n rol te speel en vir haar 'n ondersteuningsbasis te wees.

Om die gesprek mee af te sluit, het die navorser aan Cecile gevra om haar storie en hoe sy dit sien denkbeeldig voor te stel. Freedman en Combs (1996:15) wys op die waarde van die gebruik van die metafoor in narratiewe berading. Volgens die skrywers laat die gebruik van metafore kliënte toe om hulle stories uit te brei en te interpreteer en uit 'n ander perspektief te sien. Dit maak dit vir kliënte moontlik om ander realiteite in te sien en ondersteun en versterk hulle alternatiewe stories wat nie deel van hulle dominante storie is nie. Cecile moes 'n rukkie hieroor nadink, maar het baie entoesiasties die volgende voorbeeld gegee:

"Invasion" het haar lewe en baie dinge wat daarmee gepaardgaan van haar gesteel. Sy vergelyk dit met 'n dief wat 'n motor steel en baie skade word in die proses aangerig. Die radio is byvoorbeeld gesteel en van die ander komponente is weg of beskadig. Die motor kan egter nog ry en funksioneel wees, miskien nie meer so doeltreffend nie, maar dit is nog bruikbaar. Net so is Cecile se lewe tans. Daar is goed wat skade gely het, sekere dinge is bloot net weg en alhoewel dit moeilik is, kan sy nog aangaan. En afgesien van al die gebreke in haar lewe, kan dit net soos in die geval van die motor weer reggemaak word. Dit sal nie noodwendig maklik wees nie, maar die moontlikheid bestaan wel. Dit wat met die motor (in Cecile se voorbeeld) en in Cecile se lewe gebeur het, sal altyd daar wees, maar die belangrikste is dat sy in staat is om

nog steeds voort te gaan. Net soos die motor weer gebruik kan word, kan Cecile as mens ook weer vir ander tot nut en seën wees.

Die bogenoemde metafoor was vir die navorser 'n aanduiding daarvan dat Cecile se probleem goed geëksternaliseer is en dat dit duidelik is dat sy haarself nie meer as deel van die probleem sien nie. Dit wil voorkom asof sy ook bewus raak van die mag wat haar dominante storie inhou.

### 5.3.3.1 REFLEKTERING

In gespreksessie drie het die navorser dus verder daarop gefokus om na Cecile se storie te luister en die probleem te eksternaliseer met die doel om Cecile se storie verder te ontwikkel en nog verder te fokus op eksternalisering. Morgan (2000:40) skryf dat dit belangrik is om die invloed van die probleem en die werkswyse daarvan goed te ondersoek, anders kan die kliënt voel daar is nie goed genoeg na hom/haar geluister nie. Dit wil voorkom asof Cecile meer in detail oor haar lewe nadink en asof sy nou eerder op die oplossings begin fokus. Die implikasie van "invasion" in Cecile se lewe het duidelik na vore gekom, asook wat "invasion" in haar lewe tot gevolg gehad het. "Invasion" en wat dit aan Cecile gedoen het, het duidelik na vore gekom as deel van die beperkende narratief in haar lewe.

Die navorser maak verder die afleiding dat Cecile se probleme tot so 'n mate deel van haar lewe geword het, dat dit haar soms isoleer. Om die rede het die navorser vrae so geformuleer dat Cecile weer 'n positiewe toekomsblik kon visualiseer en kon dink hoe dit sal wees om haar lewe onder beheer te hê. Spesifieke aksies wat Cecile kan doen om haar lewe terug te neem, het ook van haar kant af gekom, byvoorbeeld om

haar man te konfronteer oor sy gedrag teenoor haar, haar kinders en hulle verhouding en haar probleme by die werk.

Die metafoor wat Cecile aan die einde van die gesprek gebruik het, naamlik die van die motor wat gesteel en beskadig is (wat sy in haar lewe verongeluk het) en wat weer herstel is, is 'n goeie aanduiding vir die navorser dat Cecile die probleem los van haarself gemaak het. Oor die geheel beskou, wil dit voorkom asof Cecile gedurende die gespreksgeleentheid goeie insig in haar probleem verkry het.

In die voorafgaande twee gespreksessies het die navorser as deel van die dekonstruksie van Cecile se dominante storie heelwat uitgevra oor Cecile se ondervinding en die betekenis wat sy aan haar dominante storie heg: ondervinding in terme van die invloed van haar dominante storie op haar lewe en haar verhoudings, die betekenis wat sy ervaar het in terme van hoe die ondervinding uit haar dominante storie haar beïnvloed het, en die impak wat die probleem op haar lewe het.

### 5.3.4 GESPREKSESSIE VIER

Gespreksessie vier het ten doel om spesifieke unieke uitkomste as deel van Cecile se storie te identifiseer en sodoende haar alternatiewe storie wat nie deel van haar dominante storie is nie, uit te bou. Vrae wat daarop gemik is om unieke uitkomste te identifiseer, nooi mense uit om kennis te neem van aksies en intensies wat nie deel van hulle dominante storie is nie; met ander woorde, dit wat teenstrydig is met die dominante storie (Freedman & Combs; 1996:67; Roth & Epston, 1996:2). Dit verskaf verder ryk en vrugbare bronne vir die ontwikkeling van alternatiewe stories, aldus White en Epston (1990:15). Die navorser is van mening dat die unieke uitkomste ook 'n groot rol te

speel het in die uitdaging van disfunksionele oortuigings waaroor die kliënt moontlik beskik.

Die gesprek sal ook daarop gemik wees om die alternatiewe storie verder te ontwikkel en te versterk. Morgan (2000:74) noem dit "the thickening of the alternative story". Die navorser vind dus meer uit oor die alternatiewe storie, asook oor maniere hoe die kliënt aan die alternatiewe storie kan vashou.

Die gesprek tussen die navorser en Cecile het soos volg verloop:

**Navorser:** "Cecile, was daar tye in jou lewe toe jy teen jou probleme ('invasion') kon opstaan?" Die vraag het ten doel gehad om Cecile te help om 'n nuwe storie en strategieë te ontwikkel wat gebruik kan word om die probleem te hanteer. Die uitgangspunt vir die ontwikkeling van 'n alternatiewe storie is juis die ontdekking deur die kliënt dat hy/sy oor gedragseienskappe beskik wat nie deel van sy/haar dominante /disfunksionele storie is nie (Nicholson, 1995:25).

Cecile het bevestigend geantwoord. Sy het aangedui dat daar sekere tye was wat sy daartoe in staat was om objektief na 'n probleem te kyk. Sy kon dinge gewoonlik beter hanteer en soos sy dit gestel het, was sy ook meer "peaceful", tevrede en vergenoeg met haar lewe, omdat sy gedwing deur haar frustrasies die moed bymekaargeskraap het en 'n situasie aangespreek het. Sy kan ook onthou dat sy op 'n emosionele vlak die eise wat aan haar gestel is beter kon hanteer.

**Navorser:** "Cecile, vertel my wat het uitgestaan gedurende die tyd?"

Cecile het aangedui dat dit so ongeveer 'n jaar na agtien maande gelede was. Sy kon spesifiek die volgende insidente onthou:

In 'n vorige pos wat sy beklee het, het van haar kollegas haar "misbruik" omdat, soos sy dit gestel het, "sy nie op dieselfde vlak" was nie. Sy het haar ongelukkigheid opgekrop tot op 'n dag wat sy besef het 'n emosionele uitbarsting met ander gepaardgaande negatiewe gevolge is op hande indien sy nie iets konstruktief aan die onaanvaarbare gedrag van haar kollegas doen nie. Nadat sy 'n gesprek met haar lynhoof gehad het, is die situasie na 'n personeelvergadering vir bespreking verwys. Sy het haar saak tydens die vergadering gestel en tot haar verbasing het dinge daarna baie verbeter.

Sy het ook tot die besluit gekom dat alhoewel haar man en ander mense haar nie respekteer soos hulle behoort nie, sy nie sal toelaat dat dit haar ontstel nie. Sy het 'n definitiewe keuse uitgeoefen om die beste van elke dag te maak en dat sy alleen verantwoordelik is vir haar geluk. Sy het bygevoeg dat dit somtyds moeilik is en dat sy van tyd tot tyd ander se ondersteuning nodig het.

Voorts het sy besluit om vrede te maak met dit wat sy in haar lewe gedoen het en dit wat met haar gebeur het, asook om dit as deel van die verlede te beskou en as iets wat sy niks meer aan kan doen nie. Sy het verder 'n doelbewuste keuse gemaak om die mense te vergewe wat aan haar pyn besorg en haar benadeel het. Hier het sy na die molestering en na haar vorige twee mislukte verhoudings verwys.

**Navorser:** "Hoekom staan dié ondervinding so duidelik uit?" Die vraag is gevra om Cecile se voorkeur-ondervinding wat deel van die unieke uitkoms is te bevestig (Freedman & Combs, 1996:102), asook die betekenis wat sy aan haar ondervinding heg (Nicholson, 1995:27).

Cecile se antwoord was dat as sy so kan lewe soos sy dit beskryf het, dit die lewe is wat sy graag elke dag sal wil hê en dat dit ook die lewe is wat sy dink sy behoort te hê.

**Navorser**: "Cecile, wat sê dit van jou as jy die situasie so goed kan hanteer?" Nicholson (1995:24) wys daarop dat wanneer unieke uitkomste geïdentifiseer is, dit nodig is dat die kliënt betekenis om die gebeure moet konstrueer.

In die verband het Cecile opgemerk dat sy wel oor die vermoë beskik om haar probleme op een of ander manier te hanteer.

Die navorser was van mening dat die metafoor van die gesteelde motor wat teruggevind en reggemaak is (Cecile se vergelyking as verteenwoordigend van haar lewe ) goed aangewend kan word om die landskap-van-identiteit te ontwikkel. Landskap-van-identiteit-vrae wil meer uitvind oor die betekenis van die unieke uitkomste ten opsigte van die kliënt se wense, verhoudings, persoonlike waardes en motiewe (Morgan, 2000:62). Nuwe kennis van haarself gee haar ook die mag om 'n alternatiewe storie te skryf.

**Navorser:** "Cecile, ons het al gepraat oor die vergelyking wat jy tussen jou eie lewe en 'n gesteelde motor gemaak het. Wat het daartoe bygedra dat jy die motor (Cecile se lewe) teruggekry het en weer kon regmaak?" Om vir die kliënt te vra om meer besonderhede omtrent sy/haar storie te gee, ontwikkel die sogenaamde landskap-van-aksie deur gebeure duidelik en werklik te maak (Freedman & Combs, 1996:96-99; 102;132). Om landskap-van-aksie-vrae te vra, word die kliënt ook gehelp om sy/haar intensies en doelwitte te identifiseer, met ander woorde, die aksies wat die kliënt geneem het of nog kan neem om aan die nuwe storie te werk (Morgan, 2000:60).

Sy het net besluit dat sy genoeg gehad het, dat genoeg van haar gesteel is. Om ander mense in die "driving seat" te laat sit, is verkeerd en as sy haar lewe wil terughê, sal sy self in die "driving seat" moet sit en self haar lewe moet beheer en regmaak.

Cecile het ook daarvan melding gemaak dat om haarself te help en haar lewe in stand te hou, sy onvoorwaardelik op die Here sal moet vertrou en dat sy baie op gebed sal moet staatmaak. Sy het te kenne gegee dat haar geloofslewe baie rigtinggewend is en dat dit al is waaraan sy nog met sekerheid kan vashou. In die proses sal ander mense se aanvaarding ook nie meer vir haar nodig wees nie. Cecile het hier baie duidelik 'n geloofsoortuiging geverbaliseer. Dit is ook duidelik dat die oortuiging baie sterk in haar lewe funksioneer.

**Navorser:** "Cecile, hoe gaan jy in die toekoms seker maak dat 'invasion' nie weer 'n vastrapplek in jou lewe kry nie?" Toekomsgeoriënteerde vrae help die kliënt om 'n tyd te visualiseer wanneer die probleem nie meer bestaan nie (Freedman & Combs, 1996:133). Toekomstige unieke uitkomste wat sodoende geïdentifiseer is, skep 'n nuwe visie van die kliënt se intensies, planne of drome vir sy/haar lewe (Marvel *et al.,* 2000:6) en help sodanige om ondersoek in te stel na 'n lewe vry van die spesifieke probleem (White & Epston, 1990:60).

Cecile het aangedui dat sy nooit weer "invasion" en die negatiewe impak daarvan in haar lewe wil terughê nie en dat sy nou in 'n beter posisie voel om "invasion" (in watter vorm dit ook al na haar kom) te herken en te hanteer. Sy is nou baie meer bewus daarvan dat "invasion" op verskillende maniere na haar toe kan kom. Voorbeelde op navraag van die navorser wat Cecile gegee het, is onder meer die volgende: Haar man se drankprobleem, en die sterk vermoede wat sy het oor haar seun

se dwelmgebruik. Sy sal veral sterk moet staan in haar hantering van probleme en waar dit nodig is, sal sy ferm moet optree en nie swig onder die druk om weer gesien te word as die "ou" Cecile nie.
Cecile het ook hier verwys na 'n boek wat sy gelees het oor visualisering. Om van die slegte dinge ontslae te raak, sal sy haarself sien (visualiseer) in haar "happy room". Sy sal visualiseer dat die kamer vol prente is wat die negatiewe dinge in haar lewe simboliseer. Sy sal egter ook visualiseer hoe sy die prente afhaal en vervang met prente wat vir haar 'n nuwe, meer vervulde lewe simboliseer. In die kamer kan sy ontspanne en sonder probleme wees. Sy sal ook in die kamer weer aan 'n strategie kan dink om haar probleme so suksesvol as moontlik op te los.

Cecile het ook na iemand verwys met wie sy bekend is en wat deur soortgelyke omstandighede as syself gekonfronteer is. Indien die persoon dit moeilik vind om te funksioneer, steek sy 'n kers aan om haar daaraan te herinner dat die lig al die donker in haar lewe uitdoof. Cecile was van mening dat sy baie van die handeling hou en dat sy dit in die toekoms self gaan doen. Sy was van mening dat die handeling op 'n emosionele sowel as op 'n geestelike vlak baie opbouend kan wees.

Op hierdie stadium is die formele gesprek afgesluit.

**5.3.4.1 REFLEKTERING**

In gespreksessie vier het die navorser die gesprek so gefasiliteer om hoofsaaklik te fokus op die ontwikkeling van Cecile se alternatiewe storie. Alternatiewe stories wat nie deur die probleem gedomineer word nie, gee aan die kliënt hoop en die selfvertroue om te glo dat hy/sy die innerlike krag het om sy/haar probleme te hanteer, asook dat daar 'n

alternatiewe manier van lewe is en dat hy/sy die vermoë het om alternatiewe keuses uit te oefen (van Niekerk, 1998:24).

Ten tye van die gesprek het Cecile die unieke uitkomste baie goed verwoord en dit wil voorkom asof die bewuswording daarvan positiewe resultate tot gevolg kan hê. Die mag van die dominante storie wat so deel van haar beperkende narratief is, blyk onder beheer te wees, omdat soos sy dit gestel het, sy nou in 'n beter posisie is om "invasion" te herken en te hanteer. Dit wil verder voorkom asof Cecile nuwe kennis (wat ook mag het) van haar lewe ontdek het wat haar kan help om 'n nuwe storie tot stand te bring. Juis dit wat die proses van dekonstruksie en die identifisering van unieke uitkomste ten doel gehad het. Terugvoer van Cecile is dat sy die nuwe storie oor verskeie aspekte van haar lewe raaksien.

### 5.3.5 GESPREKSESSIE VYF

Gedurende die vorige vier gespreksessies het dit duidelik na vore gekom dat Cecile bepaalde oortuigings het wat 'n impak op haar lewe het. Die navorser wil dus by van Niekerk (1998:24-25) aansluit deur daarop te wys dat met behulp van die navorser/berader die kliënt irrasionele oortuigings moet identifiseer en uitdaag in terme van hulle redelikheid, betroubaarheid en bruikbaarheid. Deur middel van die proses ontwikkel die kliënt 'n meer realistiese en bruikbare perspektief wat hom/haar in staat stel om beter keuses ten opsigte van sy/haar lewe uit te oefen. Gespreksessie vyf fokus uitsluitlik op die oortuigings wat Cecile het.

As inleiding tot die gesprek het die navorser vir Cecile gevra waaroor sy graag gedurende die sessie wil gesels. Cecile het niks spesifiek genoem

nie, maar tog gemeld dat sy voel dat sy baie meer in beheer van haar lewe is. Sy voel ook nie meer so kwaad en verbitterd oor die dinge wat met haar in haar lewe gebeur het nie. Sy het egter bygevoeg dat sy nog steeds sekere sienings omtrent haar situasie het.

Die navorser het die laaste opmerking as 'n geleentheid gesien om as aanknopingspunt te dien om haar oor haar oortuigings uit te vra. Die gesprek het soos volg verloop:

**Navorser:** "Wat het 'invasion' en die gevolge van 'invasion' in jou lewe jou van oortuig?"

Cecile het onder andere verwys na haar vertroue in mense. Die voorgenoemde aspek het sy ook by 'n vorige geleentheid aangeraak. Sy het daarop gesinspeel dat mense deesdae net nie meer vertrou kan word nie, omdat soos sy dit gestel het, hulle vandag in vergelyking met vorige generasies tot so 'n mate verander het dat hulle nie meer respek vir mekaar het nie. Mense skroom ook nie om ander seer te maak en te vernietig nie.

Die navorser is van mening dat die bogenoemde siening 'n kernoortuiging van Cecile is. Volgens Wright *et al.* (1996:43) is kernoortuigings dié oortuigings wat saak maak in ons lewens en bepalend is in ons verhoudings met ander mense en ander betekenisvolle/beduidende gebeurtenisse in ons lewens.

**Navorser:** "Cecile, wat laat jou glo dat mense nie vertrou kan word nie?"

Hier het Cecile weer daarna verwys dat sy en haar een dogter gemolesteer is. Sy het genoem dat mense hulle misbruik het en hoe

kan 'n mens sulke mense vertrou? Baie mense wat sy in haar vertroue geneem het, het ook oor haar persoonlike lewe uitgepraat en haar in die steek gelaat. Sy het ook genoem dat haar man aan haar ontrou was en selfs van haar vriende kan sy nie meer vertrou nie omdat hulle, soos sy dit gestel het, nie eg in hulle verhouding met haar is nie.

**Navorser:** "Cecile, kan jy in elke situasie waarin jy jouself bevind mense nie vertrou nie?" Molden en Parker (2002:45) wys daarop dat een manier om 'n oortuiging te verander, is om die geldigheid daarvan te bevraagteken. As die geldigheid daarvan genoeg bevraagteken word en teenstrydige getuienis word verkry, begin die individu die oortuiging in twyfel trek.

Cecile het aangedui dat dit seker nie so is nie en dat daar wel uitsonderings kan wees: met ander woorde, sekere mense kan wel vertrou word.

**Navorser:** "Was daar 'n tyd toe die oortuiging dat jy mense nie kan vertrou nie, nie van toepassing in jou lewe was nie, of nie waar was nie?" Hierdie vraag is 'n tipiese unieke-uitkomste-vraag.

Cecile het genoem dat sy haar ma onder alle omstandighede en met alle inligting omtrent haar lewe kan vertrou. Sy het verder gemeld dat sy ten volle eerlik met haar ma kan wees, omdat sy haar ten spyte van al haar foute nog nooit veroordeel het nie.

**Navorser:** "Enige ander mense of situasies wat al vir jou gewys het hulle is betroubaar?"

Cecile het verwys na 'n getroude paar met wie sy al baie lank 'n vriendskapsverhouding het. Sy kon nog altyd die mense vertrou het,

omdat hulle haar ook onvoorwaardelik aanvaar en haar nog nooit teleurgestel het wanneer sy hulle nodig gehad het nie. Sy het verder melding gemaak van haar bediende wat volgens haar baie betroubaar is.

**Navorser:** "Wat sê dit van jou gedagte rondom mense wat jy wel kan vertrou?"

Cecile het geantwoord deur te kenne te gee dat daar wel mense is wat sy kan vertrou.

**Navorser:** "Cecile, in watter opsig is die siening wat jy het, of dan jou oortuiging in terme van vertroue in mense, verkeerd?"

Cecile het die vraag beantwoord deur daarop te wys dat sy veralgemeen en in sekere gevalle onregverdig in haar beoordeling van mense is. Sy het egter melding gemaak daarvan dat sy in die verlede baie redes gekry het wat die oortuiging ondersteun.

**Navorser:** "Hoe sal jou lewe wees as jou siening dat jy mense nie kan vertrou nie, nie meer deel van jou is nie?" Die vraag is gevra om binne die bepaalde konteks van Cecile se oortuiging 'n alternatiewe storie te vestig. Freedman en Combs (1996:123; 127-128) wys daarop dat die konteks gebaseerde vrae die landskap-van-aksie, asook bronne om die alternatiewe storie te ondersteun ontwikkel.

Cecile het aangedui dat sy minder veroordelend teenoor mense sal wees. Sy sal ook nie meer so agterdogtig wees nie en nie mense se bedoelings die hele tyd bevraagteken nie. Sy het self te kenne gegee dat sy in die posisie sal wees om mense beter te leer ken, voordat sy waarde-oordelings oor hulle maak.

**Navorser:** "Cecile, kan 'n persoon in een deel/area van sy/haar lewe vertrou word, maar nie in 'n ander area van sy/haar lewe nie?" Die vraag is gevra om Cecile te laat dink oor hoe sy situasies in die toekoms (waar sy twyfel oor mense se betroubaarheid) kan hanteer.

Op hierdie vraag het Cecile bevestigend geantwoord.

**Navorser:** "Kan jy vir my sê hoekom jy 'ja' sê, Cecile?"

Cecile het daarop gewys dat sy mense sal moet leer ken voordat sy aannames omtrent hulle maak. Sy sal ook minder krities moet wees teenoor sommige mense en eers moet uitvind wat hulle bedoelings in 'n bepaalde situasie werklik is. Sy het ook daarop gewys dat haar definisie van betroubaar gekoppel is aan haar eie waardestelsels en dat dit wat met haar gebeur het 'n definitiewe rol hierin speel en daarom baie subjektief van aard is.

**Navorser:** "Hoe gaan jy die inhoud van ons gesprek op jou lewe toepas?"

Cecile het weer na haar man se ontrouheid in hulle huwelik verwys en opgemerk dat sy hom nog steeds moeilik in bepaalde omstandighede kan vertrou. Sy is egter van mening dat hy baie betroubaar in sy werk is, vandaar sy senior posisie waarin hy aangestel is. Sy sal egter uitkyk vir getuienis wat haar sal ondersteun om hom en ander mense te vertrou en om hulle nie onnodig te oordeel nie.

Sy meen egter dat sy meer bemagtig voel om mense wat haar te na sou kom op 'n positiewe manier te konfronteer. Sy is ook verder van

mening dat sy eers haar eie aannames met feite sal toets, voordat sy tot 'n bepaalde gevolgtrekking sal kom.
Die gesprek is hier afgesluit en die navorser het vir Cecile die opdrag gegee om spesifieke situasies te identifiseer waar sy haar oortuigings uitleef ten opsigte van mense en hoe hulle optree en om terugvoer oor haar hantering daarvan gedurende 'n volgende gesprek te gee.

### 5.3.5.1 REFLEKTERING

In gespreksessie vyf het die navorser hoofsaaklik daarop gefokus om aandag te gee aan 'n kernoortuiging van Cecile wat haar beperkende narratief ondersteun. Hierdie kernoortuiging het deurgaans uitgekom, naamlik dat sy mense nie kan vertrou nie.

Die narratiewe beradingsproses was 'n gesamentlike uitdaging van die ou, uitgediende oortuiging en samestelling van 'n nuwe, funksionele oortuiging wat positief kan bydra tot Cecile se lewe. In die verband stel Wright *et al.* (1996:230) dit soos volg: "The co-constructive process engages the therapist and the client in a collaborative effort to uncover the client's strengths, "unfreeze" their beliefs about themselves and to nurture a sense of hope and growth."

Dit wil voorkom asof Cecile sodanig insig en kennis verkry het oor die kernoortuiging wat disfunksioneel deel van haar storie is (dat sy mense nie kan vertrou nie), dat sy self die geldigheid daarvan kan uitdaag. Die positiewe aspek wat Cecile begin insien het, is dat sy wel mense kan vertrou en die navorser is van mening dat sy dié insig baie effektief kan aanwend in die uitleef van 'n nuwe lewenstorie. Positiewe eienskappe/aspekte wat hier na vore gekom het, is dat sy minder

veroordelend, asook minder agterdogtig sal wees en geleenthede sal benut om mense beter te leer ken voordat sy hulle oordeel.

Cecile het ook daarop gewys dat sy 'n vertrouensverhouding op verskillende areas van die lewe sal probeer toepas. Die feit dat sy meer bemagtig voel om mense op 'n positiewe manier te konfronteer om sodoende haar aannames te bevraagteken, is ook 'n baie positiewe teken in Cecile se toekomstige hantering van haar lewe.

### 5.3.6 GESPREKSESSIE SES

Gespreksessie ses het ten doel gehad om inligting te bekom oor die vordering wat Cecile al gemaak het sedert die eerste sessie. Die navorser is ook van mening dat indien Cecile positiewe verandering in haar lewe kon bewerkstellig, verdere sessies nie nodig sou wees nie. Indien Cecile 'n behoefte sou hê aan toekomstige opvolgsessies is dit wel in die vooruitsig gestel.

Gespreksessie ses is egter begin om terugvoer van Cecile te vra oor die opdrag wat sy in die vorige gespreksessie van die navorser ontvang het. Op navraag oor die oortuigings wat Cecile moes bevraagteken, het sy soos volg gereageer:

Die agterdog wat sy teenoor sommige van haar kollegas by die werk koester, blyk in baie gevalle onregverdig te wees. Die meeste van haar kollegas weet min of meer van haar huislike omstandighede en sy glo dat hulle haar net wil help. Sy meen verder dat sy nou verstaan dat alle mense nie dieselfde oor dinge dink nie en dat sy eers ander mense se sienings oor 'n bepaalde aspek moet toets voordat sy 'n waarde-oordeel maak.

Na Cecile se terugvoer het die navorser die kliënt uitgenooi om die waarde wat aan haar lewe deur die loop van die gesprek toegevoeg is te beoordeel aan die hand van die volgende vrae. Deur vrae binne so 'n raamwerk te vra, word die kliënt uitgenooi om onder meer die volgende in te sien:

- Beweging en verandering wat in die kliënt se lewe plaasgevind het.
- Hulpmiddels wat gebruik is en wat nog gebruik kan word.
- Toekomstige voorkeursituasies.
- Wat is die "regte" dinge/aspekte wat die kliënt geïmplementeer het en wat vir die kliënt werk.
- Verdere stappe wat gedoen kan word om in die toekoms haar probleem te kan hanteer. (Navorser se opsomming).

Die gesprek het soos volg verloop:

**Navorser**: "Cecile, watter waarde is toegevoeg tot jou lewe met die gespreksessies wat ons gehad het?" Die vraag is gevra met die doel om vas te stel wat die gesprekke vir Cecile beteken het in die hantering van haar beperkende narratief.

Op die vraag het Cecile geantwoord dat daar heelwat waarde toegevoeg is.

**Navorser**: "Cecile, vertel my wat jou ervaring is."

Cecile het aangedui dat sy baie moedeloos en moeg vir die lewe was voordat die beradingsessies begin het. Tans is sy meer lus om dinge te doen soos om in die tuin te werk en weer saam met mense te wees. Sy maak ook die opmerking dat sy nie meer so geaffekteer word deur die

negatiewe dinge in haar huwelik nie (bv. haar man se drankprobleem). Voorheen het sy paniekerig geraak as sy aan haar probleme gedink het. Nou weet sy dat sy al soortgelyke probleme opgelos het en dat daar oplossings is, al is dit nie voor die hand liggend of maklik nie en al gebeur dit nie dadelik nie.

Sy merk ook op dat sy nie meer so waardeloos voel soos voorheen nie en waar sy voorheen gedink het dat dit beter is om dood te wees, is dié gedagte heeltemal uit haar denkraamwerk. Hier het sy opgemerk dat sy baie opgewonde is om vir haar pa wat tagtig jaar oud word, 'n verjaarsdag-partytjie te reël en die hele familie te nooi. Sy is oortuig daarvan dat sy in die verlede so 'n gebeurtenis maar net verby sou laat gaan het, gegewe hulle swak verhouding met mekaar. Die gesprekke was dus vir haar baie waardevol op verskillende vlakke.

**Navorser:** "Wat het bygedra om jou te help met jou verandering in jou lewe?" Die vraag help kliënte om die bronne te identifiseer wat hulle gehelp het en om te sien wat hulleself gedoen het. Sodoende ontstaan 'n gevoel van eienaarskap van dit wat self vermag is.

Hier het Cecile verwys na die opdrag van die navorser om haar storie te skryf. Sy het melding gemaak dat die skryf van haar eie storie haar gehelp het om haarself te ontdek. Op navraag wat Cecile met "ontdek" bedoel, het sy onder meer verwys na die metafoor van die motor wat beskadig is, maar wat weer heelgemaak is. Sy het verwys na die beradingsgesprekke in die algemeen en ook dat sy nuwe insigte bekom het oor die hele kwessie van om mense te vertrou al dan nie. Cecile het verder daarna verwys dat sy nou aanvaar dat die lewe 'n mens nie altyd billik behandel nie en dat dit die keuse wat jy uitoefen is wat sal bepaal hoe jy dit hanteer.

**Navorser:** "Cecile, hoe kan jy selfs nog beter doen as tans?" Die vraag help die kliënt om klein, maar beduidende tekens van verandering te visualiseer.

Cecile het daarop gewys dat sy 'n balans moet vind tussen haar eie behoeftes en die van ander. Sy moet verder aanvaar wat gebeur het, het oor 'n lang tyd plaasgevind en poog om nie meer dieselfde foute te maak nie. Sy sal van tyd tot tyd reflekteer op haar lewe en haar lewe op haar eie manier (sonder die goedkeuring van ander) lei. Cecile het die volgende metafoor gebruik. Sy het gesê dit is soos om 'n leer te bou waarmee sy uit die gat kan kom waarin sy moontlik nog kan wees.

**Navorser:** "Cecile, wat is tans vir jou 'n aanduiding dat jy jou probleem 'invasion' onder beheer het?"

Sy het genoem dat sy oor die algemeen baie gelukkiger is. Sy sal weer lus wees om aan te gaan met die lewe en dinge te doen. Sy het ook al terugvoer van haar kollegas gekry dat hulle 'n verandering sien en voortgesette terugvoer sal bevestig dat sy beter as voorheen funksioneer. Sy het ook opgemerk dat sy onlangs haar dogter gehelp het om dié se vriendin se onverwagse dood te verwerk: iets wat sy nie vantevore kans voor sou gesien het nie.

**Navorser:** "Is daar tye dat jy ervaar dat jy sukkel om jou probleme te hanteer?"

Cecile het hierop bevestigend geantwoord.

**Navorser:** "Hoe hanteer jy hierdie situasies dan?"

Hier het Cecile weer verwys na haar man se drinkgewoonte wat vir haar onaanvaarbaar is. Sy het ook genoem dat hy haar dan soms

mishandel. Sy het verder gemeld dat daar wel tye is wanneer dit goed gaan. Sy is egter vasbeslote om te bou op die positiewe dinge in hulle verhouding en sy besef dat daar dinge is wat sy nie kan verander nie; haar man sal self aan sy probleme moet werk.

Sy het verder opgemerk dat sy haar in die verlede vir alles wat in hulle verhouding verkeerd gegaan het, geblameer het. Sy het egter nou nuwe insigte en op grond daarvan is sy van mening dat sy in die posisie is om beter keuses ten opsigte van haar lewe te maak. Cecile het ook daarvan melding gemaak dat daar in sekere aspekte van haar lewe (byvoorbeeld haar geloofslewe) positiewe verandering is. Sy meen verder dat terugslae haar waardebepaling van haar vordering kan laat afneem, maar dat sy die vermoë het om weer daaraan te werk om dit te verbeter.

**5.3.6.1 REFLEKTERING**

In gespreksessie ses het die navorser aan die kliënt die geleentheid gegee om te bepaal hoe vêr sy gevorder het in die skryf van 'n nuwe storie sonder die teenwoordigheid van die disfunksionele aspekte in haar lewe.

Dit wil voorkom asof daar positiewe veranderings is wat plaasgevind het en dat daar nog steeds positiewe verandering in haar lewe plaasvind. Dele van die kliënt se disfunksionele storie is nog steeds aanwesig, maar sy is nou in 'n beter posisie om die disfunksionele aspekte aan te spreek op 'n sinvolle wyse wat vir haar werk en sin maak.

Cecile se opmerkings dat sy nie ten alle tye te blameer is vir die probleme nie, dat sy nie meer so geaffekteer word deur die probleme nie

en dat sy nou 'n baie meer positiewe ingesteldheid het om haar probleme die hoof te bied, is 'n teken daarvan dat sy haarself nie meer as deel van haar dominante storie sien nie. Dit het duidelik na vore gekom dat Cecile insien dat sy nie haar omgewing en haar omstandighede altyd sal kan verander nie. Sy sal moet verander om aan te pas en haar disfunksionele storie op ander unieke maniere hanteer. Dit is dus nie wát met haar gebeur wat haar toekoms bepaal nie, maar hoé sy daarteenoor reageer.

Die bogenoemde aspekte toon volgens die navorser duidelik dat die kliënt 'n alternatiewe storie het wat 'n nuwe tydvak in haar lewe verteenwoordig. Hierdie terugvoer van Cecile self bevestig vir die navorser die sukses van die narratiewe beradingsproses.

## 5.4 SAMEVATTING

In hoofstuk vyf is die kliënt en haar storie aan die leser bekend gestel deur middel van haar agtergrond en aanmeldingsprobleem.

Aan die hand van die gespreksessies het die kliënt en die navorser saam ondersoek ingestel na die kliënt se beperkende narratief en oortuigingsraamwerke. Deur middel van narratiewe berading is die beperkende narratief ondersoek en gedekonstrueer. Die kliënt en die navorser het in die proses alternatiewe ontdek. Hierdeur het die kliënt ontslae geraak van haar beperkende narratief wat 'n bepaalde mag oor haar lewe gehad het.

In hoofstuk ses volg 'n oorsig van die studie met spesiale verwysing na die verrekening van die studie se doelwitte.

# HOOFSTUK 6

## SAMEVATTING EN VOORUITSKOUING

### 6.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die doelstellings soos in hoofstuk een uiteengesit, geëvalueer om sodoende te bepaal tot watter mate aan die doelstellings van die navorsing voldoen is. Reflekterende gedagtes aangaande die algemene en spesifieke doelstellings van die studie, die navorsingswerk as geheel asook, moontlike leemtes en aanbevelings, sal aan die leser voorgehou word.

### 6.2 OORSIG VAN DIE STUDIE

In hoofstuk een het die navorser hom ten doel gestel om die leser breedvoerig te oriënteer ten opsigte van die studie. As agtergrond vir die studie is die probleemstelling (naamlik die dekonstruksie van beperkende narratiewe in die lewe van individue) gedokumenteer en daaruit het die doelstelling met spesifieke doelstellings gevolg. Die belangrikste begrippe wat deurgaans in die studie gebruik word, is ook omskryf. Laastens is daar 'n oorsig gegee van die literatuurstudie, navorsingsmetodologie en narratiewe gesprek.

Hoofstuk twee het ten doel gehad om die teoretiese onderbou en perspektiewe met die leser te deel. Die modernisme is beskryf, maar daar is veral aandag gegee aan die postmoderne diskoers wat as onderbou vir die studie deur die navorser verkies is. Die sisteemteorie,

asook die sosiaal konstruktivisme en die ingebedheid van die kliënt is ondersoek.

Die kubernetiese paradigma met spesifieke verwysing na die eerste-orde- en tweede-orde-kubernetiek is aan die leser voorgehou. Die konstruktivistiese paradigma wat as 'n postmoderne paradigma ontwikkel het, het ook aandag geniet. Die sosiale konstruksiediskoers wat gesetel is binne die postmoderne denkraamwerk en vir die navorser 'n werkbare en aanvaarbare epistemologie is, sowel as die belangrikheid van die konteks wat verreken moet word, is aan die leser voorgehou.

Hoofstuk twee is afgesluit met 'n verduideliking van narratiewe as lewensverhale en narratiewe berading: die vertel en hervertel van stories oor mense en hulle probleme, om sodoende hulle ervarings te organiseer en betekenis daaraan te gee.

In hoofstuk drie is breedvoerig verslag gedoen oor die konsep *oortuigingsraamwerk.* Daar is aangetoon dat oortuigings op 'n bewustelike en 'n onbewustelike vlak voorkom, dat dit ons realiteit en dus ons waarheid is, dat dit konteksgebonde is en dat daar 'n sterk verband tussen ons oortuigingsisteem en ons waardes en norme bestaan. Voorts is ook daarop gewys dat oortuigingsisteme ons gevoelsinhoud bepaal en dat dit 'n baie sterk motiveerder van gedrag is.

Oortuigings is aan die leser voorgehou as lense waardeur ons na die wêreld kyk en die ondersoek van dié lense het 'n groot verskeidenheid verduidelikings aan die lig gebring.

Omdat ons nie gevorm word deur die gebeure wat in ons lewens plaasvind nie, maar deur ons oortuigings van wat 'n gebeurtenis beteken, is oortuigings as 'n baie belangrike bydraende faktor tot die disfunksionele storie van die individu beskou. Hierdie oortuigings is dan ook gedurende die beradingsgesprekke ondersoek.

In hoofstuk vier het die navorser sy epistemologiese posisie aan die leser verduidelik. Die epistemologiese posisie van die navorser het aan die lig gebring dat die navorser van kwalitatiewe navorsing gebruik sal maak wat binne die postmoderne denkraamwerk val. Ten slotte is die enkelgeval as 'n studiemetode aan die leser voorgehou.

Vervolgens sal oor hoofstuk vyf verslag gedoen word.

## 6.3 NARRATIEWE GESPREK MET DIE KLIëNT EN VERREKENING VAN DOELWITTE

Die uniekheid van die navorsing lê daarin dat die navorser nie gepoog het om iets te bewys of te bevestig nie, ook nie om spesifieke waarhede te ontdek nie. Die fokus was eerder op die disfunksionele storie van die kliënt. Die navorser het die proses gefasiliteer en die kliënt het die dominante storie gedekonstrueer en alternatiewe daargestel met die oog op 'n nuwe, funksionele, aanvaarbare narratief vir die kliënt. Sodoende is nuwe betekenis vir die kliënt geskep.

Die narratiewe beradingstegniek, waar die fokus op die probleem geplaas word en nie op die persoon wat daardeur geraak word nie, het die weg gebaan om met die kliënt te gesels. In hierdie gesprekke is haar unieke storie en behoeftes aangehoor, en haar beperkende narratief kon onder die vergrootglas geplaas word.

As narratiewe berader het die navorser sy rol gesien as die van 'n fasiliteerder wat 'n veilige omgewing geskep het waarbinne die kliënt haar storie kon vertel en hervertel. Die kliënt is beskou as 'n kenner en kundige van haar eie verhaal, met die vermoë om self haar kennis te verbreed, keuses uit te oefen en 'n alternatiewe storie te skep.

Uit die gesprek het daar baie aspekte na vore gekom wat die kliënt se beperkende narratief ondersteun, maar ter wille van die studie is daar op spesifieke aspekte gekonsentreer om sodoende aan die doelwitte van die studie te voldoen. Die detail van die kliënt se storie en dit waarmee sy gemaklik gevoel het binne die beradingsproses is egter eerbiedig.

'n Deel van die studie se teoretiese onderbou is die sisteemteorie. Binne dié konteks het die navorser nie die kliënt se lewensverhaal as 'n geslote entiteit gesien nie, en is verder gepoog om nie hierdie lewensverhaal uit die navorser se verwysingsraamwerk te interpreteer nie, maar eerder om dit as 'n proses te beskou wat binne 'n groter sisteem ontwikkel. Vanuit die sosiale konstruktivistiese paradigma is die kliënt ook nie in isolasie gesien nie, maar in 'n bepaalde interaksie met haar omgewing, ander mense en in spesifieke kontekste (byvoorbeeld die kontekste van geloof, ekonomie, ens). Sy is beskou as 'n mens wat toenemend deel is van 'n subsisteem wat binne groter sisteme funksioneer (vergelyk hoofstuk twee, afdeling 2.3.2). Die kennis wat die kliënt uit die interaksie met haar omgewing verkry het, byvoorbeeld haar oortuigings, was vir die navorser van besondere belang omdat dié kennis 'n bepaalde mag oor die kliënt uitoefen. Hierdie mag kan positief of negatief wees, maar uit die studie het dit voorgekom of die mag negatief is en daarom tot die kliënt se beperkende narratief bygedra het.

Die impak van die sosiale konstruksiediskoers as teoretiese onderbou van die studie dien ook weereens vermeld te word. Soos reeds na verwys is in hoofstuk twee, afdeling 2.6, het die diskoers 'n groot impak op die berading gehad, en gevolglik het dit tot 'n nuwe manier van terapie/berading gelei. Die sosiale konstruksiediskoers bied ook 'n betekenisvolle epistemologie in terme van berading, omdat kennis en betekenis juis geskep word tydens die interaksie van mense deur middel van taal en kontekste (vergelyk hoofstuk twee, afdeling 2.6). Die volgende aspekte het uit die navorsing na vore getree.

Die bepaalde sosiale omgewing waarin die kliënt haar bevind het en die interaksie wat sy met mense gehad het, het 'n bepaalde invloed op haar lewe gehad, omdat sy soos alle ander mense nie los van haar omgewing staan nie. Die sosiale interaksie van die kliënt met haar omgewing het daartoe gelei dat sy 'n bepaalde kennis van haarself en haar wêreld ontwikkel het. Die kennis wat die kliënt oor haar wêreld het, is dus gebaseer op haar persoonlike konstruksies van dit wat met haar gebeur het. In die geval het sy mense leer ken as onbetroubaar en dat hulle haar in sommige opsigte benadeel het. Hierdie interaksie en die gepaardgaande kennis het dus die kliënt se waarheid geword (vergelyk hoofstuk twee, afdeling 2.6.1).

Binne die narratiewe beradingskonteks het die kliënt haar realiteit afgelei van haar persepsies, observasies en ondervindings wat sy opgebou het in 'n bepaalde konteks en waaraan sy 'n bepaalde betekenis gegee het. Hierdie realiteite van die kliënt word verder onderhou deur middel van spesifieke gebeurtenisse wat deel is van haar storie.

Die kliënt se storie soos aan die navorser meegedeel, is haar belewenis, haar realiteit en daarom haar werklikheid. Dit was dus nie die doel van die berading om die geldigheid van die kliënt se realiteit te toets nie, maar eerder om dit te verstaan en om te deel in die kliënt se persepsies en ervarings. Die navorser het egter gepoog om die kliënt op 'n pad te begelei sodat die kliënt haar realiteite uitdaag en oopstel vir hersiening, met die oog op 'n alternatiewe storie wat daaruit kon voortvloei.

In die navorsing het die navorser noukeurig gelet op die gebruik van taal, soos in hoofstuk twee uiteengesit is. Daar is veral aandag gegee aan die mag wat taal het deurdat dit as beperkend ervaar word, maar terselfdertyd kan bydra tot die kliënt se groei en ontwikkeling, en die skep van 'n nuwe storie soos wat in die vooruitsig gestel is. Die transformasie in die ondervinding van die individu vind op beide die persoonlike en die sosiale vlak, deur middel van taal plaas omdat die betekenis en begrip wat aan gebeure geheg word ook aan die hand van taal geskied.

Die navorser het insigte verkry van onder andere die manier waarop die beperkende narratief 'n invloed op mense se lewens het. Die gesprekke het binne die narratiewe beradingskonteks plaasgevind, waar die kliënt en die navorser saam alternatiewe eksploreer. Uit die kliënt se unieke storie is aspekte afgelei rakende verhoudings (beide beperkende en ondersteunende verhoudings), die kontekste waarin die kliënt se storie afspeel, die kliënt se oortuigingsraamwerke, asook die kennis wat die kliënt van haar lewe het en die mag wat dit uitoefen as deel van haar beperkende narratief.

Daaropeenvolgende beradingsessies het onder andere ten doel gehad om die wyse te eksploreer waarop die beperkende narratief 'n invloed

op die kliënt se lewe het. Deur vir die kliënt die geleentheid te gee om haar storie te ontwikkel, het sy diepere insig ontwikkel in haar beperkende narratief. Deur middel van eksternalisering het die kliënt die probleem as 'n afsonderlike entiteit buite haarself en haar verhouding begin sien. Die kliënt het selfs haar probleem as "invasion" gesien en beskryf wat "invasion" aan haar menswees gedoen het.

Die kliënt het ook 'n alternatiewe storie ontwikkel wat nie deur haar probleem ondersteun word nie en wat verder bygedra het tot die dekonstruksie van haar beperkende narratief.

'n Verdere doelwit waaraan voldoen is in die studie, was om saam met die kliënt ondersoek in te stel na haar oortuigingsraamwerk wat haar beperkende narratief ondersteun en 'n beperkende invloed op haar lewe gehad het. Een van haar kernoortuigings, naamlik dat sy mense nie kon vertrou nie, is gedekonstrueer om sodoende haar siening daarvan te verander.

Aspekte wat uit die beradingsessies na vore getree het en wat ook deur die teoretiese onderbou bevestig word, behels die volgende:

Die oortuigingsisteem van mense is konteksgebonde, dit reguleer ons lewens en dit is die interne standaard waarteen ons dinge (byvoorbeeld dit wat ons glo en doen) meet. Selfs die verwesentliking van ons potensiaal is afhanklik van oortuigings wat in sommige gevalle irrasioneel en beperkend kan wees.

Dit blyk verder dat oortuigings in baie gevalle veralgemenings is wat van bepaalde verwysingsraamwerke afkomstig is en waarvan die

akkuraatheid nie noodwendig deur ons beoordeel word in terme van die volgende nie:

- die bruikbaarheid van die oortuiging,
- hoe ons bemagtig of ontmagtig word,
- hoe ons gekondisioneer word om op 'n sekere manier op te tree,
- hoe dit ons potensiaal beïnvloed en ons verhinder om ten volle te funksioneer en
- die gevolge wat dit vir ons inhou.

Oortuigings kan dus positief of negatief manifesteer in ons lewens, en dit lei tot bepaalde kennis wat ons van sekere aspekte het, wat op sy beurt weer 'n mag oor ons lewe kan uitoefen.

Uit die bogenoemde afleiding het dit duidelik geword dat die kliënt se oortuigingsisteem haar persepsies van onder andere:

- wie sy is,
- waar sy haarself bevind in haar lewe ten tye van die berading,
- waardestelsels wat in haar lewe teenwoordig is,
- wat sy verwag van die wêreld om haar,
- haar eie en ander se siening van haar en
- faktore wat haar lewe beperk het,

baie duidelik gedefinieer het en dat dit 'n sterk invloed op haar storie uitgeoefen het.

## 6.4 SLOTOPMERKINGS

Narratiewe berading het nuwe moontlikhede vir die kliënt asook die navorser geopen. Beide is sensitief gemaak vir die feit dat daar nie net een moontlike storie en een moontlike oplossing vir 'n beperkende narratief is nie.

In dié navorsing is daar ook nie gepoog om antwoorde te verskaf nie, maar uit die postmoderne narratiewe beradingsoogpunt na 'n beperkende narratief te luister met die oog op die konstruksie van 'n alternatiewe storie met 'n ander betekenis in die wete dat dit maar net nog een storie in die lewe van beide die kliënt en die navorser is.

## BIBLIOGRAFIE


ALDISERT, L. 2000. You are what you think you are. *Bank marketing,* 32(12):1-22, Dec.

ANDERSON, H.D. 1991. A collaborative language systems approach. Paper given at Narrative and Psychotherapy conference, Houston. Texas.

ANDERSON, H.D. 1997. Conversation, language and possibilities: a postmodern approach to therapy. New York : Basic Books.

ANDERSON, H. & GOOLISHIAN, H. 1988. Human systems as linguistic systems: preliminary and evolving ideas about the implications for clinical theory. *Family process, 27:371-393.*

BOTHA, A. 1998. Pastoral therapy and extra-marital affairs: a narrative approach. Pretoria: UNISA. (Dissertation-D. TH.)

BECVAR, D.S. & BECVAR, R.J. 1996. Family therapy. A systematic integration. Boston : Allyn and Bacon.

BROOKS, P. 1984. Reading for the plot: design and interaction in narrative. New York : Random House.

BRUNER, E. 1986. Ethnography as narrative. (*In* Turner, V. en. Bruner S.E. *eds.* The anthropology of experience. Chicago : University of Illinois Press. p.139-155.)

BRUNER, J. 1991. The narrative construction of reality. *Critical inquiry, 18:1-21.*

CARDWELL, M. 1996. The complete A-Z psychology handbook. London: Hodder & Stoughton.

CAMPBELL. D., DRAPER, R., & CRUTCHLEY, E. 1996. The Milan sytemic approach to family therapy. (*In* Gurman, A.S. & D. Kniskern, D.P. *eds.* Handbook of family therapy (Vol.2). New York : Brunner/Mazel. p. 325-362.)

CHANG, J. & PHILLIPS, M. 1993. Michael White and Steve de Shazer: New directions in family therapy. (*In* Gilligan, S. and Price, R. *eds.* 1993. Therapeutic conversation. New York : Norton. p. 95-111.)

CECCHIN, G., LANE, G., & RAY, W.A. 1994. Influence, effect and meaning systems. *Journal of systemic therapies, 13(4): 13-21.*

CHEUNG, M. 1997. Social construction theory and the Satir model: Towards a synthesis. *American journal of family therapy, 25(4): 331-343.*

CONSTANTINE, M.G. & ERICKSON, C.D. 1998. Examining social constructions in vocational counseling: Implications for multicultural counseling competency. *Counseling psychology quarterly, 11(2):189-199.*

COTTONE, R.R. 2001. A social constructivism model of ethical decision making in counseling. *Journal of counseling and development, 79(1):1-10, Winter.*

DE SHAZER, S. 1993. Therapeutic conversations. New York : Norton.

DOAN, R.E. 1997. Narrative therapy, postmodernism, social constructionism and constructivism: discussions and distinctions. *Transactional analysis journal,* 27(2):128-133, April.

DURRHEIM, K. 1997. Social constructionism, discourse and psychology. *South African journal of psychology, 27(3):175-182, Sept.*

DU TOIT, C.W. 1997. Fin de siec and the development of a post–secular religion: intimations from the Truth and Reconciliation Commission. *Religie en teologie, 4(1):2-20.*

EFRAN, J.S. & LUKENS, M.D. 1990. Language, structure and change. New York : Norton.

EPSTON, D. 1998. Catching up with David Epston: a collection of narrative practice-based papers. Adelaide : Dulwich Centre Publications.

FREEDMAN, J. & COMBS, G. 1996. Narrative therapy: the social construction of preferred realities. New York : Norton.

FREEMAN, J., EPSTON, D. & LOBOVITS, D. 1997. Playful approaches to serious problems: narrative therapy with children and their families. New York : Norton.

FREEMAN, J. & LOBOVITS, D. 1997. About narrative therapy with children. [Web:] http:/www.narrativeapproaches.com narrative papers folder/narrative-therapy.htm-[Datum van gebruik 8 September 2003].

FRENCH, W.L. & BELL, C.H. 1990. Organizational development: behavioral science interventions for organization improvement. Englewood Cliffs, N.J.: Prentice-Hall.

GERGEN, K.J. 1985. The social constructionist movement in modern psychology. *American Psychologist, 40:266-275, Mar.*

GERGEN, K.J. 1991. The saturated self: dilemmas of identity in contemporary life. New York : Basic Books.

GERGEN, K.J. 1992. The postmodern adventure. The *family therapy Networker, 52 & 56-57, Nov./Dec.*

GERGEN, K.J. 1994. Realities and relationships: soundings in social construction. London : Harvard University Press.

GLADDING. S.T. 1998. Family therapy. theory and practice. Ohio: Prentice-Hall.

GOLDENBERG, I. & GOLDENBERG, H. 1996. Family therapy: an overview. Los Angeles/Cole Publishing Co.

GENOT, S. 1996. Narrative theory, postmodernism and the self. Pretoria : UNISA. (Dissertation-D.Lt.)(Unpublished)

HALL, A.D. & FAGEN, R.E. 1975. Definition of System. (*In* Ruben, B.D. & Kim, J.Y. *eds.* General system theory and human communication. Rochelle Park, N.J : Hayden. p. 52-65.)

HARE-MUSTIN, R. 1994. Discourses in the mirrored room: a postmodern analysis of therapy. *Family process, 33,19-35.*

HEVERN, V.W. 1998. Philosophical perspectives. [Web:] http://maple.lemoyne.edu/hevern/narpsych.htm [Datum van gebruik:10 April 2002].

HOFFMAN, L. 1988. A constructivist position for family therapy. *The Irish journal of psychology, 9:110-129.*

HOFFMAN, L. 1990. Constructing realities: an art of lenses. *Family process*, 29(1):1-12

HOFFMAN, L. 1996. A reflective stance for family therapy. (*In* Mc Namee, S. & Gergen, K.J., *eds.* Therapy as social construction. London: Sage Publications. p. 7-24.)

HOWARTH, D. 2000. Discourse. Buckingham : Open University.

HUYSAMEN, G.K. 1993. Metodologie vir die sosiale en gedragswetenskappe. Halfweghuis : Southern.

JESSOR, R., COLBY, A. & SHWEDER, R.A. 1996. Ethnography and human development: context and meaning in social inquiry. Chicago : Chicago Press.

JOHNSON, W.D. 1997. Reaching out: interpersonal effectiveness and self-actualisation. Boston : Allyn and Bacon.

JORDAAN, W.J. & JORDAAN, J.J. 1987. Mens in konteks. Johannesburg : Lexicon.

KNIGHT, S. 1995. NLP at Work: the difference that makes a difference in business. London : Nicholas Brealey Publishing.
KOTZE, D.J. 1992. Verantwoordelikheid as antropologiese essensie. Pretoria: UP.(Proefskrif.-D.D.).(Ongepubliseerd)

KOTZé, E. 1995. The social construction of a family therapy training programme. Johannesburg : RAU. (Proefskrif-D.Litt.et Phil.).

KOTZé, E. & KOTZE, D.J. 1997. Social constrution as a postmodern discourse: an epistomology for conversational therapeutic practice. Acta theologica, 17(1):27-50.

LAX, W.D. 1996. Postmodern thinking in a clinical practice. (*In* McNamee, S. & Gergen, K.J., *eds.* Therapy as social construction. London: Sage Publications. p.69-85.)

LOUW, D.A. & EDWARDS, D.J.A. 1993. Sielkunde: 'n inleiding vir studente in Suider-Afrika. Johannesburg : Lexicon. .

LOWE, R. 1991. Postmodern scenes and therapeutic practices: notes toward the definition of family therapy; Part 2 *Dulwich Centre newsletter, 3:41-52.*

LYDDON, W.J. en SCHREINER, G. 2000. Postmodernism and Psychology. [Web:] http://www.aleteia.it/complexity/article4.htm [Datum van gebruik 20 Maart 2003.].

LYDDON, W.J. & WEILL, R. 1997. Cognitive psychotherapy and postmodernism: emerging themes and challenges. *Journal of cognitive psychotherapy, 11:75-90.*

LYNCH, G. 1997. Therapeutic theory and social context: a social constructionist perspective. *British journal of guidance and counseling, 25(1):1-30.*

MACREADY, T. 1997. Conversations for change: counseling and consultation from a social constructionist perspective. *Educational psychology in practice, 13(2):130-134.*

MARSHALL, C. & ROSSMAN, G.B. 1995. Designing qualitative research. Lodon : Sage.

MARVEL, C.D., HUSKEY, T., LERNER, D. & THURLOW, R. 2000. A field guide to narrative therapy methods. [Web:] http://www.socialworkonline.com/narrative.htm [Datum van gebruik 02 April 2002].

MASON, J. 1996. Qualitative researching. London : Sage.

MCNAMEE, S. 1996. Psychotherapy as a social construction. (*In* Rosen, H. en Kuehlwein, K.T., *eds.* Constructing realities: meaning-making perspectives for psychotherapists. San Francisco : JosseyBass. p.115-137.)

MOLDEN, D. 2001. NLP Business masterclass. London : Prentice Hall.

MOLDEN, D. & PARKER, D. 2002. Beat your goals: the definitive guide to personal succes. London : Prentice Hall.

MONK, G. & WINSLADE, J. 1996. Narrative therapy in practice: the archaeology of hope. San Francisco : Jossey-Bass Publishers.

MONK, G., WINSLADE, J., CROCKET, K. & EPSTON, D. 1997. Narrative therapy in practice: the archaelogy of hope. San Francisco : Jossey-Bass.

MORGAN, A. 2000. What is narrative therapy? an easy-to-read introduction. Adelaide: Dulwich Centre Publications.

NEIMEYER, R.A. 1998. Social construction in the counseling context. *Counselling-Psychology-Quarterly, 11(2)135-149.*

NICHOLSON, S. 1995. The narrative dance: a practice map for White's therapy. *The Australian and New Zealand journal of family therapy, 16(1):23-28.*

NICOL, A. 1996. Musiek as deel van 'n ko-terapeutiese proses. Pretoria: UNISA. (SKRIPSIE-MA.)

NICHOLS, W.C. & EVERETTE, C.A. 1986. Systemic family therapy: an integrated approach. New York : Guilford.

O'HANLON, B. 1994. The third wave. *Networker:* 19-29, Nov./Dec.

OSBECK, L.M. 1993. *Theory and psychology, 3(3):337-349.*

PARKER, I. 1999: Deconstructive psychotherapy. London : Sage.

PAUW, A. 1997. Die benutting van die enkelgevalstudiemetode in Suid – Afrika. Bloemfontein : UOVS. (Skripsie-M.A.)

PARRY, A. & DOAN, R.E. 1994. Story re-visions: narrative therapy in the postmodern world. New York : Guilford.

PLUG, C., MEYER, W.F., LOUW, D.A. & GOUWS, L.A. 1993. Psigologiewoordeboek. Johannesburg : Lexicon.

POCOCK, D. 1995. Postmodern chic: postmodern critique. [Web:] http://www.poey.demon.co.uk/ [Datum van gebruik: 13 Okt. 2003].

POLKINGHORNE, D.E. 1988. Narrative knowing and the human sciences. New York : State University of New York.

POTGIETER, R. 2000. Beraad met kinders: 'n narratiewe ondersoek binne die sosiologie. Vanderbijlpark : P.U. vir C.H.O. (Skripsie-MA)

RICHARDS, P.S. & BERGIN, A.E. 1997. A spiritual strategy for counseling and psychotherapy. Washington, DC : American Psychological Association.

RITZER, G. 1992. Contemporary sociological theory. New York : McGraw-Hill.

ROBBINS, A. 1997. Awaken the gaint within. London : Simon & Schuster.

ROSEN, H. 1996. Meaning-making narratives: foundations for constructivists and social constructionist psychotherapies. (*In* Rosen, H. en Kuehlwein, K.T., *eds.* Constructing realities: meaning-making perspectives for psychotherapists. San Francisco : Jossey-Bass.p.3-51.)

ROTH, S. & EPSTON, D. 1996. Developing externalizing conversations: an exercise. *Journal of systemic therapies, 15:5-12, Spring.*

ROUX, J.P. 1996. Die ontwikkeling van 'n pastoraal-terapeutiese toerustingsprogram vir lidmate: 'n narratiewe benadering. Bloemfontein: UOVS. (Proefskrif-Phd.)

SEXTON, T.L. & GRIFFIN, B.L. 1997. Constructivist thinking in counseling practice, research and training. New York : Norton.

SOAL, J. & KOTTLER, A. 1996. Damaged, deficient or determined? Deconstructing narratives in family therapy. *South Afrcan journal of psychology, 26(3):123-134.*

SLUZKI, C.E. 1992. Transformations: a blueprint for narrative changes in therapy. *Family process, 31:217-230.*

SWANEPOEL, W.J. 1999. Dekonstruksie en rekonstruksie van verhoudingsprobleme in die werksomgewing. Potchefstroom : P.U. vir C.H.O. (Skripsie-MA)

SWEEN, E. 1998. The one-minute question: what is narrative therapy? Some working answers. *Gecko: A journal of deconstruction and narrative ideas in therapeutic practice, 2:3-6.*

TAGGART, S.R. 1994. Living as if: belief systems in mental health practice. San Francisco : Jossey-Bass.

TRAD, P.V. 1992. Is the narrative a reliable method for conducting psychotherapy? *American journal of psychotherapy, XLVI(2):159-161, Apr.*

VAN HEERDEN, P.R. 1999. Die navorsingsproses. (Lesing gelewer op 2 Oktober 1999 as deel van die kursus M. A. Huweliks- en gesinsberaad aan die P.U. vir C.H.O. Vanderbijlpark. (Ongepubliseer).

VAN HEERDEN, P. R. 2001. Sosiale konstruksiediskoers. (Lesing gelewer op 10 Maart 2001 as deel van die kursus M. A. Huweliks-en gesinsberaad aan die P.U. vir C.H.O. Vanderbijlpark. (Ongepubliseer).

VAN NIEKERK, M. 1998. Monster busting: assisting children with emotional difficulties. Pretoria : Unisa Press.

VEENMAN, W & EICHHORST, S. 2000. Dare to succeed. Wandsbeck : Reach Publishers.

WATKINS, J.M. & MOHR, B.J. 2001. Appreciative inquiry: change at the speed of imagination. San Francisco : Jossey-Bass.

WHITE, M. 1991. Deconstruction and therapy. *Dulwich Centre newsletter, 3, 21-40.*

WHITE, M. 1993. Commentary: the histories of the present. (*In* Gilligan, S. & Price, R. *eds.* Therapeutic conversations. New York : Norton. p. 121-135.)

WHITE, M. & EPSTON, D. 1990. Narrative means to therapeutic ends. New York : Norton.

WILLIG, C. 1999. Applied discourse analysis. Social and phychological intervention. London : Open University Press.

WINSLADE, J. & SMITH, L. 1997. Countering alcoholic narratives. (*In* Monk, G., Winslade, J., Crocket, K. en Epston, D., *eds* Narrative therapy in practice. San Francisco : Jossey-Bass. p. 158-192.)

WRIGHT, L.M., WATSON, W.L. & BELL, J.M. 1996. Beliefs: The heart of healing in families and illness. New York : Basic Books.

ZIMMERMAN, J.L. & DICKERSON, V. 1994. Using a narrative metaphor: implications for theory and clinical practice. *Family process*, 33,233-246.

ZUKAV, G. 1979. The dancing wu li masters: an overview of the new physics. New York : Morrow.